# TYDSKRIF VIR LETTERKUNDE

JAARGANG 4 NOMMER 2

Digitized by the Internet Archive
in 2017 with funding from
University of Pretoria, Library Services

https://archive.org/details/tydskrifvirlette00uns_moa

# Tydskrif vir Letterkunde

KWARTAALBLAD VAN

DIE AFRIKAANSE SKRYWERSKRING

*Redakteur:*

C. M. VAN DEN HEEVER

*Letterkundige Adviseurs:*

D. F. Malherbe, H. A. Fagan, P. C. Schoonees,

F. J. Eybers en W. A. de Klerk.

JOHANNESBURG

1954

JUNIE 1954

JAARGANG 4 : NOMMER 2

INTEKENGELD: 20/- (posvry)

Los nommers in die handel: 6/- per eksemplaar

*Uitgegee deur*

Die Afrikaanse Skrywerskring

*Administrasie en Redaksie:*

Professor Abel Coetzee, Posbus 1176, Johannesburg

# *Inhoud*


| | *Bladsy* |
|---|---|
| HORA EST, Abel Coetzee | 1 |
| GEDIG, D. F. MALHERBE | 14 |
| HUIS VAN HET GELUK, Antoon Coolen | 15 |
| GEDIG, W. van Heerden | 24 |
| DIE BOERSEUN VAN MANTUA, T. J. Haarhoff | 26 |
| HOTNOSLIEDJIES, Everwyn Wessels | 40 |
| TANTE REBELLA-SAGE, C. R. Prance | 42 |
| GEDIG, M. Mok | 51 |
| OOR DIE LITERÊRE BEGRIP „SIMBOLISME", Wilfried de Pauw | 53 |
| GEDIGTE, A. Alberts | 58 |
| 'N PROBLEEM VAN DIE AFRIKAANSE LITERATUURGESKIEDENIS, E. Lindeberg | 59 |
| GEDIGTE, Amand Simoens | 63 |
| HERFS, D. F. Malherbe | 65 |
| GEDIGTE, Adèle Naudé | 74 |
| DIE EINDELOSE PAD, André P. Brink | 75 |
| GEDIG, Vincent van der Westhuizen | 84 |
| IETS OMTRENT DIE OORLEWERING VAN DIE BASOETO, Minnie Postma | 85 |
| UIT DIE TYDSKRIFTE | 92 |
| NUWE AFRIKAANSE BOEKE | 94 |


*Afdrukke:* ABEL COETZEE
D. F. MALHERBE

# *Hora Est*

## ABEL COETZEE

Die uur is daar.

Soos soveel keer te vore het die lotsuur vir ons weer aangebreek, die uur waarin beslissings gemaak moet word wat die lotgevalle van ons volk sal bepaal vir tientalle, vir honderde jare . . . of vir altyd.

Van daardie gedenkwaardige dag in 1657 af toe Jan van Riebeeck aan die eerste groepie manne en vroue die reg en vryheid toegestaan het om grond in besit te neem aan die suidpunt van Afrika en dit te bewerk en te benut vir eie belang, van daardie gedenkwaardige dag af woed daar onverpoosd 'n stryd tussen die gees van selfstandigheid en van kolonialisme. Enersyds het ons die gees van die aangroeiende aantal manne en vroue wat hier vir die eerste keer weer volledige vryheid van die knellende bande van armoede, oorbevolking, gevestigde belange en die onderhorigheid aan haas nog middeleeuse instellings in hulle stamlande ervaar het, die gees van manne en vroue wat uit eie krag en op eie gesag van dag tot dag en soms van uur tot uur beslissings moes vel ten einde staande te bly as vrymanne in hulle nuwe tuiste. Die stryd het nie net gegaan teen inboorlinggroepe nie, maar ook teen die onbekende natuur, die onbekende landsomstandighede waar alles van die vreemde hemel anders was as in hulle Europese stamlande.

Andersyds het ons die gees van die middeleeuse feodalisme wat tot aan hierdie verre kuste sy verteenwoordigers gehad het en wat moes sorg dat nuwe gebiede slegs ten bate van die ou stamlande aangewend moes word. In die nuwe sou alles onderhorig gehou moes word aan die belange van die ou moederland. Vandaar dat dit nodig geag was om van meer as sesduisend myl ver af strenge toesig te hou oor elke spyker wat in die nuwe gebiede ingeslaan moes word. Bestuur was uit, vir en deur die belanghebbende groepe in die ou stamlande.

Dat dit so moes wees, kan mens goed begryp, want as jy al die spykers wat nodig mag wees, moet voorsien, het jy seker ook die reg om te sê hoe die spykers gebruik moet word. Tog is dit moontlik om te bewys dat die bewindvoering van elders af nie altyd ewe streng ten bate van die moederland was nie, en dis ook nodig om vas te stel

dat geen vryman hier staande kon bly sonder die wakende toesig en belangstelling uit die stamland nie.

Maar, soos telkens blyk uit al die tydperke van ons geskiedenis en uit die ervaring van alle lande en mensegroepe op aarde, is die belange van die ander-man en die man-ter-plase omtrent nooit eners nie, met die gevolg dat daar gedurigdeur botsings en wrywings plaasvind. Wie seëvierend uit hierdie botsings sal tree, hang af deels van getalsterkte maar grotendeels van die wurggreep wat die een op die ander kan toepas. Die kwaaiste wurggreep is ongetwyfeld die sogenoemde „ekonomiese sanksies" — wat geensins so 'n nuwe begrip is as wat sy modernistiese naam wil te kenne gee nie. Die moederland kan die kolonie se lewensbelangrike voorrade inkort: wapens, werktuie, vakmanne, kapitaal. En as die plaaslike manne nie hierdie wurggreep kan verbreek nie, is hulle liedjie uit.

Na mate die gees van selfstandigheid, die bewuswording van eie krag en die begeerte om die eie belange te beskerm, sterker word, na dié mate sal die botsings tussen kolonialisme en selfstandigheid toeneem in erns, omvang en frekwensie, en dit sal geleidelik uitbrei totdat die hele gebied van die geestes-, handels-, nywerheids- en bestuurslewe daarby betrokke is.

En dit is presies die geskiedenis van die blanke beskawing in Suid-Afrika, en weldra sal dit blyk dat dit ook die geskiedenis is en sal wees van die Bantoebeskawing.

Telkemale sien ons die belange van dié groep wat Suid-Afrika blywend as hulle enigste tuiste aanvaar, bots met die belange van die „vreemde" bewindhebbers. Of dit nou al 'n botsing is tussen die koloniste en Willem Adriaan, en of dit nou al die Graaff-Reinetters en Swellendammers is wat die geleentheid aangryp om die eie seggenskap te grondves, en of dit nou al lord Charles Somerset is of sir Harry Smith, of Stockenström, of sir Theophilus Shepstone of Starr Jameson of die Randse Reformers, of die Natalse Provinsiale Raad, die Natalse Rugbybond of die Witwatersrandse Landbouvereniging, orals en altyd bly dit uitings van dieselfde botsing: die botsing tussen die groeiende gees van plaaslike selfstandigheid met die ou empaaiergees of die gees van feodale kolonialisme waar die moederland die kolonies blywend wil bly besit en benut.

Net soos die feodale kolonialisme telkemale sy voorstanders en handige amptenare kon vind om die groei van die eie hier te lande aan bande te lê, net so kon die gees van selfstandigwording telkemale in die lotsuur die man

vind waaromheen die kragte van die eie volkse saamgebind kon word tot 'n hegte borswering. Hulle name staan vandag soos godgegewe glanspunte in die verlede van ons volk: Henning Huising en Adam Tas, Hendrik Bibault, Adriaan van Jaarsveld, Piet Retief, Gerrit Maritz, Frederik Bezuidenhoudt, Johanna Smit, Jacobus Uys, Sarel Cilliers, Potgieter, Pretorius, Paul Kruger, Marthinus Steyn, James Barry Munnik Hertzog — om ons maar te bepaal by die verlede.

Dit maak ook nie saak agter watter handige voorwendsel die feodale kolonialisme tydelik skuilgegaan het nie, laat dit nou wees sulke skoonklinkende doelstellings soos handelsmonopolie, verdediging van die seeroete na Indië, die vestiging van bandiete elders, die hervestiging van oortollige bevolkingsgroepe in die oorsese geweste, diamantrapery, goudkwessies, stemreg, die vrystelling van slawe, die uitroeiing van die „laaste spore van 'n middeleeuse herrenvolk", die „vryheid van denke en van godsdiens", die redding van „demokratiese" instellings, die beskerming van inboorlingvolke teen onderdrukkende slawerny, „menseregte" en die duisend-en-een maskers meer wat van tyd tot tyd voorgehang word om te dien as skans, altyd en te alle tye kan mens naderhand weer daardie ou-ou botsing tussen feodalisme en nasionale selfstandigwording uitken.

Goddank, nog altyd in die verlede van ons volk, as die lotsuur daar was, was ook die godgegewe man daar en tot nog toe was die sluimerende volkskrag nog altyd ruim voldoende om na 'n tydperk van teenslae, seëvierend te herrys en ons volk koersvas die toekoms te laat betree.

* * *

Ons staan weer in die lotsuur.

Vanuit ons eie land word die wêreldmening teen ons geskaar met halwe waarhede en met 'n geslepe uitbuiting van die onkunde wat elders heers oor ons landstoestande en die omstandighede waarin bepaalde verwikkelings plaasvind. Ons aanskou vir die tweede keer binne menseheugenis dat deur middel van 'n handige manipulasie van propaganda ons land binne in die versameling van volke afgesonder en geïsoleer word.

Ons merk hoe dat 'n evangeliese groep vir die opleiding van hulle leraars sorgvuldig kwekelinge uitsoek met Afrikaanse vanne maar wat self geen enkele Afrikaanse A voor 'n B kan sê nie.

Ons merk hoe dat op rassegrondslag georganiseer word teen die Afrikaanssprekende volksdeel.

Ons merk hoe dat Afrikaans bestry word in sport-, handels- en bestuurskringe.

Ons merk hoe dat die oorgelewerde Afrikaanse lewenshouding op elke lewensterrein deur anderstalige koerante en tydskrifte as belaglik voorgestel word asof dit ouderwets, kleinlik en baatsugtig is.

Ons merk hoe dat Afrikaanse kinders gelok word na anderstalige kleuterskole om dáár te begin met 'n ontwortelingsproses.

Ons merk hoe dat sekere koerante hulle toespits op 'n Bantoe-leserskring en die indruk probeer vestig dat die Afrikaner die agterlike en veragtelike verdrukker en uitbuiter van die Bantoe is.

Ons merk hoe dat die emosionele beeld ingeskerp word dat Afrikaans as taal magteloos, onstabiel en armelik is, slegs die taaltjie van armsaliges en armoediges van gees, en slegs gepraat deur diegenes wat gekant is teen alle vooruitgang, teen alle vryheid van die wetenskap en van die enkeling, en wat hunker slegs na die sewentiende-eeuse rus en onkunde en weivelde wat oorlaai is met wildsbokke wat net maar gejag moet word om verseker te wees van 'n oorvloedige luilekkerbestaan.

Kortom, ons merk 'n verbete aanval op alles wat Afrikaans is.

* * *

Nou moet mens jou nie die houding laat aanvryf dat Afrikaans-wees dieselfde beteken as agterlik of die uiterste graad van behoudendheid nie. Afrikaans-wees beteken 'n bepaalde geesteshouding, beteken die uitlewing van 'n bepaalde kultuur wat die uitvloeisel is van 'n bepaalde volksaard. Maar volksaard en volkskultuur is nie onveranderlike hoeveelhede nie, want kultuur is lewe, is voortdurende woeling, gisting, nuwe skepping, verval, opbou. Kultuur is — omdat dit lewe veronderstel — 'n voortdurende proses van aanpassing van die oue by die nuwe, 'n vrugbare wisselwerking tussen wat was en wat is en waaruit voortspruit dit wat sal wees. Waar hierdie groei van die nuwe uit die oue nie ongedwonge en op natuurlike wyse plaasvind nie, daar het ons geen kultuur meer nie maar chaos, want kultuur veronderstel ordelikheid. En waar chaos verskyn, seëvier die gelykmakende internasionalisme — die tydelike masker wat die ou feodale kolonialisme of empaaiergees in ons land aanwend as skerm.

Die volkskultuur word nie bedreig deur opvoeding en onderwys en wetenskap en kennis nie. Inteendeel: dit word juis daardeur gevoed en versterk en gebou. Wat wel die volkskultuur ondergrawe en uiteindelik vernietig, is dat die onderwys gegrond moet wees op minagting vir die oue en 'n aanblasing van die opvatting dat slegs die nuwe saligmakend werk. Ons het dit in ons eie volkslewe sien gebeur dat 'n ou, genoegsame opvoedingstelsel, met die Bybel as grondslag, vervang is deur 'n vervlakkende wetenskaplike wysgerigheid dat die aarde draai — en dit was nie meer opvoeding nie, maar onderwys wat meegedeel is in dorpskole met die kindertjies saamgehok in koshuise ver van die plase af. Die gevolg? — 'n geslag van eensames en volksvreemdes wat tog terughunker na die stamverbande. Pas in ons eie tyd weer begin ons eie volkse opvoeders opnuut die grondslae van ons „onderwys" ondersoek met die oog op die behoeftes van die volkslewe. Net so het ons 'n stelsel van staats- en stadsbestuur ingevoer gekry wat mag deug in 'n land met 'n homogene volkskultuur, maar wat in 'n land met veelvuldige kulture en ongelyke rassegroepe aanleiding moet gee tot allerlei onnodige spannings.

Deur die volkse, wat op eie bodem gegroei het met die verloop van tyd, opsy te skuif as minderwaardig, as natuurlik die mindere van die vreemde, ingevoerde, skep ons geen gelukkige volkslewe met gelukkige enkelinge nie, maar ons skep klowe in die volkslewe en in die gees van die volksmens wat uitloop op die nare gespletenheid van siel met dubbele vaderlandsliefde en opstand van die groepe teen mekaar wat lei tot oorlopende gestigte vir sielsiekes en gevangenisse wat geen ruimte meer bied nie.

Dis nie kernfisika wat die volkskultuur bedreig nie, maar die halfgaar, halfgoor geesteshouding wat daaruit voortspruit dat ons natuurwetenskaplikes nou op enige oomblik dalk in staat sal wees om lewe in 'n proefbuis te voorskyn te roep en daardeur die bewys sal lewer dat daar geen God is of kán wees nie — slegs 'n meganiese beginsel van twee of meer atome wat saam verenig om lewe voort te bring. Dis nie wetenskap wat die volkskultuur en die volksmens bedreig nie, maar die houding van die halfgebakte skyngeleerde dat iets waarvan mens die bewys nie in 'n proefbuis of op 'n toetsbaan kan lewer nie, nie bestaan nie, absoluut nie kan bestaan nie. Grondliggend is hier die gebrek aan piëteit, die gebrek aan agting vir die bekende sowel as vir die onbekende, wat oorslaan tot minagting vir die volkskultuur.

Die uur is daar.

As mens jou oë oopmaak om te kyk, sien jy die strydwaens van jou belagers slaggereed opgestel om die tuiste van jou volk.

Maar dan merk jy tot jou ontsteltenis, dat daar onder jou bekampers ook mense is wat aan jou eie kant geskaar moes gewees het. Hier doel ek op drie, vier verskillende groepe persone wat hulle beweeg of probeer beweeg op die hoogste vlakke van die volk se geestelike lewe, en wat dus aan die bron besig is om die water te vertroebel.

In die omstandighede waarin ons volk verkeer — duisende der duisende myl ver verwyder van die bakermat van ons soort, ons stamlande, ons naaste eiesoortige bure, en van die kragbronne van ons kultuurvorm, ons beskawing en ons godsdiens — is dit saak om kultuurbande heg te hou en gesond en om te sorg dat geestesbande tussen ons en ons Europese stam op geen manier onderbreek word nie. Dáárdie bande tussen ons, Nederland en België was wel daar tot voor kort gelede. Toe het die optrede van een Nederlander die bande tussen Suid-Afrika en Nederland dermate benadeel dat ons so byna in 'n broedertwis beland het as daar nie gelukkig nog ewewigtige manne aan weerskante aan die roer gestaan het nie.

Met die Belge het ons nog altyd besonder goed oor die bult gekom, waarskynlik omdat ons albei die bitterheid van 'n kultuur- en politieke stryd ervaar het. Maar ook hierdie verhouding word bedreig deur die optrede van een man, 'n jong geleerde uit België, wat hom onder ons kom vestig het, en van wie ons veel verwag het. Baie gou het hy die kant gaan kies van die groepie van ons volksgenote wat — weer met die slagspreuk van die „internasionale peil" in hulle vaandel — die stryd gaan aanknoop het teen ons sogenoemde Calvinistiese kleinburgerlikheid, ons sewentiende-eeuse behoudendheid en gebrek aan smaak op kunsgebied en wat binne enkele jare ons hele letterkunde bykans weg „geherwaardeer" het. Ek verwys hier na dr. Rob. Antonissen, van Grahamstad, wat hom reeds soveel skamper opmerkings oor ons letterkunde geoorloof het, dat hy tans volkome alle betekenis as kritikus in ons land ingeboet het, maar wat nou ook die mantel gaan omhang het van die inligter van sy eie volk. So is daar byvoorbeeld van hom in die jongste aflewering van *Dietsche Warande en Belfort* (1954/2) 'n kroniek van die Suid-Afrikaanse letterkunde wat, op die resep van Jan Greshoff 'n toonbeeld is van hooghartigheid, eensydigheid en letterkundige stik-

sienigheid. Want ook hy prys by sy landgenote slegs dié dinge aan as groot en goed wat hy met sy Europese agtergrond kan begryp, en daardeur word hy opnuut 'n voorstander van die ou meerderwaardige kolonialisme teenoor die landseie wat hier gegroei het.

Vir die tuismark het hy in die jongste aflewering van *Ons Eie Boek* (XX/1) 'n uiteensetting vir hoërskoolleerlinge van *Die Sprinkaanbeampte van Sluis,* waarin hy 'n heroïese poging aanwend om te waardeer, en tog onmagtig nie verder kom as 'n uitwendige ontleding nie; die wese van Jochem van Bruggen se prosakuns gaan aan hom verby. Gelyktydig daarmee, en nog steeds vir die tuismark, verskyn in *Standpunte* (VIII/3) 'n opstel waarvan 'n deel deur Antonissen gewy word aan die (jongste) digkuns van S. Ign. Mocke, met 'n inleidende paragraaf wat, kortom, daarop neerkom dat hierdie digter 'n letterkundige papegaai is — nie 'n „epigoon" nie, maar 'n „eggo", „wat nie kan ontkom aan die klank van beter digters" as hy self nie. „Minstens in 'n deel van sy werk word hy slegs wéérklank van die veelsoortige geluide om hom heen. Verwonderlik sal dit intussen nie wees nie dat ook die eggo nog 'n eie voorkoms het. Die weergalm is nou eenmaal nie die galm self nie." En na aanleiding van Mocke se jongste bundel gaan Antonissen aanteken, hier en daar: „Vry na Krige", en hierdie afdeling van sy opstel sluit hy af met dié van wanhoop sprekende sin: „Maar ja: Krige... Krige..." Ek glo Krige sal self wel een van die eerstes wees om dit as letterkundig onwaar en uit die lug gegryp te bestempel.

Nogal 'n aardige lysie aanklagtes wat ons teen hierdie jong geleerde opstel: eensydigheid, onvermoë, moedswilligheid. Ons het so stadigaan geleer om diwigasies maar te verdra so lank as dit moet. Maar sal hulle nie daar in sy tuisland naderhand 'n ewe verwronge beeld van ons letterkunde kry as wat soms en in sommige kringe bokant die Moerdyk gangbaar is nie? Sal hulle nie 'n uil vir 'n kuiken aansien nie?

* * *

Ons het nog 'n klompie nuwe apostels van die kolonialisme onder ons. Wyle Sagmoedige Neelsie het hulle in die jare her bestempel as „Dietse Sappe", wat na hulle „Groot Trek" oorsee met allerlei opvattings by ons kom pronk. As karakterisering sou ek hierdie klompie ook nog wou noem die „Manne-van-een-gedig". Dit het naamlik stilaan gewoonte geword vir jong Afrikaanse geleerdes om in

Nederland te gaan promoveer op die ontleding van één gedig. Laat ek maar onomwonde verklaar dat ek 'n voorstander is van die opvatting dat jong geleerdes en gevorderde studente hulle studie in die buiteland sal voortsit, en vir die Afrikaanse wetenskap op alle gebiede is dit van besondere betekenis dat 'n aantal van ons wetenskaplikes rypheid bereik het aan universiteite in die Nederlande. Aan die proefskrifte kry die buitewêreld naderhand die geleentheid om die deeglikheid van hulle wetenskaplike vorming in die buiteland te oordeel. Hierdie groepie manne-van-een-gedig, waarvan die geledere nog aangevul gaan word, is besig om met hierdie manier van wetenskap beoefen een van die ernstigste knoue te besorg aan 'n wetenskaplike verhouding tussen Nederland en Suid-Afrika wat tot dusver vir ons net die heilsaamste uitwerking gehad het.

Een van die manne-van-een-gedig, dr. C. J. M. Nienaber, begaan in *Ons Eie Boek* (XX/1) 'n resensie oor *Die Uur van Verlange,* van Willem de Klerk. Hierdie resensie staan in die teken van die volgende doelstelling: „Juis omdat 'n *Afrikaanse* roman op die peil van *Die Uur van Verlange* sal kan reken op 'n simpatieke leserspubliek — en talle herdrukke sal kan beleef — is dit nodig om uit die staanspoor te waak teen oorskatting"! Dan gaan hy heen en wy 'n resensie van 'n volle bladsy aan elke moontlike gebrek in die genoemde roman, soseer dat jy naderhand glo dat die man 'n ander boek bespreek as die werk van Willem de Klerk wat jy wel gelees en gewaardeer het en wat toevallig dieselfde titel dra! Dit is die suiwerste Dietse sappery! Maar nou, vir die grap, gaan soek ons dwarsdeur die hele aflewering van *Ons Eie Boek* na één enkele woord van afkeuring wat deur dr. C. J. M. Nienaber uitgespreek word oor die hele gemors van „Afrikaanse" romans wat in oplae van duisende in bepaalde kringe verslind word, en ons konstateer dat dr. C. J. M. Nienaber daaroor swyg soos die graf. Hier het mens die metode van die manne-van-een-gedig: Die treffendste, werklik verdienstelike roman van een van die jongeres moet met neerbuigende beterwetery vernietig word. Dit kan dalk voorgeskryf word of in die smaak van die groot publiek val en talle herdrukke beleef, en wat word dan van ons Afrikaanse leserspubliek se smaak vir kruiekos? Nee, hierdie deel van die leserspubliek moet tog asseblief nie aan sulke veredelende — of is dit in hierdie geval smaakbederwende? — invloede blootgestel word nie. Die snert . . . lank lewe die snert! Wat vir ons

goed is, is ook kleinburgerlik, Calvinisties bekrompe, benede die „internasionale" peil. Daarom: maak die boek vroegtydig dood, dit val dalk in die smaak!

Die nugterdenkende mens vra hom af: Is dit onkunde of net maar magteloosheid wat hier aan die woord is?

In dieselfde aflewering van *Ons Eie Boek* voer nog 'n man-van-een-gedig die woord oor die werk van een van ons erkende kunstenaars. T. T. Cloete lewer 'n bespreking van D. F. Malherbe se *Die Boerprofeet*. Ook hier het ons 'n toon van neerbuigende beterwetery. Wat mens hinder in dié groepie manne se optrede, is die grondliggende gebrek aan piëteit — 'n uitvloeisel van die verbete woede om die Afrikaanse letterkunde te „herwaardeer". Aan hierdie vriend net 'n enkele woord: D. F. Malherbe se kuns is deur Malherbe se tydgenote en geestelike gelykes self veel beter gepeil in sy gebreke èn sy verdienstes as waartoe letterkundiges-van-een-gedig klaarblyklik in staat is. Toe Cloete en sy manne nog nie eers letterkundige babas was nie, het Malherbe al baie verdienstelike werk gelewer vir die opbou van 'n Afrikaanse letterkunde. Die minste wat ons van hierdie letterkundige voorligters vra, is dat hulle aan 'n gryse kunstenaar, wat sy beste reeds gelewer het, dieselfde piëteit sal betoon as aan hulle eie letterkundige hoëpriesters. Soos ek hierdie manne ken, sal hulle nou dadelik op hol sit met die opvatting dat piëteit ons — volgens hierdie maatstaf — moet weerhou van die waarheid. „Wat moet nou word van letterkundige waardes? Kritiek moet slegs die kuns dien om die kuns self!" Ek antwoord: Die manne van hierdie skool sit kritiekloos, letterkundig bevange, waar hulle die werk van hulle kliek moet beoordeel; in sulke kritieke dreun dit gewoonlik van adjektiwiese bewondering: „internasionaal groot, die beste, suiwerste, magtige epos . . . !" Maar, so sê ons manne-van-een-gedig, piëteit teenoor die „magtiges" van ons volk vloei spontaan! Daarop antwoord ek: Juis!

* * *

Die uur is daar, die lotsuur waarin groot dinge vir die Afrikaanse kultuur beslis sal word, want ons belagers staan slaggereed opgestel.

Sekerlik een van die ergste gevaartekens vir die gesonde instandhouding van die Afrikaanse volkskultuur in al sy lae en op alle lewensterreine is die verval van ons harde, eerlike kritiek, wat bewerk word deur twee faktore. Enersyds het ons die verskynsel dat die teenstanders van

Afrikaans die hebbelikheid aangekweek het om elke greintjie ongunstige uitlating oor die Afrikaanse kultuur, op watter terrein ook al, netjies uit sy verband te lig, dit te ontdoen van alle omringende bykomstighede en omstandighede wat oorspronklik daaraan 'n spesifieke karakter verleen, om dit dan uiteindelik met basuingeskal en vetletter-opskrifte wyd en syd wêreldkundig te maak as 'n vernietigende oordeel op al wat Afrikaans is. Sodoende wek hulle die skyn dat die Afrikaners en hulle kultuur agterlik is, bekrompe, kleinsielig, hopeloos ouderwets, onverdraagsaam, eng, ondemokraties en alle ander ongure karaktereienskappe waaraan mens maar kan dink. Voortgaande wek hulle die indruk dat hulle self die wagters is op Sionsmure en dat hulle die bose spul so doeltreffend onthul dat mens nou te enigertyd die ineenstorting van hulle wêreldjie kan verwag. Die verdere uitwerking is dat elke Afrikaner, waarvan die gelugte mening dusdanig verdraai is, daarna onder verdenking kom by sy eie mense dat hy renegaat geword het. Die ongelukkige uitwerking daarvan is dat elke reggeaarde Afrikaner in 'n geesteshouding ingedwing word van: „My volk, reg of verkeerd . . . maar my volk!" Geen volksman — laat hom nou wees uit watter land ter wêreld — laat sy eerlike bedenkings oor misstande vertolk as verdoemende veroordeling van sy eie mense nie. Hier het ons te doen met 'n fyn ontwikkelde „inlegkunde" — die kuns om betekenisse in 'n ander man se woorde in te vertolk. Sodoende word jy gaandeweg op die verdediging geplaas en, heeltemal negatief, word jy oplaas iemand wat ook die gebreke van jou volk goedpraat. Sodoende word die volksprofete tot 'n norse stilswye gedwing en al wat laakbaar is, tier ongestraf voort in die volkslewe. So kry die vyande van Afrikaans die geleentheid om te sê: „Ha, kyk wat is onder julle Afrikaners aan die gang! En nog erger: geen enkele Afrikaanse leier verhef sy stem daarteen nie!" Dié ding werk al in die rondte met 'n dodelike ophopende krag, wat ons slegs kan verbreek deur doelbewus koers te kies en rotsvas koers te hou, d.w.s. deur positief-bouend op te tree i.p.v. negatief-verdedigend. Slegs deur genadeloos-eerlike kritiek, waardig maar onverskrokke uitgespreek, kan ons aan die gevaar ontkom dat daar in ons volkslewe chaos geskep sal word deur gebrek aan oordeel. Want juis dáárop wag ons belagers nog: dat ons gesonde oordeel gans-en-al sal verdwyn en ons weerloos laat omdat ons nie die goeie van die slegte sal kan onderskei nie, nie vriend van vyand sal kan onderken nie,

nie meer sal weet wanneer ons ons koers van Afrikaanswees kwyt is nie.

Andersyds word die verval van ons kritiek bewerk deur ons eie volksgenote. In enige land en in enige volk is daar altyd manne wat hoër wil vlieg as wat hulle vlerke lank is. In 'n land met 'n eensoortige bevolking is dit egter nie 'n ernstige gevaar nie, want die perke van hulle begaafdhede stel gou genoeg 'n grens aan hulle opgang. In 'n land met veelsoortige bevolking is dit egter dodelik, want sonder dat hulle daarvan bewus is, word hierdie soort man handig nader gehaal, hy word in gevalle van kultuurbotsing deur die teenparty op sy rug geklop, al gou word hy opgedirk tot groot held van die vooruitgang, demokrasie, menslike vryhede en verligting. Hulle soort se skimpende briewe op hulle eie mense word smaakvol opgedis in die vyandsblaaie, en soos 'n aap stap hulle rond met 'n goue ring. Sodoende word die skyn allerweë gewek dat ons hier te doen het met gróót manne. Inderwaarheid het ons slegs strooipoppe, kleigodjies — maskers wat tydelik deur die teenparty voorgehang word as borswering. Maar die kleigodjies besef self nie die feit dat hulle besig is met die teenparty se verwoestingswerk onder hulle eie volksgenote nie. Totdat die dag aanbreek dat die kleigodjies selfstandig wil optree en 'n eie persoonlikheid wil openbaar. Dan stort hulle kaartehuis inmekaar. Maar intussen, vóór die ineenstorting, het die ou kolonialisme of empaaiergees reeds gerieflik 'n ander masker gevind om voor te hang totdat ook die nuwe masker op sy beurt weer nutteloos sal word omdat die nugtere kritiese oordeel dit deurskou.

En so bly ons aan die gang, salig onbewus van die feit dat kliekvorming in die volkslewe noodwendig moet uitloop op die verwarring van ewewigtige oordeel, waardeur die ondergang van die volkskultuur bereik sal word.

* * *

Die uur is daar waarin ons ons geledere moet sluit. As jy jou oë oopmaak en om jou heen kyk, dan skok daar 'n besef in jou wakker dat 'n titaniese mag aan die werk gestel is om die Afrikaanse kultuur te probeer aangryp juis op die kragpunte wat in die verlede gegeld het as die hoekstene van sy bestaan: sektariese en anderstalige verbrokkeling tree te voorskyn in ons geloofslewe; huwelikstrou en geslagskuisheid word uit alle mag aangeval; piëteit teenoor oueres en meerderes word uitgejou as ouderwetse, middeleeuse oorleefsels, en kinders en studente probeer wette voorskryf aan die landsbestuur; geestelike

minderes sit dikwels op die kruispaaie en is onmagtig om leiding te gee; hardnekkige pogings word onverpoosd geloods teen die stewigste pleganker van die Afrikaanse kultuur, t.w. die Afrikaanse taal; die Afrikaner se gevoel en oortuiging van Godgeroepenheid en bygevolg sy oortuiging dat hy trots kan wees op sy eie, aparte wesensaard, word onderwerp aan wêrelddruk en wêreldminagting en die Afrikaner as kultuursoort word verguis en gehoon deur selfs die kultuuragterlikes; stoflike besit heers op die troon van maatskaplike erkenning; menige Afrikaanse tydskrif en boek word — op uitlandse model en op internasionale ingewing — verlaag tot die peil van varkenskos wat weldra die lesers soos Gadareense swyne in 'n see van ontugtige volkslewe sal laat versink.

Die uur is daar waarin die Afrikaanse kultuur die kwaaiste vuurproef van alle tye moet deurmaak en waarin die draers van dié kultuur opnuut deur die smeltkroes moet gaan om te toets of dit 'n kultuur is wat lewenskrag het en 'n reg van bestaan in 'n wêreld waarin alle geestelike waardes skynbaar aan die wankel is.

Die uur is daar waarin ons die regverdiging sal aanskou, of andersins, van die stelsel geestelike waardes wat ons nog altyd fier bestempel het met die naam: die Afrikaanse kultuur.

Dit was vir my nodig om my opvattings skerp en ondubbelsinnig te stel, nie uit negatiewe angs of beklemming nie, maar in 'n poging om deur te dring tot die wortels van sake. Oor die hele verwikkeling voel ek nogal nie swaarmoedig nie. 'n Kwart eeu gelede, ja, daar in 1929 het alles beroerd gelyk en sienderoë het Afrikaans agteruitgeboer, soseer dat die Afrikaanse beweging net nog 'n taalbeweging was. Vandag is die hele aanskyn van sake anders, die Afrikaanse golfslag het verbreed en ons lewer stryd op elke lewensterrein. Maar juis daarom is die toestand ernstiger omdat daar soveel meer op die spel is, en dit sou bitter bitter jammer wees as ons die wins van 'n menseleeftyd moet inboet net omdat party van ons nie weet waarom die hele stryd gaan nie.

Die tyd en die gees van Afrika veg nog altyd aan ons kant. Ek dink daaraan dat verskeie groepe uit die Nederlande en Neder-Duitsland tot eenheid saamgevoeg is wat kort daarna in staat was om die Franse Hugenote te verwelkom en op te neem. Daarna het telkemale weer nuwe groepe gekom, en hulle is mettertyd vrugbaar opgeneem in die Afrikaanse kultuureenheid. Na 'n anderhalf eeu sien

ABEL COETZEE, WAT VIR TWINTIG JAAR SEKRETARIS VAN DIE AFRIKAANSE SKRYWERSKRING WAS.

ons 'n nuwe kultuurgroep met 'n nuwe kultuurgedagte aan die Kaap verskyn; hulle taal, Engels, word ook ampstaal, en van nou af sien ons 'n ware taal- en kultuurstryd. Ons beleef die Groot Trek, die instroming van diamant- en goudsoekers, twee Vryheidsoorloë, Rebellie, nywerheidsontwikkeling. Telkemale kom lotsure, en soms lyk dit of Afrikaans gedoem is tot uitdelging, soms of dit gaan oorwin, d.w.s. weer eens die ander nie-Afrikaanse groepe in hom gaan opneem.

Tans dui alles daarop dat Afrikaans besig is om 'n oorwegende posisie in te neem. Die grootste deel van die blanke bevolking is Afrikaansprekend en hulle getalle was nog daagliks aan. Maar juis hierdie groeiende oorwig van Afrikaans lok magtige verset uit, nie op georganiseerde grondslag nie, maar spontaan. En die teenstanders van Afrikaans wend alle middels aan waarvan hulle weet; niks is verbode nie. Tans verkeer ons in dié tydstip waarin alle losstaande weerstand teen Afrikaans saamgesnoer kan word in een groot, laaste, krampagtige poging om die oorwig van Afrikaans ongedaan te maak op elke lewensterrein. En dit kan heel maklik ons noodlotsuur word, van ons en ons kultuur en ons beskawingsvorm.

En omdat die uur van beslissing weer vir ons aangebreek het, is die uur daar om ons geledere te sluit. Ons het die krag en verstand en liefde van elke Afrikaanse volksmens aan Afrikaanse volkskant nodig. Ons het eerlike, nugtere oordeel in liefde nodig om swak plekke in ons borswering aan te toon sodat dit vroegtydig herstel kan word en sterk gemaak word teen indringing. Ons veg langs 'n ganse volksfront en wie in hierdie stryd nie vir ons is nie, is teen ons. Die eerbiedlose skending van ons volkskultuur deur allerhande volksvreemde standaarde is net so verderflik as die verkleinering deur kwaadwilliges wat buite die volksverband staan.

Die uur is daar. Ons gaan dit met vertroue tegemoet, rustig in die wete dat wat van ons gaan word, afhang van ons self, maar bowe al van ons Skepper.

# D. F. Malherbe

## DIE HOU

Die hou was swaar en dof, die klip soos lood;
sy oog oop-styf soos 'n verysde kuil;
daarnaas die altaarrook, 'n bewende suil
waar Kaïn verskrik staar op die vreemde dood.

Dit was mos nie sy hand nie, God, dit was
die klip wat daar gerus en roerloos lê
en wat vir hom g'n stomme woord wil sê
waarom die bloed so druppel oor die gras . . .

Toe word sy hart benoud van sorge en vrees
wat hy moet dra al swerwend, bittere las:
die klip, die bloed wat druppel oor die gras
en ewe vars na duisend jaar sal wees.

En toe die son vir laas die veld oor kyk,
het die wind se hand 'n stille hoof bestryk.

# Huis van het Geluk

ANTOON COOLEN

De achterkant van hun huis kende ik al enige jaren: een blinde muur met een kleine schuurdeur. Het dak, half riet, half pannen, kende ik ook heel goed: in de zomer en de herfst ligt er het roomwit op van een overvloedige bruidsluier, die langs de lange zijgevel groeit. Van die zijgevel kan ik hier voor mijn venster weinig zien: er staat te veel hakhout op de bermen van de akkertjes, die liggen voor de achterkant van het huis. Die akkertjes en velden en weiden zijn het landschap voor mijn raam, heel op de achtergrond daarvan ligt het boerenhuis. De voorgevel, kort net als de achtergevel, zie ik nooit, — ja toch, ik heb hem wel eens gezien, toen ik er onbescheiden langs wandelde over het donker overlommerd wegje, dat tusschen deze voorgevel en de tuin van een vroeger klooster ligt, een klein park met hoge bomen. Door de open voordeur van het huis kon ik binnenkijken, het was er helder en proper en toen zag ik de jonge vrouw, die er toen woonde, met het kind. Zij hield het in haar armen en zong het toe met gesloten ogen en zacht lachend, en daar ging zij zó in op, dat zij niet eens merkte, hoe ik, vóór ik weer doorliep, even draalde aan haar deur,— zo ging zij op in haar moederweelde. Ja, dacht ik, dit huis heb ik nu al jaren van uit de verte aan de achterkant gezien, met bruidsluier op het dak en met sneeuw op het dak, dan stijgt de rook uit de schoorsteen tegen de donkere boswand van de oude kloostertuin, ik zie hier de winter tot de lente ontdooien, woudduiven vliegen uit de bomen van de tuin op en hebben hun lange kringvluchten over de velden en rond dit huis, en ik heb het altijd het huis van de vrede genoemd, het huis van het geluk. Dat was een soort spelletje van mij.

Wat wist ik van de bewoners van dit huis, die ik van voor mijn venster somtijds zag op hun veldje, in hun kleine wei, — die wei, waarin eerst maar één koe stond en waarin ik er later drie zag grazen? Het zou mij weinig moeite gekost hebben om te weten te komen, hoe die mensen heetten, die hier woonden, het kostte mij eerder

moeite en allerlei ontwijken, om er onkundig van te blijven in een dorp waar iedereen iedereen kent. Maar ik sprak met niemand over de mensen in dat huis, dat behoorde bij het verbeeldingsspel, dat het geluk en de vrede hier moesten wonen. Ja, dat was een aards geluk, een warm en innig en gezegend geluk, maar ik kan nauwelijks zeggen, hoe doodeenvoudig. Er zijn ook maar eenvoudige dingen van te vertellen, en dan alleen nog maar wat ik zag aan de uiterlijke kant, en die uiterlijkheden zag ik slechts op afstand, dat wereldje van akkers, velden en weiden lag tussen hen en mij, en het zomerkoren verborg enige weken lang het huis tot aan de dakrand voor mijn ogen.

Ik lette al dikwijls op het huis toen er nog een oude man en een oude vrouw woonden, met een jonge man, hun zoon. Ze waren daar geen flink boer, de zoon was zeker daggelder elders op een boerenhoeve, thuis werkte hij meestal op zijn veldje in avondval en schemering. Hij zaaide, hij pootte aardappelen, hij mestte, hij wiedde en hij oogstte. Een boerenjongen, flink, lenig in benen en lenden, en hij wist van werken en aanpakken. Als hij aardappelen pootte kwam de oude man hem helpen: de jonge man stak de kuiltjes voor na voor, en de oude man, de emmer aan de gekromde arm, liet in elke kuiltje een aardappel vallen: dat zag ik op de afstand alleen aan 't gebaar. De jonge man had met de oude veel geduld — als de oude man eens de rug rechtten en wilde gaan zitten langs de berm nam de jonge man de emmer van hem over, vulde die uit de zak die voor 't veldje stond en pootte vervolgens zelf de aardappelen, om daarna weer nieuwe kuiltjes te steken en daarmee de vorige gelijktijdig te dichten. Die jonge man is goed voor zijn vader, dacht ik. Dan kwam achter de verborgen voorgevel uit een oud vrouwke en stond, de handen in de zij, vriendelijk toe te zien. En als het al donkerde gingen ze langzaam alledrie samen naar binnen. Dan rookte de schoorsteen...

Natuurlijk, ik zag hen alleen maar op een afstand. Ik weet niet, hoe hun toon in huis was, ze konden wel mopperen en klagen, het kon wel een toon van grouwen en snauwen zijn, ge moet niet op de uiterlijke dingen afgaan, en niets is bedrieglijker dan de schone schijn. Maar de jonge man had de rust van zijn vader niet willen onderbreken, hij had niet gewild, dat de oude man de emmer of de zak droeg, toen ze naar binnen gingen, — ja, die mensen zouden wel bijzonder vriendelijke mensen zijn.

Later in 't voorjaar wiedde de oude vader de aard-

appelen. Dat deed hij maar langzaam, maar hij werkte onafgebroken door. De oude vrouw kwam uit het huis en ging naar hem toe. Onder haar ogen werkte hij nog een tijdje door, dan gingen zij samen langzaam naar binnen. Later kwam de oude man alleen weer terug, hij veegde de mond af en ging smakelijk een pijp stoppen: zijn vrouw had hem natuurlijk mee naar binnen genomen, om hem een tas koffie te schenken, daar genieten die oude mensen zo van. — Nu werkte de oude man weer door en de rook van de pijp walmde boven zijn hoofd.

Waarom zouden de mensen in dat huisje niet gelukkig zijn, — het is niet waar, dat het leven alleen maar ingewikkeld is en vol verwarringen en dat er alleen maar ongelukkige mensen zijn, er zijn nog eenvoudige waarheden, het geluk is het hoofddoel, daarvoor zijn wij geboren en de eenvoudige verwezenlijken het.

Die winter zag ik op een morgen bij het huisje wat mensen in 't zwart samentroepen, zij verdwenen achter de voorgevel, later kwamen zij weer te voorschijn en liepen in een rij achter een kist, die zes dragers droegen. Daar gingen die mensen zo kleintjes tegen het hoog geboomte van de oude kloostertuin, waarin het wit was van wat verstorven sneeuw. Een van de beide oude mensen was gestorven dacht ik, neen, de jonge man natuurlijk niet, het was veel waarschijnlijker dat een van de oude mensen het was, maar wie van beide, de man of de vrouw? Ik had het gemakkelijk te weten kunnen komen, maar ik wilde dit leventje alleen maar gadeslaan uit de verte en er niet naar vragen, er niet dichterbij komen.

De rook steeg uit de schoorsteen dag aan dag, het huis lag in de sneeuw, daarna lag het in de vlagen, soms lag het verborgen in mist en achter de sluiers van de regen over de bemodderde velden. Maar met het lengen van de dagen kwam er ginds weer wat bedrijvigheid. De jonge man ging weer aardappelen poten, en daar kwam achter de voorgevel uit langzaam de oude vrouw, — zie, de man was dus dood. Ik dacht aan zijn oude dag, zijn tas koffie en zijn pijpje en hoe zijn zoon goed voor hem was geweest, en nu was hij dood. En toen kwam het meisje.

Kijk, dacht ik, toen ik dat meisje voor het eerst zag, daar is dus nog een dochter ook. Ik had haar nooit gezien, zij was zeker uit huis en ergens in dienst geweest, nu was zij teruggekomen. Zij was jong, zij was vrank van postuur, zij had donker, wolkig haar, daar kon het tegenlicht zo goudig in schijnen als zij met haar langzame tred door het

veld liep. Zij was al net als de jonge man, neen, dat was daar toch wel een goed huishouden van vriendelijke mensen, zie nu eens, hoe voorkomend dat meisje tegen de oude moeder was, zij hield haar bij de arm en liep langzaam met haar tot waar de jonge man spitte. Toen liet zij de arm van de oude vrouw los, en terwijl de jonge man en de oude vrouw eventjes roerloos stonden toe te zien liet het meisje uit de emmer, die de jonge man haar had gegeven, omzichtig in kuiltje na kuiltje een aardappel vallen, zij tastte daarbij diep naar de grond, — dat werk was zij zeker niet gewoon.

Neen, dat meisje was niet de dochter van de oude vrouw, zij was in elk geval niet de zuster van de jonge man. Want eens, toen het koren hoog stond, zag ik die twee jonge mensen zitten aan de windbewogen halmenzoom. Zij hadden dat plaagspelletje met een korenhalm, en toen hadden ze dat spelletje met hun handen, het ineenvlechten van hun vingers, een zittend stoeien, en toen waren ze stil, de armen om elkander heen, ze zaten daar zo avondverzonken en alle korenhalmen pluimden in de aren zo wazig goud van de ondergaande zon. Ik ging nu toch eens wandelen, ik ging eens langs die jonge landelijke gelieven, om hen van nabij te zien, en ik zou er zwijgen langs voorbijgaan. Door de akkers kwam ik na een omweg bij hun pad: daar zaten ze, verzonken in hun droom, toen de jonge man het meisje omhelsde zag ik, hoe zij in een glimlach van verrukking de ogen gesloten hield onder zijn kus. De volgende dagen heb ik hen dikwijls gezien, als zij stil wandelden door de velden, waarover de avond valt. Het was hun aan te zien, hoe zij in elkander opgingen, hoe zij vervoerd deze lente van liefde beleefden. Bij de verre huizen was overal de lichte bloei van fruitbomen, en op de bermen hier en daar te midden van 't malse groen vlamde de brem onder de witte lentewolken in de blauwe avondhemel. De jonge man en het meisje hadden in die lentewereld die vervoering, die bedwelming van hun geluk, — dat blijft niet zo, o neen.

Het bleef niet zo. Van hun trouwdag ben ik geen getuige geweest. Toen ik na een afwezigheid van enige tijd weer terugkwam en voor mijn venster ginds ver in 't veld het huis weer zag begreep ik, dat de jonge mensen intussen getrouwd moesten zijn. De jonge vrouw kwam nu geregeld achter de voorgevel uit, daar stond zij stil in het veld als de jonge man aan het werk was. Zij liepen nu niet meer zo ineengestrengeld, maar wel zag ik hen bij hun gang door de akkers hand in hand. Neen, die vervoering blijft

niet, maar zij is niet te groot als voorspel voor wat er in de stilte en de rijpheid komt. De jonge man werkte nu ook dikwijls overdag in het veld. Achter zijn akkertjes lag braak land, daar groeiden hakhout en brem. Dat hout ging hij hakken, daar stond hij met zijn bijl die ik niet hoorde, de brem maaide hij weg, en later zag ik hem ploegen met een paard, ja, en die zomer graasden er twee koeien in de kleine wei. En toen het weer een nieuwe lente was, toen gebeurde er iets anders, toen zag ik aan de zijkant van het huis het schemerig wit van een wieg bij het lommer der hoge bomen van de oude kloostertuin. De jonge moeder kwam dikwijls naar de wieg, zij naderde ze zo bedachtzaam, zij was zeker bang haar kind uit zijn slaap te wekken. Maar bij de wieg voelde zij er met haar handen in, zij stond er lang overheen gebogen. Dan zag ik haar overeind komen. Zij draaide zich om en keek omhoog naar de zon. Dan verzette zij de wieg een beetje. Dat kwam zij zo doen van tijd tot tijd, dat deed zij natuurlijk om de zon, die mocht wel op die mollige blote beentjes schijnen, maar niet in het gezichtje van het wicht. In de namiddag kwam de moeder het kind uit de wieg halen, — ik zag niets dan een wit bundeltje, dat ze heel dicht tegen zich aan hield gedrukt terwijl zij omzichtig en langzaam liep. En 's avonds was het de vader, die de lege wieg naar binnen droeg. Maar de oude vrouw zag ik niet meer. En die winter troepten weer wat mensen in 't zwart bijeen onder de kale bomen en later zag ik hen weggaan in hun kleine rij achter de dragers van de kist.

Dood en leven. Het oude geslacht verdwijnt, maar die oude mensen hadden kinderen en kindsheid in dit huis, hun leven heeft zijn vervulling. En het jonge leven zag ik nu van phase tot phase aan. In de nieuwe zomer stond weer de wieg buiten, maar daar lag niet meer dat eerste wiegkind in, er was nu een tweede, en het eerste strekte reeds zijn driftige armpjes naar alles uit, naar het zwaaien van een tak, naar een duif die vloog. Daar kwam een derde koe in de wei, daar was land bijgewonnen, het werd daar een heel boerengedoentje. En weer een nieuwe zomer, toen gebeurde er iets anders, toen had ik de jonge boer met kar en paard zien rijden. Ik had hem wel eens eerder met een paard gezien, als hij ploegde, maar dat paard stalde hij niet, dat was geleend en dat bracht hij terug. Maar het paard dat hij nu had was niet geleend, o neen, dat leidde hij naar de schuur, naar de kleine deur in de achtergevel. De jonge vrouw kwam erbij staan, een kind

op de arm, een kind aan haar rokken. Daar stond dat paard bij de volwassen mensen en de heel kleine kinderen, de jonge man streelde het tevreden langs de nek en de flanken. O, zij talmden zo lang voor ze het paard binnenbrachten, en toen duurde het nog een hele tijd voor de vader de schuurdeur sloot. Met die vrouw was zeker de zegen gekomen in dat huis, het was er voorspoed, ze gingen er vooruit, nu duurde het melken in de wei al een hele tijd, die drie koeien, waarbij de man beurtelings op zijn melkstoeltje zat. Het was daar zegen, — het was in die tijd ook, dat ik eens langs de voorkant van het huis was gewandeld en de heldere properheid binnen had gezien, geraniums tussen de gesteven gordijnen voor de ramen, en binnen de moeder die in al haar weelde haar kind tilde en van puur geluk de ogen sloot alsof zij een droom niet wilde verbreken, net zoals zij ook de ogen sloot, toen zij aan den zoom van de korenakker de jongen kuste, die de vader was geworden van haar kinderen.

Neen, niet alle levens zijn door dramas en tegenstrijdigheden verscheurd, door verhoudingen van boosheid, en geschonden door menselijke zonden en hartstochten, niet alle levens zijn ingewikkeld en vol verwarring. Wat er in de intimiteit van de mensen omging, daar wist ik niets van, ook niet van hun zorg en lasten, maar wat ik zag was tog het gelaat van het leven, dat waren de heldere vensters van hun leven. Hier was het geluk, landelijk, in al zijn eenvoud, het was zo vanzelfsprekend, de vervulling der roeping van het leven, een vervulling gegroeid met wasdom, het was zeker even natuurlik als de groei van bloemen en planten onder zon en regen. De zomers kwamen, — de zomers gingen, ze laten de schoven een tijdje op de velden staan, en ook de jonge vrouw daarginds had de schoven gezet, en, neen, die man en die vrouw vervreemden niet van elkaar, hij kwam haar, het maaien onderbrekend, telkens helpen, en zij bond met altijd die bedaarde gebaren, die haar zoo iets bekoorlijks gaven. Aan haar figuur kon ik zien als zij in blijde verwachting was, zij liep dan een beetje achterover, — aan haar gang kon ik het zien. Ik zag haar ook spelen met haar kleinen in de wei. Ik zag haar op een warme na-zomers dag aardappelen rooien en daar kwamen haar kinderen bij haar spelen. Het oudste was een meiske, en dan volgden een paar jongetjes, en nu in dat warme zand van dat aardappelveld was die moeder zo dwaas. Zij lag languit, zij stoeide met haar kinderen, zij lag op haar rug, de kleinste, die de armpjes en beentjes

uitspreidde, op haar gestrekte armen geheven naar de hemel, en toen rolde zij met het kind in het zand. Zij speelde lang met de kleinen en later zag ik haar bij een geel gekleurden brem ratelaars plukken, en de toeven groeiden in de handen van de kinderen. De middag vervloeide in de avond en de zon ging groot schuil achter de bomen in de oude kloostertuin en doorpriemde met beweeglijk goud het lover.

Waarom ging ik niet eens naar de mensen toe? Waarom vroeg ik anderen nooit naar hen? Neen, zij moesten voor mij de naamlozen blijven, ik moest de afstand bewaren, ik moest geen voren en groeven zien op het gelaat van dat leven. Maar de vader kwam soms met de kleinen wandelen in mijn omgeving en zat met hen aan de akkerrand. Ik liep daar wel eens langs en hoorde uit zijn antwoorden, hoe hij de vragen van hun naiviteit en het argeloos wondergeloof van hun spel tegemoetkwam.

Toen kwam die voorjaarsdag, de Hemelsvaartsdag, dan is in het dorp aan de vooravond alles voorbereid op morgen: er is geharkt voor alle deuren, geboend in alle huizen, de jonge hagen zijn geknipt, de hemel is gewassen, want morgen is het kindercommunie. In het huisje ginds in het veld hadden ze er voor het eerste eentje bij, het oudste, het meisje. Ik had haar tevoren met de papieren papillotten in het haar gezien, de volgende dag zag ik haar met haar krullen in een lang wit kleedje, waarvan de zoom op de boerenschoentjes valt. De moeder zag ik in haar Zondagse kleed, de vader in vest en broek van zijn Zondagse pak met het wit van zijn hemdsmouwen.

Bij een bezoek in de avond op de pastorie sprak ik met de pastoor over de communicanten en vroeg hem, hoeveel er waren geweest. Toen kon ik het op dat ogenblik niet laten: ik sprak ook over dat ene kind, dat ik kende en niet kende, waarvan ik de geboortewieg in de lente had gezien en de jaren dat het groeide, maar waarvan ik geen naam wist, — een kind van die en die mensen, in dat huis aan de veldweg langs de oude kloostertuin.

„O, die?"

„Ja, die hadden een communicantje." De pastoor noemde de naam van die mensen, en ik vroeg hem niet, die te herhalen toen ik hem, tot mijn voldoening, niet verstond. Ik zei:

„Dat zijn daar gelukkige mensen!"

De pastoor keek mij een beetje verwonderd aan.

„Ja," zei hij, „dat is een heel goed gezin."

In de pastoriekamer stonden de ramen open en buiten bij het volle bloeien van seringen en reseda zong een merel.

„Ze slaan er zich in elk geval daar goed doorheen," zei de pastoor.

„Ja, ze slaan er zich daar goed doorheen, ze gaan vooruit. Die vrouw is daar de zegen geweest."

„Voor die vrouw moet ge bewondering hebben. Even handig in alles waarin iedere andere vrouw handig kan zijn, nooit klagen, altijd opgewekt. Ja, zoals zij het draagt . . ."

„Wat draagt?"

„Maar ge kent die mensen toch?"

„Ja, van zien, uit de verte."

„Maar weet ge dan niet?"

„Wat weet ik niet?"

De pastoor kijkt verwonderd, maar ziet en voelt dat ik inderdaad niet weet wat zeker iedereen weet. Dan zegt hij:

„Die vrouw is blind."

Al buiten op weg naar het pad waar zij wonen heb ik de woorden van de pastoor nog in de oren, zijn uitleg dat de vrouw er niet mee geboren is, maar later als kind bij een ongeluk en na een operatie, die niet hielp, blind is geworden, zijn geruststelling over de kinderen. Die vrouw is blind!

Hoe broos is die nu doorbroken afstand, van waar ik alles heb gezien. Al die behoedzaamheid der tastende gebaren van de vrouw wordt mij nu duidelijk, en ik herinner mij haar gesloten ogen toen in haar kus aan de zoom van het halmenveld en de blinde, verzaligde geluksglimlach, toen zij het kind tegen zich aandrukte in het helder huis. Mijn God, dat kind ziet ze niet, nooit, en nooit deze wereld, haar kleine aarde van velden en wei en brem en ratelaars en winddoorvaren koren onder de wolken van Gods hemel. Wat heeft de duisterheid van haar ogen doorlicht in die geluksglimlach om haar kind? Hoe zal zij de gezichtjes van die kinderen hebben afgetast, — ja, het is tegen die gezichtjes zelf dat zij heeft gelachen en voor die luisterende kinderogen, zelf, dat zij heeft gezongen. Nu is het avond. De gouden regen en de seringen bloeien en in de oude kloostertuin gloeit het purper van de rhododendron in de schemering van de groene schaduwen. Daar, voor hun huis, op biezen stoelen, zitten de man en de vrouw naast elkaar. De kinderen spelen stil bij hen, en daar staat het communicantje met de krullige lokken in het lang wit kleedje waarvan de zoom reikt tot aan de wat plompe boerenkinder-

schoentjes. Als ik langs kom, groet ik de man: „Goedenavond".

De vrouw heft het blinde gelaat met de ogen die niet zoeken of zien en zegt met haar zachte, heldere vrouwestem, waarvan de klank is bevangen door de schemering: Goedenavond. Ik voel een wringen in mijn keel, neen, neen, neen, niet om hun ongeluk, maar om hun geluk, waarvan ik de diepte, de onvermoede inhoud nu eerst voel, nu ik van zoveel dichterbij het gelaat zie van hun leven . . .

# W. van Heerden

## MARIA

### I

Het sy beswym,
vervoerd en bleek,
dat die engel aan haar
verskyn
en spreek?

Waarom is
juis sy gekose,
en wie sal die geheim
verklaar,
van smettelose
ontvangenis
uit samesyn
so wonderbaar?

### II

Gesigte wat haar man wis in sy drome
en ook ou profesieë is vervul;
skaapwagters, oosterlinge, en 'n vrome,
het vreemde tekens van die kind onthul.

Al hierdie dinge het sy diep bewaar
en snags het sy hul in haar hart oordink;
een uitleg slegs kon alles saam verklaar
as dit bedags nie so onmoontlik klink.

Want kon sy óóit dink, waar sy met hom sit
'n hulpelose baba teen haar hart,
dat eeue deur ontelbares sou bid
tot hom van hulle sorge en hul smart.

### III

Sy sou bewaar slegs vir 'n tyd;
aan haar het hy nooit nie behoort:
'n groeiende verborgenheid
bestem vir so 'n verre oord.

Haar liefde het iets van die lot
wat hom beskore was gewaar,
sy snelle bloei beskerm tot
hy sterk was om te gaan van haar.

Nog voor sy goed wis was die kind
reeds ouer as wat sy kon meet:
na angste het hul hom gevind
waar hy peil wat die leraars weet.

# Die Boerseun van Mantua

## — 'n Onvoltooide Ondervinding.

T. J. HAARHOFF

I.

Cornelius Gemser sal nooit daardie dag in sy lewe vergeet nie. Dikwels, toe hy later terugdink aan wat gebeur het, voel hy 'n soort van koue trilling in die wortels van sy hare, 'n verbasing wat hom laat wonder of dit werklikheid kan wees. Maar wat is dan per slot van rekening „werklik"? Is alles nie net relatief, werklik alleen in verhouding tot iets anders nie? Is die lewe meer werklik as wat na hierdie lewe gebeur? Wie weet of lewe, in die materiële sin, dood is, en wat ons „dood" noem, lewe! So het die ou Griekse digters gepeins, so het Plato...

Ai, maar die mielies staan geil hier by Mantua. 'n Mens kon 'n gedig maak!

*Mielies groei groen by Mantua*... met 'n aantreklike alliterasie-skema... En kyk hoe lê die pampoene op die dak soos op oom Kobus se plaas in die Karoo. En hier is vye en appels en wingerde soos by tant Sarie in die Paarl; en die druiwe word met die voete uitgetrap en van die sap maak ou Maria Maricosa wat 'n skamele huisie by Piétole bewoon, haar moskonfyt net soos tant Alie by die huis. Sy het hom selfs die koperpot gewys — net soos die een waaraan hy gewoon was en hy het gesien hoe sy met blare die kokende sap afskuim. Moskonfyt — dis mos 'n Romeinse ding — *mustum* druiwesap en *confectum,* wat voorberei is... Ja, 'n ou ding wat nou weer uitslaan in 'n jong land... Soos ander dinge ook. Hoeveel van ons moderne verskynsels, dink hy, het skimme in die verlede? En sou hierdie skimme nie nog dalk bestaan nie?

Die ou Caspari wat sy plasie so sorgvuldig versorg, is besig om water te lei net soos die mense in die baie ou tyd gemaak het, net soos die Boere vandag by die huis maak. Hy ploeg ook met osse, hy brand die veld, en hy laat jou tog so baie dink aan oom Jasper op Tweefontein in die Transvaal. Dieselfde stoere eenvoud, dieselfde stadige nadenke as hy die ou hoed so afhaal en sy kop staan en krap, dieselfde getrouheid aan die gesin en die volkstradisies, dieselfde gulhartige gasvryheid teenoor die vreemdeling, dieselfde geloof in die Voorsienigheid, ten spyte van al

die terugslae wat sy boerdery verduur het. Ag ja, dit ook het hy oorgeërf uit die lang gelede, ook hier was daar mense wat hierdie hoedanighede uitgeleef het in die ou, ou tyd.

Nee, maar die vriendelikheid van die arme grondbewerkers hier laat 'n mens sommer tuis voel, al kan jy hul taal maar gebrekkig praat. Hulle waardeer jou poging, net soos ons Afrikaners dit waardeer wanneer 'n vreemdeling die moeite wil doen . . . Daar is die band met die grond. Ou Moeder-Aarde wat 'n skakel skep tussen haar kinders deur die hele wêreld. Tog as daar nog iets, iets in die karakters wat hy nie mooi kan omlyn nie. En nog dieper; — waarom het hy daardie eienaardige gevoel gekry dat hy hierdie plek *ken* toe hy die eerste maal hier aangeland het? Waarom kon hy sy weg vind sonder begeleiding of inligting? *Per Mantova* het die wegwyser gesê, ja, „Mantova" met kort „o" en die klem op die *Man-*, hy moet dit onthou en nie weer skande maak as hy met die inwoners praat nie: dit is mos die moderne vorm van die antieke Mantua. Maar hy het nie die wegwyser nodig gehad nie. Asof hy deur 'n onsigbare gids gevoer is, het hy sy pad na die huisie van ou Caspari gevind om 'n onverwagte welkomsgroet te ontvang.

Vier of vyf myl uit Mantua — hy bly maar by die ou vorm — het Caspari gewoon in die dorpie Piétole. Hy dink: „Hier is dit alweer — ek moet onthou die ‚o' is kort en die klem op die eerste ‚e'. Ek moet darem wys dat ek hul taal respekteer — nie soos sommige mense daar by ons wat . . . Maar waarom sal ek my oor *hulle* ontstel?" Die huisie was naby die rivier, die Mincio, die rivier wat Vergilius as die „Mincius" geken het, waar die riete aan die oewer groei — „smooth-sliding Mincius crowned with vocal reeds", het hy nog destyds uit Milton geleer.

Hy haal sy rugsak af en gaan onder 'n populierboom sit om sy middagete te geniet. Dit was darem 'n keurige wyntjie wat hy in Mantua teengekom het — *Moscato Spumante Superiore* — 'n bruiswyn soos die Italianers weet om dit te maak, maar „superiore", o, ja, hy het al geleer dat die „superiore" daarby moet kom, anders kan jy erg teleurgestel word.

Hy haal brood en kaas uit en die groen bekertjie wat sy ma hom nog gegee het toe hy die Westelike Provinsie verlaat het om na sy studies in Italië rond te reis. Nou is dit winter daar in die „ou vallei" van die Paarl en dis seker maar grys-grou met die aanhoudende reën van Mei. En hier

is dit so 'n heerlike, lomerige somersdag, met sonnegoud op die rypwordende vrugte en 'n sagte glans oor die uitgestrekte watervlak van die Mincio. Daar staan 'n paar koeie in die water en hier en daar sien jy 'n boer agter sy osse. Maar die heilige uur van die siësta nader wanneer elke dorpsbewoner sy houthortjies toetrek en homself vir die volgende twee uur in donker rus begrawe. Alleen die onnosele reisigers wat geen beskaafde gewoontes ken nie, loop dan nog buite rond, asof ontspanning in die hitte van die dag nie noodsaaklik vir die mens is nie. Eensaam kan hy dus in stilte sit en kyk na die Alpe, blou in die verskiet daar oorkant die rivier en die slapende landerye met die trilling van somerwarmte oor hulle uitgestrek.

Hier in sy knapsak steek 'n boek — die boek wat hy in ou Caspari se kas gevind het, *Georgicon Libri IV P. Vergilii Maronis* — die vier boeke oor die boerdery van Vergilius, 'n ou uitgawe van die 17de eeu, in leer gebind en in groot swart letters gedruk. Sy geliefkoosde digter wat so baie boodskappe vir die mensdom en vir sy eie land bevat! As die mense maar net wil verstaan! Maar die Masjien-eeu staan soos 'n klipmuur om die verstaan van geestelike waarhede af te weer. Die Teenwoordige is soos 'n tronkmuur wat die begrip inkerker en onvatbaar maak vir die stem wat langs die suilegang van die eeue ruis . . .

Ook Vergilius was 'n boereseun wat hier naby Mantova, die Mantua van sy tyd, agter die osse geloop het met die ploeg, net soos daardie enkele ou man wat om een of ander dringende rede inbreuk maak op die rituele siësta. Hy moet 'n sonderlinge kêrel wees, want nie alleen ploeg hy wanneer die ander mense slaap nie, maar hy gebruik nog die outydse houtploeg wat jy maklik uitmekaar kan haal en op jou rug sit wanneer jy huis toe stap teen die ondergaande son. Dalk het hy nog iets van die Stoïsynse geloof oorgeërf . . . Dit sal nou vir die saai in die najaar wees wat hy die grond voorberei: hy het reeds te lank getalm en miskien is dit die verklaring van sy sonderlinge werklus. Cornelius blaai in die leergebonde boek. Wat 'n weldadige damp styg daar uit die pasgeploegde land, wat 'n soele luggie beweeg lui-lui oor die aarde! Heerlik om so in die koelte te lê in volmaakte, harmoniese ontspanning. Iets wat Vergilius ook geniet het, want kyk hier wat sê hy: „Grotte en natuurlike damme en koel valleie soos dié van Tempe, gebulk van osse en sagte sluimering onder 'n boom."

Boem!



KARIKATUURTEKENING VAN DIE GEVIERDE AFRIKAANSE SKRYWER D. F. MALHERBE DEUR VICTOR IVANOFF.

Die eerste slag van twaalfuur weerklink uit die kerktoring.

En daarmee kry Cornelius 'n sonderlinge gewaarwording. Later het sy vriende hom gesê dat hy skielik aan slaap geraak het en dat daardie Moscato Spumante Superiore . . . As dit so was, kon hy alleen dink dat hy nog nooit só aan slaap geraak het nie en dat die lewendigheid van wat hy gesien het alle drome wat hom ooit bekend was, ver oortref het.

Dit was asof 'n swaar hand op sy skedel gelê is; asof die flikkering oor die landskap vir 'n oomblik versnel word; asof sekere voorwerpe in daardie oomblik agteruit tree om plek te maak vir ander — 'n verandering wat tog die toneel as geheel onveranderd laat. Die mielies het verdwyn en is vervang deur 'n soort lusern; dit flits deur sy brein dat die Romeine dit *cicer* genoem het. Die man wat daar ploeg, dra nou 'n soort jurk met sandale, ofskoon sy houtploeg onveranderd bly. Die huise het 'n ander patroon ofskoon die wit mure en die rooi teëls op die dak nog daar is. Beeste bulk en van die heuwel kom die musiek van die skril fluit waarop die herder speel terwyl hy die skape oppas.

Dit is 'n ander, ja, 'n ouer wêreld, en tog voel hy dat hy 'n deel daarvan is, asof hy ook teruggevoer is deur 'n trilling in die eter, deur 'n golf van die lugruim, na 'n tyd waarvan hy deel is maar wat hy eeuelank reeds vergeet het. Vaagweg onthou hy iets van Dunne se *Experiment with Time* waarmee hy geworstel het en *The Serial Universe.*

'n Tydsverskuiwing — sou dit werklik só wees? Soos daardie ou dames by Versailles hulself teruggevind het in die tyd van Marie Antoinette en 'n viering bygewoon het met operamusiek wat later herken is as presies die samestelling uit verskillende bronne wat werklik op daardie betekenisvolle dag gespeel is. Daar was daardie oop poort wat, soos hulle later gevind het, tweehonderd jaar laas ontsluit is.

'n Betekenisvolle dag. Vaagweg herinner hy hom dat hy 'n aantekening in sy sakboekie gemaak het. Wat was dit nou? Iemand het verjaar. Of nee, iemand is dood. Wie dan? O, ja, dit was in verband met die grafmonument wat aan Vergilius toegeskryf word by Napels. Vergilius het in Brundisium gesterf op 22 September, in die jaar 19 voor Christus. Maar dit is mos — ja, dit was op 22 September dat hy ou Caspari se huisie verlaat het om die gedig oor die boerdery nogmaals te lees uit daardie outydse boek

en dit in die egte landelike omgewing waaroor Vergilius skrywe te lees sodat hy werklik in die regte stemming kon kom, 'n snaar aanroer... Hy kyk op sy polshorlosie: dit is nou twee-uur.

En dit is dus die sterfdag van die digter. 'n Betekenisvolle dag. Die donkerte van die dood, die opstanding tot nuwe lewe. Die ewige ritme van aanvang-met-die-lewe en ophou-om-te-lewe: die saad wat afdaal in die donker aarde en tot nuwe lewe oprys. Die liggaam wat in die donker aarde ingaan: die siel wat tot die lig opstyg. Sou hy die snaar aangeroer het wat hom net die regte golflengte gee om teruggevoer te word deur die tyd en om weer die lewe van die verlede te ondervind?

Blitssnel het hierdie gedagtes deur sy brein geflits en in 'n oomblik is hulle vergeet, want nou is die werklikheid vir hom nie meer Cornelius Gemser en sy studies, sy liefdesteleurstelling en sy wanhoop, sy navorsing en sy reis nie; nou speel hy 'n rol wat sy volle aandag vereis en nou sien hy dinge wat nie meer outyds is nie maar wat vir hom die praktiese teenwoordigheid geword het.

## II.

Snaaks dat jy jouself kan sien in totaal ander omstandighede, in 'n ander vorm en op 'n ander ouderdom en darem absoluut seker wees dat dit jy is. Daardie knapie van tien jaar oud met sy swart krulkop en donker oë, sy *tunica* en sy sandale, moet, eienaardig genoeg, dieselfde persoon wees as Cornelius Gemser. Hy besef nie *hoe* hy dit weet nie; maar hy is seker dat dit so is.

Dit is nog vroeg, skaars 'n kwartier na dagbreek; maar reeds is daar 'n gewoel in die dorp. Van die omliggende plase het boere ingekom in hul waens om te koop en te verkoop. Hier en daar staan klompies te gesels oor die vooruitsig vir die oes van die wintersaad en gevaar van oorstromings soos verlede jaar. Daar sit 'n groepie wyn en drink onder die skaduwee van 'n boom — wyn wat gemeng word met water in die verhouding van een tot twee.

Die knapie slenter onder hulle rond en bekyk al die nuwighede. Hy is 'n vreemdeling in hierdie streek, waar sy moeder Cornelia op besoek is uit die Noorde, uit daardie provinsie wat hulle Gallië noem. Die skole het nou nog vakansie en begin nie weer voor Oktober nie: darem lekker so 'n lang somervakansie. Maar hy het dit nie ledig deurgebring nie. Hy het kennis gemaak met 'n eienaardige seun Publius Vergilius Maro, wie se vader bye aanhou op die

klein plasie waar Cornelia op die oomblik tuis was. Die ouers van Vergilius het hulle tog so vriendelik ontvang en sommer dadelik tuis laat voel. En die seun — 'n lang, skaam, donker kêrel van veertien — het Cornelius op lang wandeltoere rondgeneem en al die skoonhede van die natuur gewys. Vir hulle albei was die natuur 'n oneindige bron van genot. Eenmaal, 'n tyd gelede, het hulle verlof gekry om laat in die donker te sit om te kyk of hulle die nagtegaal kon hoor sing in die populierbos, en waarlik het hulle ook daardie wonder-soete trillings gehoor wat selde deur die gewone burger verneem word.

Dan het hulle die geheime van die woud bespied en somtyds onder 'n ou beuk met sy verwaaide kruin gaan sit om uit die Griekse digter Theocritus te lees hoe herders liedere sing te midde van bekoorlike natuurtonele. Grieks was die tweede taal in die skool en hulle het sommer van die staanspoor daarmee begin en ingedring in die letterkundige skatte waarvan dit die sleutel was.

Nou is hy op pad om sy maat te soek en hy wys van die hand die aanbod van 'n groepie seuns wat hom nooi om tol te speel. Daar staan hulle met hulle swepies en hulle piets die tolle ewe kunstig en laat hulle sneller en sneller draai en kringe weef oor die vloer. In later jare het hy teruggedink aan hierdie toneel toe hy dié van die seuns en hulle tolle in Vergilius se nasionale gedig lees. Maar nou is hy haastig, want hy het 'n afspraak met sy vriend daar by die punt van die bos.

„Ja," sê 'n ou boer by wie Cornelius verbystap, „ja, dit is die arbor Vergilii, die boom van Vergilius. Dis 'n eienaardige kind daardie. Daar sal nog iets van hom word . . ."

Cornelius voel trots op sy vriend. Natuurlik sal daar iets van hom word. Hy sal ver bo sy tydgenote uitstaan net soos die boom wat van die populiertakkie gegroei het. Hy het al dikwels die storie gehoor en dit was grotendeels om dié rede dat sy moeder hierdie besoek aan Magia Pollia, die moeder van sy vriend, kom bring het. Voor die geboorte van die kind het die moeder gedroom dat haar kind 'n lourierboom sou wees — die boom van Apollo, die beskermer van die digkuns. En toe het dit gebeur dat sy onverwags aangegryp is deur die geboortepyne en langs die pad in 'n sloot verlos is van die kind: 'n wonderlike kind wat almal saggies toegelag het, soos hulle vertel. En die inwoners van die dorpie het toe 'n populiersteggie op die plek geplant en so voorspoedig het daardie steggie

gegroei, dat dit binne 'n korte tyd al die omringende bome verbygegroei het. En hulle het dit die Boom van Vergilius genoem. Sekerlik is dit 'n voorteken, het die ou mense in die dorp gemeen.

Daar sien hy sy vriend staan. Hy is besig om sorgvuldig te kyk na 'n paar korreltjies saad in sy hand.

„O, hier is jy, Cornelius. Man, ons sal moet gaan help om die gars te saai op die plaas. Hulle moet nou net hard ploeg om klaar te kry voor die winterreëns. Dis darem wonderlik hoe die boer die natuur moet help. Hierdie saad het ons getoets en sorgvuldig uitgesoek. Ons buurman laat hulle selfs koeksoda en die grondsop van olyfolie lê. Maar as jy nie moeite doen nie, dan gaan jou oes afdraand — soos alles in die lewe wat jy nie voor sorg nie. Dis mos wat ons ou skoolmeester op Cremona sê."

„Ja," sê Cornelius, ‚dis mos nou tyd, nè? My ma sê as daardie ster Arcturus te sien is in die lug, kan jy weet dat die reëntyd aankom. Ken jy al die name van die sterre?"

„Taamlik. Die boer moet hulle ken en dophou, anders weet hy nie wanneer om met sy verskillende werksaamhede te begin nie. Net soos die matroos. Dis darem wonderlik hoe gereeld hulle verskyn.

„Ja, my ma lees die ander dag 'n boek van Titus Lucretius Carus waarin hy praat van die wette van die Natuur. Ek sal graag eendag iets daarvan wil leer."

„O, Lucretius. Ja, dis 'n wonderlike gedig. Hy is 'n profeet, daardie man, en 'n kunstenaar. Ek wil graag eendag soos hy wees." Vergilius se donker oë kyk verlangend in die verte.

„Maar kom kyk na die bye hier. Hier's heuning wat ons moet kom uithaal. Maar ons sal die bye eers goed moet uitrook."

Die seuns stoot die takke opsy en storm die bos in. Welig is die gras en groen die bome in die weldadige somerwarmte. Die son straal deur die takke en maak skaduwee-patroontjies op die grond. Voëltjies kwetter en vlieg ewe besig van tak tot tak, hulle aandag gevestig, elkeen op 'n taak wat hulle verrig in gehoorsaamheid aan die stem van Moeder Natuur.

'n Vinnige geritsel van blare laat Cornelius plotseling stil staan. Hy kyk vraend na sy maat.

„Het jy gesien?" sê hy opgewonde, „daardie gedaante wat weggeflits het in die skaduwees? Die een met horings op sy kop en bokhaar op sy bene . . . ?"

„O," lag Vergilius, „Faunus? Het jy hom gesien? Of was dit maar die lewendige verbeelding waaraan jy ly? *Videt aut vidisse putat* — dis soos die boer wat dinge sien in die bos of slegs *dink* dat hy hulle gesien het . . . "

Cornelius voel skaam asof sy vriend hom berispe. Hy wonder . . . en tog daar *was* iets . . . wie weet?

Later, toe hy die eerste boek lees wat sy vriend gepubliseer het, kon hy aan die voorval terugdink. Maar nou besluit hy maar om sy verbeelding te bedwing en die vakansie te geniet.

Die bome word yler en laat 'n ope ruimte sien. Op die gras staan 'n altaartjie, bekroon met blommekranse. Hier het die herder Minucio wat in 'n hutjie naby woon, sy offers en gebede aan die gode van die woud gebring. Hy was 'n vrome ou siel wat op hierdie manier sy hande uitgestrek het na die Onbekende God, wat lewe aan mens en dier skenk; en op sy manier het hy 'n harmonie in sy gees geskep wat die gejaagde inwoners van die stad dikwels gemis het. Hier het hy daardie *secura quies,* die vrede wat vry is van kwelling, ondervind, waaroor Vergilius later sou skrywe; en op skilderagtige manier het hy sy rykgeskakeerde gawe van blomme gebring om sy altaar te versier. Wie dit met 'n rein hart doen, soos Horatius sê, verkry groter geestelike geluk as dié wat met ryk offerandes kom maar met sondige motiewe.

Dikwels het die seuns met die ou grysaard en sy beeldskone kleindogter gaan gesels. Cornelius het haar dikwels gehelp om kransies om die horings van haar spierwit wildebokkie te hang en saam het hulle met die lieflike diertjie gespeel.

Vandag was die herder uit, maar agter in die boord is 'n beweging en die geluid van stemme en die seuns peil sommer soontoe. Daar is Silvia, 'n dogtertjie van elf jaar, met haar moeder onder die appelbome besig om die laaste dou-nat appels in te samel. Dis nog vroeg en die son skyn skuins deur die blare en verlig die rooi van die laat appels met 'n heerlike glans. Die strale val ook op die ou moedergelaat en op die wonderskone gesig van die jong dogter, wonderskoon veral vir Vergilius wat daardie oomblik nooit vergeet het nie. Die boord het eers aan sy vader behoort en hy het die bome goed geken en geweet waar die beste appels hang. Hy het dus aangebied om gids te speel vir Silvia en haar moeder, gretig om behulpsaam te wees, opgetoë deur die sagte skoonheid van Silvia met haar groot donker oë en haar fynbesneë gesig. Dit is asof die sonlig

'n eteriese glans om haar weef en op haar die towerkrag van 'n ander wêreld werp. Sy hele hart gaan na haar uit, sy hele wêreld sink weg in haar bekoring. Reeds toe het hy verse oor haar begin saamstel wat later die beroemde *saepibus in nostris*... sou word.

Ja, in ons boord toe jy klein was
het ek jou gelei na die bome.
Dou-nat appels het jy
met jou moeder gepluk, en die seuntjie
Ek, die seuntjie, jou gids
vier net pas sy twaalfde verjaardag.
Skaars van die grond kon ek reik
tot die breekbare takkies daar bo my.
O, toe ek sien, was dit klaar,
my wêreld versink in jou skoonheid,
Weg op die stortvloed, verbyster
voer my die hewige hartstog.

So het die heksameters in later jare gevloei; maar die grondslag van daardie emosie het teruggegaan na hierdie oggend in die sonnige appelboord met die groen gras soos 'n uitgestrekte tapyt.

Nou is die appels na die opbergkamer gebring en die moeder het haar huishouding gaan waarneem. Silvia gesels met die seuns. Sy kyk skaam-skalks na Vergilius wat haar so ernstig aanstaar en praat maar meeste met Cornelius.

„Is hy nie 'n pragtige dier nie?" sê sy toe die hert aangedraf kom en uit haar hand begin vreet. „Kyk hoe groot is sy horings! Die opsigter van die stad se lande het hom vir my gevang toe hy nog skaars gespeen was en ek het hom mak gemaak. Ek versorg hom soos 'n kind en kam sy hare en was hom in die spruit. Soms dwaal hy ver in die bos rond, maar elke aand kom hy na my terug. Hier is nou 'n sagte blommekransie wat ek vir hom gevleg het. Lyk hy nie mooi as ek dit so om sy horings hang nie?"

So gesels sy ligtelik en trippel rond met grasieuse gebare. Cornelius is sprakeloos van betowering. Wat is dit dan? Vroeër het hulle met haar gespeel sonder stremming. Nou is dit asof hulle haar in 'n nuwe lig sien, die lig van die son op die dou-nat appels, die lig van 'n ander wêreld. Nou is daar skielik stremming en lompheid, half-besefte verlangens wat ongemaklik word. Maar sy vloei soos 'n helder bekie, skynbaar onbewus van hul ongemak. Dog diep in haar hart vorm daar 'n lied van triomf en 'n heimelike glimlag huiwer op haar lippe.

## III.

Daardie middag het die seuns nog gehelp met die uitsoek van saad en met die ploeg van die land. Die houtploeg het nie te diep ingesak nie en die osse moes hom vier keer oor dieselfde oppervlakte trek. Die land waar boontjies gesaai is, word nou vir gars gebruik en die boontjieplante word ingeploeg om bemesting te verskaf.

Die son gaan onder en die ploeër haal die juk van die geduldige osse af. Ja, dink hy, die os is darem maar die vriend van die mens. Geen wonder dat ons voorouers die slag van 'n os verbied het. Die osse stap aan stal toe deur die lang skaduwees wat al langer van die heuwels val. Die ploeër neem die ploeg en met 'n handige beweging verwyder hy die houtpennetjie wat die verbinding tussen die twee dele vorm, en stap met die hele toestel op sy skouer na die eenvoudige plaashuisie waar die rook opwaarts krul uit die skoorsteen — 'n aangename profeet van die geurige aandete.

'n Genesende vrede daal wyd op die land met die ondergaande son; en diep in die hart van die seun Vergilius wortel die gedagte dat Moeder-Aarde werklik tot haar kinders spreek — as hulle sensitief genoeg is om te hoor. Wie ore het om te hoor . . . Die gejaagde lewe van die stad verdoof daardie boodskap, „die rook, die rykdom, die geraas" van Rome en sy woelighede. Maar eweseer kan die hebsug en die ongevoeligheid van die boer dit verdoof . . .

Die seuns stap nou die landelike huisie binne, saam met die vader wat die houtploeg op sy skouer dra. Oubaas Appius Vergilius was 'n eenvoudige man wat vooruit geboer het deur die aankoop van bosse en die aanhou van bye; vroeër was hy eers 'n pottebakker en in die diens van 'n sekere Magus, 'n magistraat se assistent, met wie se dogter, Magia Pollia, hy later getroud is.

Magia het net die erdewerk-lampies aangesteek en sit met Cornelia in die voorhuis, die *atrium,* en wag tot haar man en die seuns kom. Sy het 'n fynbesnede gesig gehad met die groot donker, deurdringende oë wat haar seun geërf het en daar was op haar gelaat die rustigheid wat van innerlike harmonie getuig. Tussen haar en Cornelia was daar 'n innerlike band: albei het 'n diepere geestelikheid in hulle natuur gewaar wat 'n vaste fondament vir vriendskap was. Cornelia het meer van die Keltiese vurigheid in haar gehad, maar nooit het sy dit die oorhand laat kry nie. Haar gevoelige, fynbesnaarde gemoed het haar

veel laat ly in 'n growwe, harde wêreld, maar sy het altyd haar beginsels bewaar met 'n onversaagde wilskrag.

Dit was vir die twee moeders aangenaam om te sien hoe veel die twee seuns van mekaar hou en mekaar help in hul gemeenskaplike belangstelling en in hul studies.

Hier vlieg die deur oop en Cornelius storm binne. Hy was altyd voortvarend en impulsief.

„O, Moeder, ons het 'n heerlike dag gehad. Eers was ons in die bos rond en ons het vir Silvia en haar hert gesien . . ."

„En is Silvia baie mooi?" vra Cornelia, glimlaggend.

„O ja, sy's pragtig, sy's . . . "

Skielik hou hy op, verleë, bewus van die glimlag op sy moeder se gesig.

„Ons het toe sommer by Pa in die veld iets geëet," vul Vergilius aan om sy maat uit sy verleentheid te help, „en hom bygestaan met die ploeg en die keur van die saad."

„Dus was julle darem behulpsaam: dis mooi. — Maar Magia kan ek jou help met die ete?"

„Nee," sê Vergilius se moeder, „nee, dankie. Die bediende kan regkom. My seun wil mos nie hê ons moet vir hom *servus,* slaaf, noem nie! Hy is *socius,* 'n medewerker!"

Half-tergend sê sy dit, maar nogtans voel sy 'n simpatie met haar seun se teerheid en sy beskerm hom dikwels teen die growwer spot van sy vader.

Maar die aandete is gereed. Bakkies water word ingebring, met handdoeke, en almal was hulle hande. Dan gaan die groot mense lê op die rusbanke gestut elkeen op sy elmboog, terwyl die kinders op drie-poot-stoeltjies sit. Om te sit en eet word as 'n groot ongemaklikheid beskou. Cato, die halsstarrige Republikein, het 'n eed gesweer dat hy sou sit en eet solank die „tiran" Julius Caesar, een van die Groot Drie, die Triumviratus, aan bewind was. Maar Julius was 'n held by Vergilius.

Nou bring die bediende, Caepio, die eiers in, vars daardie dag, en almal geniet daarvan. Dan volg die gebraaide kalfsvleis, klaar gesny in stukke wat met die vingers geëet word, asook verskeie groentesoorte; en nadat hulle klaar was daarmee, neem Appius die wynbeker en, staande, stort hy 'n bietjie op die vloer uit, terwyl hy sy linkerarm ophef en sê: „Aan die onsterflike gode!" Dit is dan die dankgebed vir spyse en drank. Wasbakkies word nogmaals rondgebring. Die bekers word nou gevul en almal drink met matigheid wyn en water. In die hoek staan die groot *cratéra* waarin die wyn met water gemeng word. Hier sou g'n drinkparty volg soos in die modieuse huise in die stad

nie; en hier was maar een gereg as hoofdeel van die maaltyd in plaas van die uitvoerige en veelvuldige geregte wat jy onder die rykes, en veral die nuut-rykes, aantref.

„Hierdie boontjies is werklik smaaklik gekook," sê Cornelia; „en die uie ook."

„Ek hou van die vars olywe met die slaai," sê Cornelius. „Hul's lekkerder hier as by ons in Gallië."

Die nagereg bestaan uit koekies en appels — „van die eier tot by die appel" was 'n gewone gesegde vir „van begin tot end."

Na die ete sit hulle saam voor die vuurtjie; want ofskoon dit nog somer was, het daar 'n aanmaning van winter in die lug voelbaar geword. Oom Appius het sy mes te voorskyn gehaal en sit 'n klompie fakkels en sny, klaar vir die vroeg-donker winterdae wanneer hy lig nodig het vir sy werkies op die plaas. Die dames het na die kombuis gegaan waar Magia besig was om van die laat druiwe moskonfyt of „defrutum" te kook. Die druiwe word uitgedruk in 'n ou olyfpers en die sap word dan in 'n groot koperpot gekook tot op een-derde van sy oorspronklike omvang.

„Kyk hoe baie skuim lê daar op die stroop," sê Cornelia.

„Ja," sê Magia, „ek moet 'n bietjie afskuim. Sy neem 'n paar groot blare van die rakkie waar hulle klaar lê, en ewe behendig skep sy van die skuim af.

„Wanneer sal die stroop klaar wees?" vra Cornelius.

„O, dit moet nog 'n paar uur kook," kom die antwoord.

So gesels hulle oor en weer totdat Cornelius na sy maat gaan wat 'n lampie van die tafel geneem het om alleen in 'n boek te kan lees. Hy het 'n papirus-rol uit sy kamer gaan haal en is nou besig om dit oop te rol met sy regterhand, terwyl sy linkerhand die ronde stok waaraan die papirus geheg is, vashou. Met graagte verslind hy die verse wat in kolomme op die papirus geskrywe staan. Cornelius kom en kyk oor sy skouer: dit is die *Sewende Idille* van die digter Theocritus, die Griekse skrywer uit Sicilië, wat hom by die geleerde digters van Aleksandrië gevoeg het en die skepper van die herdersang geword het.

Albei seuns kan goed Grieks lees, want Grieks was „die tweede taal" en elke opgevoede Romein het hom daarop beroem dat hy tweetalig was en in albei kulture kon deel sonder om sy volkseie prys te gee.

„Die digter vertel hier," sê Vergilius, „hoe drie vriende gegaan het na die insameling van die oogs op 'n plaas in die eiland Kos. Op pad kry hulle 'n bokwagter van Kreta, Lycidas, en daar volg die gewone sang-wedstryd soos

Theocritus dit gewoonlik het. Ek wonder of ek hom dit eenmaal sal kan nadoen. Maar die gees van die werk sal Italiaans moet wees. En die natuurtonele ook — ofskoon die verbeelding van die digter uit baie bronne put en baie elemente saamvleg.

Maar Theocritus skrywe met wonderlike frisheid."

Hy draai die rol dromerig terug totdat hy by die *Derde Idille* kom.

„Kyk nou hier hoe lewendig skrywe hy. Jy onthou mos, dis waar die bokwagter sy vriend Tityrus toespreek en dan tot lof van sy geliefde Amaryllis sing. Luister; ek sal vir jou voorlees:

„ ‚Jolig gaan ek uit om die liefde van my Amaryllis te win en my bokke hulle wei al langs die heuwel met Tityrus om hulle aan te ja. Ag, my liewe ou Tityrus, laat wei tog my bokke! Gee hulle tog water, ou Titte, en pas op vir daardie geel bok, die Afrikaner, dis 'n bokram, hy sal jou stoot.

„ ‚Ag, my ou liefie, Amaryllis, hoekom loer jy nie meer skaam-skaam by jou grot uit om my binne te roep nie? Haat jy dan jou liefling? Het ek te naby gekom dat jy my plat neus gesien het en 'n baard wat te lank is? Jy maak dat ek my sal verwurg, Amaryllis. Maar kyk nou, hier bring ek jou tien stuks appels. Ek het hulle daar gaan pluk waar jy gesê het. En more bring ek jou nog meer . . .

„ ‚Aanskou my tog; die pyn verskeur my hart. O, ek wens ek was daardie gonsende by om 'n pad te vleg deur die eiloop en die varings waarmee jy jou verskans en deur te dring in jou grot! O, nou weet ek alte goed wat Liefde is: 'n wrede godheid! 'n Leeuwin het hom aan haar bors gevoed, in 'n bos het hy groot geword! Hy smeul-brand my, hy dring deur tot my murg! O, nooientjie wat my so oulik aankyk, pure klip is jy! O, nooientjie met die donker winkbrou . . . ' "

„So gaan dit aan, Cornelius. En daar's 'n bekoorlike liedjie oor die liefde aan die end."

„Dis pragtig," sê Cornelius, „en jy lees dit so mooi. Jy moet darem ook so iets in Latyn skrywe. Jy het mos al gedigte gemaak, nie waar nie?"

„Ja, maar ek sal hulle waarskynlik vernietig."

„O, maar daardie een oor die muskiet wat die herder wakker gesteek het toe die slang hom wou byt, terwyl hy lê en slaap in die veld — dis 'n mooi gedig. En toe het die herder onwetend die muskiet doodgeklap, ofskoon hy sy

lewe aan hom verskuldig was, en die gees van die muskiet het hom dit verwyt . . . ”

„Ag, ja,” sê Vergilius, „dis nog maar jeugwerk. ’n Mens sal ryper moet word . . . Maar die bokwagter van Theocritus en die nooi in die grot wat so hardvogtig is . . . Ek wonder of Silvia ook so sou wees . . . Maar, dit word laat; ons moet gaan slaap.”

Hulle sê die oumense goeienag en loop stadig met hulle papirus-rol na die slaapvertrek.

Deur die oop venster lê Vergilius te kyk na die sekelmaan wat bo die sag-wuiwende boomtoppe uitstyg. Deur die helder lug kom die geruis van die rivier en die weemoedige klag van die naguil wat eensaam op die een of ander dak sit te waak.

Die skoonheid van die stil toneel: maar dis die skoonheid van Silvia wat by Vergilius spook. Om daardie skoonheid bou hy ’n idealistiese fantasie wat al die swakhede van die menslike erfenis oorbrug en innerlike deug as vanselfsprekend laat gelykstaan met uiterlike bekoorlikheid. Sy digterlike skepping beeld ’n Silvia uit wat ver bokant die dogter van die herder se huisie sweef en soos ’n ster in die hemel die mensekinders tot bewondering dwing.

Vir Cornelius word die landskap hoe langer hoe meer dof en mistig. Die toneel vervaag. Hy voel asof sy gees ’n lang reis gaan onderneem. Dis donker en lig tegelyk: hy voel die son rondom en maak sy oë oop in die skaduwee van ’n boom. In sy hand is die ou boek met die gedigte van Vergilius. Daar lê sy rugsak met die oorblyfsels van sy middagete. Sy polshorlosie het seker gaan staan: want dit wys nog steeds twee-uur.

# Everwyn Wessels

## Hotnosliedjies

### EMMERLIED

Raas!

Bliktonkas laat die weerlig sing!
Die stilte is 'n dooie ding;
Daar sit 'n vaalding in!
Is dit die end, of die begin? —
Die tent waarin ons loop, dit is te groot —
Is dit miskien die asvaal dood?

Raas!

Tonkas raas! Blikstemme sing!
Die donker is 'n doodstil ding;
Daar sit 'n vaalding binne-in!

### HOTNOSLIED

Dood lê hy in die bamboesvlei!
Wie het hom daar dood gekry?
Ag dis sý, ag dis sý!
En die skade wat in die blare roer?
En die oë wat in donker loer?
Het sy dit gesien, gesien?

Siet die voëltjie in die boom
Die slang wat sluip in die stam se soom?
Ag já, ag já!
Maar die voël wat met die slang saamspeel,
Verklik nie as die slang kom steel.
Ag neé, ag neé!

Dood lê hy in die bamboesvlei,
Dood het sý hom daar gekry.
En verniet dat jul nou vra,
En verniet dat jul nou kla:
Hy is dood.

En die maan sien hy nooit weer nie;
En g'n koue maak hom seer nie;
Nooit sal hom die son weer steek nie,
By dolwerk* in die kweek nie.
Stil lê hy, daar, in die vlei.
Daar het sý hom dood gekry.
  Sý, ja sý!

## DIE VAALDING

Die Vaalding, die Vaalding,
Tering!
Dis 'n anner ding!
Wie sal van die Dood
Met 'n kitaardeuntjie sing?

## HOTNOSBEGRAFNISKLAG: AGTER DIE LYK AAN

Aai, aai, aaie! Dra die liggaam weg, bêre hom
In die aarde tot die opstaantyding kom.
Plant die ryp vrug in die stof, in die sand, —
So gaan alles hier benede om.
Hoogste bome proe die voetlaag stof,
Geilste groente lê, verlipte lof;
Selfs die berg word lae land.
Aai, aai, aaie! Bêre die verdriet
Tot die nuwe groeidag kom; —
Hier benede is het niet.
Ure, dae, maande, jare gaan soos droomtyd om;
Aai, aai, aaie! Die gladste praat word stom.
Weg wêreld, weg al ydelheid!
  Kom lêtyd, kom!

* dol = dolwe.

# Tant Rebella-saga

C. R. PRANCE

(Vertaal en verwerk deur N. A. Coetzee in huldiging van die kunstenaar by geleentheid van sy 83ste verjaardag; verlof vir vertaling toegestaan deur Shuter en Shooter, Pietermaritzburg.)

*In verband met hierdie verhaal skryf C. R. Prance as volg: „It may interest you to know that the first part — the rescue of a Boer Commando by a Boer Joan of Arc — is from life; I knew the girl in Boshof in 1905, where she had settled as public nurse. I was still a khaki-policeman in those days, and she disliked us — perhaps thought we should mislike her feat — though a dozen of us would have been glad to black her boots. The rest of the tale is written from imagination — though also from the fact and knowledge of the veld — round the career of the dear old lady whom I knew as Tante Rebella."*

Saga is nie 'n woord wat ligtelik gebruik word nie, nogtans kom dit soms onwillekeurig in die gedagte op as mens dink aan die stoere moeders en dogters van ons veld, afstammelinge van die Voortrekkers, wat net soos die Saga-vrouens van hulle Nordiese voorsate, die werk van 'n man kon doen in tye van vrede sowel as in oorlog, wanneer omstandighede dit van hulle vereis.

Tante Rebella van Tonder van Bontpootbosluisfontein, op die kruin van die Kransberge in die Waterbergse, is 'n waardige verteenwoordiger van hierdie natuurlike adel van ons volk.

Haar doopnaam is Arabella. In die jaar 1898 was sy nog maar net 'n mooi jong nooientjie wie se lang kaal bene so vinnig gegroei het dat die rokkies skaars kon byhou. Om haar hals het twee lang vlegsels van Nordiese blondgeel hare gespeel en die groot blou oë was wyd en openhartig sodat niemand kon sê dat hulle nie enigiemand opreg in die gesig kon kyk nie.

Sy was pleegmoeder vir haar broertjies en sussies, ja selfs vir al die jongspan wat na haar gebore is in Nergensdorp in die Vrystaat, waar sy opgegroei en haar jongmeisiedrome gehad het. Met haar Mona Lisa-glimlag het sy die afguns verwerf van menige jong moeder wie se kinders vir beskerming na haar gevlug het, as hulle miskien hulle klere met modder in die dorpie se dam besmeer het, of as hulle die melkery verongeluk het deur met die kalwers uit

die kraal resies te jaag oor die oop veld die bulkende melkkoeie tegemoet.

Dit was nog heerlike dae in die Ou Vrystaat, nog voor die Engelse met hulle beskawing, onderwys en ingevoerde vooruitgang gekom het om die eenvoudige idilliese Boeresamelewing te versteur.

Terwyl Arabella Groenewêreld nog 'n kaalbeendogter was het Klein Piet, oudste seun van oom Piet van der Blouberg, uit die Transvaal daar aangekom om aanteelperde te koop. Hy het sy jong boerehart aan Arabella verruil vir haar boeredogter-glimlag, tot groot ontsteltenis van die plaaslike kaalvoet-jongkêrels.

Met die Engelse Oorlog op die horison het die vuur van die jong liefde hoog gevlam en die paartjie is verloof terwyl Kruger en Chamberlain nog besig was om te onderhandel wie die eerste skoot sal skiet.

Toe die oorlog toeslaan, moes Klein Piet die liefkosings staak, sy blou-oog nooientjie in trane agterlaat en sy skimmelhings die spore gee om by sy kommando in die Waterbergse te gaan aansluit. Maar soveel groter en vuriger was sy vaste besluit om die vyand in die see te jaag, sodat hy volgens belofte so gou moontlik kon terugkeer vir die huwelik, sodra die oorlog weer verby is.

Die boerekommando's het egter gou uitgevind dat om die Engelse te beveg net so moeilik is as om rooibaadjie-sprinkane op die groot vlaktes uit te roei. Hoe meer doodgemaak word, hoe meer daag op om die ander te wreek en te begrawe.

Bloemfontein het gou in Engelse hande geval, daarna Kroonstad, Johannesburg en ja selfs Pretoria. 'n Engelse regiment het ook Nergensdorp besit, waarheen al die vrouens van die Noordwes-Vrystaat gevlug het vir beskerming uit vrees vir opstandige naturelle uit Betsjoeanaland.

Dit was gedurende hierdie veelbewoë tyd dat Arabella haar eerste heldedaad verrig het deur die kommando waarin haar Klein Piet met die rang van korporaal gedien het, van gewisse oorgawe te red.

Tante Grieta Groenewêreld, Rebella se weduwee-moeder, se groot huis is onmiddellik gedeeltelik deur die aanvoerder van die Engelse regiment gekommandeer om as sy hoofkwartier te dien.

Die Kolonel was 'n goedhartige man, wat seker ook 'n jong dogter van sy eie tuis moes gehad het. Hy was op sy Engelse manier altyd grappig met die langbeen-nooientjie en het vir haar allerhande byname gegee, soos Bella, Belle

Amie, Bella Donna, ja soms Bluebell, omrede haar pragtige blou oë. Hy het haar nog as kind beskou en haar voorgetrek deur elke dag allerhande lekkernye van die kamp buite die dorp saam te bring, soos konfyt, suiker en soms 'n blikkie Engelse poeding. Tant Grieta was maar te dankbaar, want geld was skaars en kos onder omstandighede moeilik te bekom.

Min het die Kolonel besef dat baie boeredogters reeds op sestienjarige leeftyd moeder kan wees terwyl die dogter van 'n Engelse Kolonel oorsee nog op die skoolbanke moes sit.

Dit is dus heeltemal verstaanbaar dat die Kolonel soms 'n bietjie agterlosig was met wat hy voor die kinders op die stoep aangaande sy oorlogsplanne gesê het. Een aand het hy vroeg opgedaag en aan sy adjudant opdrag gegee om hom drie-uur in die nag wakker te maak, en heeltemal vergeet dat Bella saam met die klein kindertjies op die stoep was. Arabella se oortjies, so fyn soos 'n meerkat s'n, het tot haar ontsteltenis verneem van die plan om 'n Boerekommando tien myl daarvandaan by Verrekykerskop in die nanag te omsingel en met sonsopgang te oorval.

Bella en haar moeder het reeds geheime berig ontvang dat Klein Piet se kommando, op deurtog na die Suide, vir die nag by Verrekykerskop laergetrek het.

Arabella het niks van haar voornemens aan haar moeder meegedeel nie. Sy het net gewag tot die Kolonel vas slaap, toe sterk koffie gemaak, 'n slaapdrankie uit tant Grieta se huisapteek daarin gemeng, en dit na die adjudant in die stal geneem met die onskuldige boodskap dat haar moeder 'n beker warm koffie stuur uit jammerte vir die arme verkluimde soldaat.

Toe hy begin snork, het sy die Kolonel se groot Engelse perd met die halter uit die stal gelei, tou in die bek gesit en bloots die tien myl na Verrekykerskop in die stikdonker afgejaag om die Boerekommando en haar Klein Piet te waarsku om so gou moontlik daar weg te kom.

Al wat die Engelse regiment dus kon vind toe hulle met dagbreek met gevelde bajonette die kop van alkante bestorm om die Boere onverwags te oorweldig, was 'n langbeendogter, doodmoeg en baie verskrik langs die gevalle, beroemde Engelse perd van die Kolonel. Sy het die perd pootuit gejaag, hy was heeltemal te kruppel en lam om ooit weer op te staan.

So is Arabella dan as enigste krygsgevangene op die voorpunt van die groot Engelse regiment die volgende

môre met dagbreek die dorp in geleide gedoen om vir hoogverraad skuldig te staan voor die Kolonel, omdat sy die Koningin se vyande gehelp en die Kolonel se Engelse perd gesteel het.

Sy kon net die reine waarheid vertel as verskoning; dat sy die adjudant 'n slaapdrank gegee het, die Engelse perd van die Kolonel geleen het, om haar verloofde te gaan waarsku en kans te gee om te ontsnap, sodat hy die oorlog kon voortsit.

Die Kolonel was eers so kwaad soos 'n gewonde buffel van verontwaardiging, terwyl Bella in die beskuldigdebank gesnik het. Tant Grieta het naby die deur van die militêre hof so hard gestaan en huil dat die Kolonel moes dreig om haar te laat opsluit vir minagting van die hof.

Maar die Kolonel se woede het stadigaan bedaar, van agter sy groot snorbaard het 'n sagte glimlag begin vertoon, en nadat hy 'n paar groot militêre woorde kwytgeraak het, was sy bevinding dat hy sy eie dogter sou onterf as sy onder soortgelyke omstandighede nie dieselfde sou gedoen het nie. Sy uitspraak was dat hy nie 'n jong meisie kon laat doodskiet nie, omdat sy die Koningin se perd gesteel het om haar verloofde te red. Haar regte naam sou voortaan „Rebel"-la wees. Om te verhoed dat sy nog meer kommando's van ondergang red, sou hy vir Rebella en tant Grieta die volgende week na die konsentrasiekamp stuur.

Van daardie môre af was haar naam Rebella, asof dit haar doopnaam was.

Maar voor die week om was, het Klein Piet met sy kommando teruggekom, die Engelse uit Nergensdorp verdryf en vir Rebella en tant Grieta saamgeneem na Generaal Michal Prinsloo se groot laer tussen Fouriesburg en die voetpad wat oor Golden Gate na Harrismith lei.

In hierdie laer het meeste vrouens en dogters geweers gedra, wat hulle net so goed soos enige man kon hanteer. As almal maar net 'n leeuehart soos Rebella gehad het, was daar miskien geen algemene oorgawe van hierdie groot Vrystaatse laer, om die moed van 'n volk wat vir sy vryheid veg, te breek nie.

Die groot laer was soos 'n dorp van tente op wiele, met prokureurs, veldkornette en predikante. Die boerelewe het normaalweg sy gang gegaan, asof dit net een lang Nagmaalkamp was. Niemand kon egter vir verder as 'n myl uit die kamp waag sonder om deur die vyand se spioene gejaag of geskiet te word nie.

Soos die jong bloed dit wou hê, is Rebella en Klein Piet

dan in die laer getroud, met kanongebulder in die verte uit die rigting van Ficksburg en Bethlehem as die enigste orrelmusiek. Dit was 'n ware militêre Boerehuwelik, met beide mans en vrouens gewapen en selfs die bruidsmeisies en bruid het bandeliers omgehang in plaas van met blomme getooi te wees.

Maar hulle huweliksgeluk was van korte duur, want die oorgawe van die groot laer het gou daarna plaasgevind. Klein Piet met sy klein groepie dapper manne het egter uitgejaag en met 'n bergpaadjie ontsnap, wat eintlik net vir bobbejane begaanbaar was, om die oorlog vir 'n verdere twee jaar voort te sit.

Rebella is egter as krygsgevangene na die konsentrasiekamp vervoer, soos die Kolonel haar vroeër veroordeel het. Hier is haar kindjie later gebore om weer gou van die wêreld en die treurende moeder afskeid te neem.

Dit was in die jaar 1900. Klein Piet het in die veld gebly tot in Mei 1902 die vrede van Vereeniging 'n einde gemaak het aan die voortvlugtende lewe wat hy en sy makkers met hul leeueharte moes ly.

Na die vrede het oom Piet vir sy seun 'n plaas in die Magaliesbergse gekoop waar hy en sy jong vroutjie rustig kon gaan woon.

Met die koms van die tweede winter het hulle per donkiewa afgetrek in die bosveld tot oorkant die Magalakweenrivier, om grootwild te skiet vir die velle en biltong en om sout by die soutpanne te koop. Klein Piet het ook sy wa vol mielies gelaai om dit vir osse te gaan ruil, want die kaffers in die bosveld het daardie jaar geen oes gehad nie.

Maar die Engelse Oorlog het selfs die klimaat van die land versteur, die reëns het daardie jaar te vroeg gekom, met die gevreesde malaria in sy gevolg. Beide Klein Piet en die nuwe baba het ernstig siek geword aan die koors. Die kafferdrywers het vas geglo dat dit „tagati," dit wil sê, 'n toordery is wat die trek oorval het, en uit vrees daarvoor die bosse ingevlug.

Hulle het vir Rebella net so alleen met die donkies in die wildernis gelaat, met haar geliefdes dodelik siek op die wa, om haar weg tuiswaarts te baan deur 'n woeste boswêreld wat selfs vir 'n sterk fris boer moeilik was om te begaan.

Die trek was ongeveer 200 myl van die naaste dokter of apteek af en in die wilde bosveld was dit goed veertig myl van een kafferwinkel tot die volgende, waar jy blikkiesmelk, sardiens en bully beef kon koop en miskien patente

medisyne wat gewaarborg was om enige siekte af te weer behalwe die dood.

Dit is dus geen wonder nie dat Klein Piet een nag op 'n verre uitspan in die wildernis tot sterwe gekom het. Rebella het self sy graf gegrawe en hom eiehandig weggelê onder 'n groot soetdoringboom aan die voet van die Kransberge wat soos 'n katedraal oor die bosveld troon. Sy was vingersiel alleen met haar siek baba en die donkies. Die beste gedenkteken wat sy vir haar geliefde man kon maak, was, om met haar trane en 'n rooiwarm yster die volgende woorde op 'n sterk plank diep uit te brand en dit teen die soetdoring vas te spyker:

„Moenie hierdie boom afkap nie, dit bied skuiling aan my dierbare man."

Was dit nie vir haar baba en haar eie leeuehart nie, sou Rebella miskien moed opgegee het, en die donkies oorgelaat het aan die leeus, om 'n verlate en vervalle wa met miskien 'n hopie bene na te laat as geheim van die boswêreld vir ander biltongjagters om op te los as hulle in later winters dit daar mag raakloop.

As ons vandag per trein, motorbus of motorkar deur die Bosveld reis, is dit moeilik om jou die wildernis voor te stel waardeur Rebella, vingersiel alleen haar donkies moes dryf, terwyl haar siek baba onophoudelik binne die watent huil. Vandag is daar 'n gebaande weg deur die bosse, 'n brug oor elke spruit en die landstreek is dig bewoon, sodat boere langs die pad so 'n vrou hulp sou kan bied. Maar in daardie dae was die boswêreld nog onbewoon en woes, sodat Rebella die wa deur modder, sand en vloedwaters moes loods.

Bedags kon sy nie slaap terwyl die donkies wei nie uit vrees dat hulle in die digte bosse kon verdwaal. In die nag, met al die diere vasgemaak aan die trekketting, was daar min kans vir slaap, met al die gestamp, geskop, gekreun, gerol, ja selfs gebalk en geruk aan die wa, behalwe nog dat sy 'n waaksame oog moes hou om nie deur wilde kaffers oorval te word nie, of uit vrees dat leeus haar trekdiere in die donker kon doodbyt.

Die enigste waarvan sy kon lewe, was koffie, biltong en mieliepap met 'n bietjie blikkiesmelk vir haar siek baba. Geen wonder nie dat sy heeltemal uitgeput was toe die trek die Krokodilrivier by Wag-'n-Bietjie-Drif bereik.

Hier het sy amper verongeluk. Die drif was destyds lewensgevaarlik, die pad het in die stroom afgedaal om vir 'n halfmyl in die rivierbedding stroomop te gaan voor

dit die oorkantste wal kon uit. In die middel van die stroom het die voordonkies besluit om kort om te draai.

Dit was nes 'n voorbeskikking dat 'n poliesman te perd op patrolliediens van oorkant af haar tegemoet gekom het en hulp kon bied juis op die kritieke oomblik toe dit onvermydelik was dat die wa in die stroom moes omkeer om vrou en kind, donkies en al te laat afspoel na die diep gate wat vol krokodille was.

Dit was 'n gelukkige einde van 'n tragedie, maar tog net die voorspel tot 'n nuwe lewe.

Gert van Tonder, die jong poliesman, was maar net op algemene patrolliediens, en toe hy haar trek veilig deur die drif gehelp het, was hy vry om haar verder as drywer en beskermer te vergesel, tot terug op haar eie plaas. Sy Engelse poliesbaas sou hom nooit oor die kole haal omdat hy 'n hulpelose vrou met haar siek baba se lewe gered en veilig tuis besorg het nie.

Rebella was nog geen twee-en-twintig jaar oud nie. Sy was te jonk om die lewe as weduwee tegemoet te gaan, maar as vrou en moeder was sy te oud om as kind in haar eie moeder of oom Piet, haar skoonvader, se huis opgeneem te word.

Mettertyd het sy dus die huweliksaansoek van haar weldoener Gert van Tonder aangeneem om 'n tydjie van geluk te smaak, wat maar baie kort en bittersoet was.

'n Maand na die wittebroodsdae het 'n pofadder haar kindjie aan die voet gepik in hul tuin, terwyl Rebella op weg was na die polieskamp om Gert se elfuur-tee weg te bring. Toe sy op die toneel afkom, was die kindjie reeds dood, heeltemal blou-swart en verskriklik vir die moeder om te aanskou.

'n Week na die begrafnis het Gert van Tonder op sy gewone roetine patrolliediens op 'n afgeleë boereplaas vergiftiging opgedoen en is daar oorlede voor die plaaseienaar die dokter in hande kon kry.

„Die Heer kasty wie Hy liefhet," is 'n ou Boeregesegde. Die bure het egter gedink dat Rebella gestraf word net om haar opregtheid te toets, soos 'n Job vanouds.

Vir Rebella self was die dood van haar kindjie en van haar tweede man, nog voor 'n nuwe baba aan die kom was, 'n beproewing van die Heer, omdat sy haar Klein Piet te gou vergeet het.

In boetedoening het sy dan vir ou oom Piet en gesin gaan huishou, waar die moeder hulle ook ontval het. Hier het sy haar sorgende hand oor alles gehou en stelselmatig elke

huweliksaanbod van die hand gewys. In diens van oom Piet en sy nageslag het sy sekerlik reeds lankal die beker van boetedoening geledig, vir sonde wat sy nooit begaan het nie.

Totdat oom Piet te oud geword het om te trek, het hy haar elke winter met die ossewa na daardie soetdoringboom in die wildernis teenoor die Kransberge geneem, in pelgrimstog om haar oorlede Klein Piet se graf te besoek en in orde te bring.

Maar nooit wou sy toestem om 'n grafsteen daarop te plaas nie, om die verweerde plank teen die boomstam met die woorde deur haar trane en 'n warm yster ingebrand se plek te neem. Sy het gepleit dat die masjestueuse Kransberg self as die enigste geskikte grafsteen van haar oorlede man moes bly.

Nou alreeds oor die sewentig jaar oud, lyk tante Rebella vandag soos die moeder van haar volk, met haar sneeuwit hare, fyn besnede neus en sagte wimpers oor die diep blou oë wat deur 'n man se hart en verstand kan kyk om te weet of hy 'n siel het of nie, en wat die hele wêreld se smarte kan verbeter agter 'n skyn van vreugde.

Vir die Boeregemeenskap van Skranderberg is sy 'n ware Presidente, haar woord is wet, dit word deur Oupas en Grootoupas eerbiedig. Selfs die Engelse boere, afstammelinge van die setlaars van die jare na die Engelse Oorlog, respekteer haar net asof sy hul koningin is soos Victoria of nou Elizabeth.

Ja, die woord Saga moet nie ligtelik gebruik word nie. Maar so lui die Saga van tante Rebella.

Dis so jammer dat Anton van Wouw, toe hy die standbeeld van president Kruger in Pretoria ontwerp het, nie onthou het nie van die Saga-tipe van die Afrikanervrou, wat so uitmuntend verteenwoordig word deur tante Rebella. Hy het die waardige President omring deur vier gewapende burgers aan sy voete, twee bejaarde en twee jong Boerevegters. Hy kon gerus in twee van die vegters die Boerevrou uitgebeeld het wat 'n man se werk kon doen in oorlog sowel as in vrede.

Een van hulle kan tante Rebella wees, met haar sneeuwit hare en arendsoë, en die ander die jong nooientjie, die langbeen Arabella Groenewêreld met haar goue haarvlegsels om haar hals, soos sy was toe sy die Engelse Kolonel se perd uit die stal gesteel het om hom bloots deur die donker nag dood te jaag, om haar verloofde Klein Piet se vryheid te red.

Hy moes albei vrouens uitgebeeld het met geweer en bandelier gewapen, soos Rebella dit teen die Engelse spioene gebruik het toe sy 'n bruid was in die groot laer van generaal Prinsloo tussen Fouriesburg en Golden Gate.

Moontlik sal met die verskuiwing van die Krugerstandbeeld in 1954 na die middestad in Pretoria, 'n plan beraam word om die Boerevegters rondom die President so aan te vul dat die Saga-tipe Boerevrou 'n ereplek sal inneem en verewig word as wagters aan die voete van hulle waardige en dierbare President.

# M. Mok

## DE BALLADE VAN DE RUITER

Daar reed een ruiter in de stad.
Hij hield de teugels aangevat
met moede handen; zijn gelaat
stond eenzaam in de schemerstraat.

Schier dromend steeg hij van zijn paard.
„Verzorg het goed," zei hij de waard,
en trad de kamer in en zat
alsof hij nooit bewogen had.

„Hebt gij een lange reis gehad?"
„Vier maanden ben ik reeds op pad."
„Wat is uw doel!" „Ik weet het niet.
De verte zingt een wonder lied."

De maagd bracht drank en spijzen aan.
Hij scheen al uren hier vandaan.
Geen kon hem volgen op zijn reis
achter die wonderlijke wijs.

De duisternis omsloot het huis,
de bomen maakten stil geruis.
Hij sliep en heel de wereld sliep,
waardoor het vreemde zingen liep.

Alleen een schaduw kromp tezaam
tegen het vierkant van een raam
en stiet door nacht en stilte heen
een dolk tot op het harde been.

De morgen opende haar poort,
toen werd een groot geklaag gehoord:
„De maagd is dood! Haar lijf en goed
zijn donker van vergoten bloed!"

Men riep de vreemde gast omlaag
en viel hem aan met klacht en vraag.
Hij zag hen stil en dromend aan:
„Het is mijn tijd, nu moet ik gaan."

„Hebt gij uw euveldaad geboet?
Gerechtigheid eist bloed voor bloed!"
Toen heeft hij zwijgende gestaard.
Verlaten hinnikte zijn paard.

Hij werd het marktplein toegesleurd,
de hemel was met goud gekleurd,
de bomen zongen ijl en hoog,
daar hen de morgenwind bewoog.

De priester sprak: „Mijn zoon, nu bidt,
dat Jesus uwe ziel bezitt'!"
Maar hij bleef stil te kijken staan
en hoorde niet de priester aan.

Dan, eer hij opgetrokken werd,
zochten zijn ogen naar de vert'
en juichende bezong zijn stem
het hemelse Jeruzalem.

„Uw lied, Heer Jezus, riep mij aan.
Uw zingen zal ik binnengaan."
Zacht gleed het gouden morgenlicht
over zijn stervende gezicht.

# Oor die Literêre Begrip „Simbolisme"

WILFRIED DE PAUW

Die digterlike vernuwing wat in die tagtiger en negentigerjare van die vorige eeu in die literatuur van Europa tot uiting gekom het, word in sy breedste sin gekenmerk deur sy idealisme en deur die teoreties gegrondveste bewussyn van hierdie idealisme by die digters self.

Wanneer ons hierdie literêre beweging of sy onderdele wil bespreek, is dit noodsaaklik om oor 'n term te beskik, 'n benaming, wat ondubbelsinnig op presies dié periode en beweging slaan en hom heeltemal dek.

In die geskiedskrywing van die letterkunde van hierdie periode in die Nederlande, Duitsland en Frankryk het tot nou toe nog net die Franse literatuurhistorici gebruik gemaak van een enkele naam, omvattend genoeg en in sy gebruik omlyn genoeg, om vermelde periode en sy skrywers te benoem. Hulle gebruik die term „Simbolisme".

In die Nederlandse letterkunde heers 'n Babelse verwarring van terme met betrekking tot hierdie tydperk. Benaminge soos die „Nieuwe Gidsers", die „Tachtigers", die „Beweging van Tachtig", „impressionisme", sensitivisme", „neo-romantiek" en „renaissance" word deurmekaar gebruik — soms as sinonieme, dan weer met minieme onderlinge verskille of selfs as teenstellings.

In die Duitse terminologie vind ons meestal die benaminge „Impressionismus" en „Neuromantik", ook soms as sinonieme gebruik, dan weer om twee op mekaar volgende bewegings aan te dui.

Sowel in die Duitse as die Nederlandse letterkunde is die term „simbolisme" bekend, alhoewel dit selde in 'n sterk omlynde betekenis aangevoer word. Nogtans blyk hierdie term die geskikste om as 'n omvattende benaming te dien vir die Europese digterlike vernuwing van die einde van die 19e eeu.

„Nieuwe Gidsers", „Tachtigers", mag in die Nederlandse literatuurgeskiedenis op hul plek wees — nou dat hulle al eenmaal geyk is — en so goed en so kwaad as dit gaan dien as 'n opskrif waaraan 'n sorgvuldige begripsbepaling

tog weer betekenis moet verleen. Buite die grense van die Nederlandse letterkunde verloor hulle alle betekenis.

Die begrip „impressionisme" stam uit die skilderkuns, waar hiermee 'n duidelik bepaalde skildertegniek, kleur- en verfhantering en behandeling van die onderwerp aangedui word. 'n Oordrag van hierdie term op die letterkunde is nie moontlik nie sonder om 'n nuwe suiwer begripsbepaling vir 'n letterkundige impressionisme te skep en dit dan konsekwent toe te pas. En dan nog bly die gevaar bestaan van onwillekeurige begripsverwarring, aangesien twee totaal verskillende kunsbegrippe met dieselfde woord aangedui word. Die benaming „impressionisme" is dus ontoereikend wanneer 'n digterlik oeuvre in sy geheel beskou word, ja selfs wanneer dit oor bepaalde stilistiese effekte gaan. Die digkuns kan die betekenis van die woord nie uit die taal uitsluit nie. Die aanwending van die suiwer pikturale element, los van die ideële, soos die impressionistiese skilder dit kan doen, is in stryd met die essensie van die woordkuns. Hierom is dit ook onverantwoord om die term „impressionisme" as globale, vorm- en inhoudomvattende karakterisering op die woordkuns te wil toêpas. Die term „impressionisme" in die lettere is in homself inhoudloos, idee-loos, en bly 'n gebrekkige en verwerplike aanduiding van 'n skryftegniek. Dit is nie geskik om 'n literêre werk met 'n bepaalde vorm, styl en inhoud te karakteriseer nie. Die doel en ontoereikendheid van die benaming „impressionisme" in die woordkuns vind ons treffend gekarakteriseer by Van Deyssel: „Door impressionistiesch wordt verstaan, dat de schijn, die de dingen aannemen voor het oog van den schrijver, zonder nader onderzoek omtrent hun wezen, vertolkt wordt. Daarin ligt ook de gehele beeldspraak. Daarom is impressionisme alleen een genre van beeldende kunst en is de impressionistische literatuur die, welke het meest de schilderkunst nadert." (*De Amsterdammer,* 12 Oktober 1884).

Reeds in die woord „neo-romantiek" of „Neuromantik" lê die ondoelmatigheid van sy begripsaanduiding opgesluit. Wanneer ons met „romantiek" 'n duidelik bepaalde literêre of geestelike stroming teen die einde van die agttiende en aan die begin van die negentiende eeu bedoel, moet ons die naam „neo-romantiek" verwerp, want 'n wedergeboorte van die romantiek het nie plaasgevind nie.

Vanselfsprekend het die nuwe literêre stroming sowel in Nederland as in Duitsland in die romantiek gewortel, net soos elke stroming wat sedertdien ontstaan het. Dit is deur

die romantiek gevoed en was vanselfsprekend verwant daarmee. Wil ons die romantiek sien as 'n teenstelling tot die rasionalisme van die agttiende eeu, so kan ons die nuwe rigting beskou in teenstelling tot die positivisme van die negentiende eeu. Maar die spesifieke en eie karaktertrekke van die laaste is te veel 'n uiting van 'n ander tyd, van 'n nuwe poësie, van 'n nog nooit so bewuste gesoek na die Skone, dat ons dit by gemis aan 'n oorskouende en tog deurdringende blik met die dooddoener „neo-romantiek" mag bestempel.

Waar ons die inhoud sowel as vorm van die vernuwende poësie in een term wil weergee, is die benaming „simbolisme" hiervoor die mees aangewesene. Kloos, Verwey en Gorter was — gesien teen die Europese agtergrond — die Nederlandse digterlike verteenwoordigers daarvan. Vir die gevoelsubjektivis Kloos het elke sensasie gedien tot vertolking van die Lewe; in die ideëpoësie van Verwey is die natuuruitbeelding 'n filosofiese simbolisme, waarmee hy sy Spinozistiese opvatting van die Alnatuur weergee; Gorter se sinestesieë en gewaarwordingsubjektivisme is die uitdrukkingsvorme van sy estetiese en sosiale simbolisme.

In die Duitse letterkunde kan ons Hofmannsthal, George, Wolfskehl en Rilke as verteenwoordigers van die simbolisme beskou.

Die simbolisme was die deurbraak van 'n poëtiese idealisme en in sy verskeidenheid as sodanig herkenbaar in Frankryk, België, Nederland, Duitsland en ander Europese lande. Dit was die stellingname van 'n op sigself staande Idee van die digkuns teen sowel die intellektualisme as die materialisme. Graag het dit gebruikgemaak van mites en legendes uit die klassieke oudheid of van 'n denkbeeldige wêreld.

Uit die transposisie van hul bewussyn van die metafisiese eenheid van al die bestaande in die kuns, stam die groot bewondering van baie simboliste vir die eenheid van poësie, drama en musiek soos hulle dit by Wagner aangetref het. Dikwels filosofies bewus van die eenheid van die heelal, het hulle ook elke uiting hiervan, elke fenomeen, weer tot 'n eenheid herlei. Vandaar soms dat hulle geen skeiding maak tussen die adjektiewe wat ons verskillende sintuiglike indrukke weergee nie. Vir hulle was klank, kleur, gevoel en vorm verskillende aspekte, geen wesensverskille nie. Die sintuiglike indrukke kon dus in die taal met onderling verwisselbare adjektiewe deur ongewone gebruik geïntensifieer word. In hierdie verband kan ons dus ook

die sinestesieë as simbole beskou. Volgens die Franse opvatting behoort hulle trouens tot die wesenstrekke van die simbolisme. By Baudelaire vind ons die eerste bewuste aanwending hiervan:

CORRESPONDANCES

La nature est un temple où de vivants pilliers
Laissent parfois sortir de confuses paroles;
L' homme y passe à travers des forêts de symboles,
Qui l' observent avec des regards familiers.

Comme de longs échos qui de loin se confondent
Dans une ténébreuse et profonde unité,
Vaste comme la nuit et comme la clarté,
Les parfums, les couleurs et les sons se répondent.

Ilest des parfums frais comme des chairs d' enfants,
Doux comme des hautbois, verts comme des prairies,
Et d' autres, corrompus, riches et triomphants,

Ayant l' expansion des choses infinies,
Comme l' ambre, le musc, le benjoin et l' encens,
Qui chantent les transports de l' esprit et des sens.

Sowel in Duitsland as in Frankryk en Nederland het die „Philosophie des Unbewussten," van Eduard Hartman, in stygende lyn opgang gemaak en die metafisiese probleme van die kunstenaars idealisties beïnvloed. Veelal dra die simbolisme hiervan in hom ook die religieuse besieling tot uitdrukking van die Godsbegrip, die begrip van die Heelal, van die Wêreldsiel, van die Natuur, van die Absolute, van die Lewe, van die Idee.

In elke verskynsel van die buitewêreld sien die digter met nuwe oë slegs die simbole waaragter die ideë — die werklikheid — hulle verskuil. Dit word die taak, die roeping, die priesterskap van die kunstenaar om die goddelike transposisie te verwesenlik tussen die feitlike en die ideële wêreld: „la divine transposition pour l' accomplissement de quoi existe l' homme, . . . du fait à l' idéal." (Mallarmé).

Die Franse praat van „poésie pure", George het gespreek van „geistige Kunst", Verwey van „zuivere beeldkunst". En in sy „Inleiding" tot die gedigte van Jacques Perk het Kloos terugverwys na die definisie van Leigh Hunt: „Poetry is imaginative passion." Stuart Merrill vat die

hele simbolisme as volg saam: „Le Poète diot être celui qui rappelle aux hommes l' Idée éternelle de la Beauté dissimulée sous les formes transitoires de la vie imparfaite.

„Parmi toutes les formes que lui présente la Vie, il ne doit donc choisir, pour symboliser son idée de la Beauté, que celles qui correspondent à cette idée. Des formes de la Vie imparfaite, il diot recréer la Vie parfaite." (*Ermitage,* Junie 1893).

Vir die digkuns van die Idee in die Europese letterkunde teen die einde van die negentiende eeu is „simbolisme" dié aangewese benaming.

# A. Alberts

## DIE DENKER

Die denker is verskriklik arm:
hy ly net één, 'n enkel lewe.
Geen tweede son sal hom verwarm
wanneer hy in sy winter bewe;

geen ander pad mag hy ooit loop nie,
maar altyd op dieselfde spoor...
Hy hou tot selfs sy laaste hopie
vir herbewandeling daarvan oor.

Net waar hy staan, daar staan hy pal,
in daardie diens, maar nooit in meer nie.
vind hy dit min — sy klein heelal —
lê hy hom nie by eenvoud neer nie?

Hy neem geen handperd saam met hom nie,
geen agterdeur om uit te kom nie.

## DIE ANKER

Soos vol riviere oor hul walle
'n tenger rietstronk kan laat bewe,
so kan hul by die duisendtalle
verenig toesak op my lewe.

Hul kan my stem totaal oordonder,
sodat niemand van my hoor nie;
hul kan my toetrap, diep daaronder,
waar geen ligstraal ooit deurboor nie.

Die magte van die duisternis
is in die mensdom ingekanker,
en tog, asof dit veilig is
solank ek vashou aan my anker,

sal ek so bewe soos 'n riet
wat in die waarheid wortelskiet.

# 'n Probleem van die Afrikaanse Literatuurgeskiedenis

E. LINDENBERG

Die skryf van 'n literatuurgeskiedenis bied 'n aantal boeiende probleme, prinsipeel sowel as prakties. Een van die mees omstrede hier te lande is dié van die begindatum van die Afrikaanse letterkunde en die daarmee gepaard gaande vraag na 'n „Suid-Afrikaanse" letterkunde. Dat daar baie uiteenlopende standpunte ten opsigte van hierdie kwessies bestaan, sal seker geen verbasing wek nie. Wat egter wél verduideliking vereis, is die feit dat dié uiteenlopende opvattings kan uitloop op identies praktiese „oplossings". Dis dus wel nodig om weer ou koeie uit die sloot te grawe.

Ongelukkig kan mens nie in die bestek van 'n kort artikel al die menings volledig tot hul reg laat kom nie, selfs nie eers na al die belangrikste literatuur verwys nie. Gerieflikheidshalwe het ek besluit om as uitgangspunt te neem Antonissen se bespreking van die probleem in die inleiding tot sy literatuurgeskiedenis.[1] 'n Mens moet Antonissen ter ere nagee dat hy ten minste 'n prinsipiële verantwoording gee, dat hy die probleem helder stel en sy eie standpunt ondubbelsinnig uiteensit. Dis dus geensins ons doel om hom as die „sondebok" voor te stel nie.

Reeds die titel van sy werk gee 'n aanduiding van Antonissen se persoonlike standpunt. Literatuurgeskiedenis is naamlik vir hom veel meer omvattend as slegs 'n studie van taalkunswerke as sodanig, dis nie net „de literatuur-in-een-bepaalde-taal" nie maar noodwendig „de-literatuur-van-een-volk."[2] „Zuid-Afrikaansche" letterkunde is dus vir hom „een *nationaal* begrip."[3] Tot die Suid-Afrikaanse letterkunde reken hy dan:

„(a) de literatuur-in-het-Afrikaans.
(b) de werken-in-het-Nederlandsch vóór en na 1875 — in al of niet zuiver Nederlandsch! —, die een uiting zijn van den Afrikaanschen geest.

1. Dr. Rob. Antonissen: *Schets van den Ontwikkelingsgang der Zuid-Afrikaansche Letterkunde;* 1e Deel: Studie; „Pro Arte" Diest (s.j.).
2. t.a.p., bl. 14.
3. t.a.p., bl. 16.

(c) de werken in andere talen, zoover ze aan hetzelfde vereischte voldoen als de onder (b) bedoelde Nederlandsche. Wat laatstgenoemde rubriek betreft, komen vooral enkele werken-in-het-Engelsch en -in-het-Duitsch in aanmerking (de voornaamste zijn zeker dié van Olive Schreiner, Roy Campbell en Hans Grimm); ze zijn echter noch zóó gering in getal dat hun opname in een schets van den ontwikkelingsgang der Afrikaansche letterkunde als deze noch niet opdringt."[4]

Ek het hier taamlik uitvoerig gesiteer om moontlike dubbelsinnigheid te voorkom. Dit is opvallend dat Antonissen wel uitgaan van „geest en sfeer" as uitgangspunt, maar dit nie konsekwent toepas nie. Hy pas dit slegs toe op literatuur in ander tale. Hy wil nl. Campbell se poësie tot die Suid-Afrikaanse en Verhaeren s'n tot die Nederlandse (?) reken, maar alhoewel Campbell se poësie op 'n hoër peil staan as seker goed die helfte van wat in Antonissen se bloemlesing opgeneem is, word dit nie in die oorsig behandel nie omdat die Suid-Afrikaanse literatuur in Engels nog „zóó gering" is! Moet ons dus aflei dat kwantiteit by hom meer tel as kwaliteit? Ek meen dat die praktiese gevolge van sy standpunt Antonissen afgeskrik het. Roy Campbell word tot die Engelse letterkunde gereken, so ook James Joyce. 'n Engelse literêre geskiedskrywer sal moontlik gewillig wees om 'n tweederangse Ierse skrywer (in Engels) tot die Ierse letterkunde te reken, maar 'n groot skrywer nooit! Die taal bly die deurslaggewende faktor. As 'n „Amerikaanse," „Australiese" of „Ierse" skrywer (in Engels natuurlik) slegs tot daardie (hipotetiese) letterkundes gereken sou word, sou so 'n klassifikasie myns insiens die waarde-oordeel inhou van: „merely local significance." Hierin gee ek Greig[5] dus gelyk: as 'n Suid-Afrikaner in Engels 'n kunswerk skep, lewer hy 'n bydrae tot die Engelse letterkunde.

Ook wat punt (c) betref, het Antonissen nie sy argument deurgevoer nie, want waarom noem hy Engels en Duits, maar nie ook Zoeloe, Sotho en ander Bantoetale nie? Is hulle dan minder „Suid-Afrikaans" as Afrikaans, Engels en Nederlands? Ook Greig het in sy mooi artikel die ongelukkige woordjie „Suid" gebesig en daardeur 'n skerp kritiek van prof. Hoernlé uitgelok.[6] Of ons gemeenskaplike

4. idem, bl. 17.
5. J. Y. T. Greig: Engelse Letterkunde in Suid-Afrika; *Jaarboek van die Afrikaanse Skrywerskring* 1938, bl. 165-9.
6. R. F. A. Hoernlé: Kan ons van 'n „Engelse Letterkunde in Suid-Afrika" praat? *Jaarboek van die Afrikaanse Skrywerskring* 1939, bl. 92-98.

trekke in verskillende letterkundige werk sou kon vasstel en dié dan „Suid-Afrikaans" noem, is 'n twyfelagtige vraag wat ons buite die terrein van die letterkunde *as* letterkunde voer. En hoe sou 'n literatuurgeskiedenis daar uitsien wat werke behandel in Afrikaans, Engels, Duits, Zoeloe, Sjinees, Russies ens. — wat alles volgens Antonissen en Hoernlé se kriterium 'n toekomstige moontlikheid is! Wie sou dit skryf? Wat sou dit nog werd wees? Die woorde „geest en sfeer" is eenvoudig te vaag en dubbelsinnig om van veel nut te wees. Dan gaan ons een van die dae twis daaroor of 'n digter soos Van Wyk Louw bv. 'n Afrikaanse, Engelse of Duitse digter is. Hoe veelsydiger die kunstenaar, hoe meer uiteenlopende letterkundes hy in die „geest en sfeer" sal benader. Sou „universaliteit" onmoontlik wees?

Hierteenoor wil ek graag stel wat vir my skyn die natuurlike en logiese benadering te wees. By die vasstelling van wat wel en wat nie tot die Afrikaanse letterkunde behoort nie, geld slegs twee vrae: (1) Is dit Afrikaans? en (2) Is dit letterkunde? Die eerste vraag is 'n *taal*kundige waarby natuurlik die probleem opduik van oorgangstadia. (Moontlik sou hierby die geografiese en „nasionale" oorwegings as sekondêre kriteria 'n rol speel.) In die praktyk sal die tweede kriterium egter so te sê al die twyfel-gevalle uitskakel, aangesien die oudste geskrifte in „Nederlands-Afrikaans" of „Afrikaans-Nederlands" meesal geen taalkunswerke is nie, maar slegs historiese en taaldokumente. Indien die eerste vraag positief beantwoord is, kan die letterkundige slegs vra: is hierdie organisasie van woorde 'n taal*kunswerk,* m.a.w. is dit georden op die wyse van die letterkunde of nie? Daarna kan hy ingaan op verbande met soortgelyke werke en op „agtergrondstudie." Die aandag moet egter gesentreer wees op die werke self en nie op die agtergronde nie. Die geskiedenis bestaan by die grasie van die kunswerk en nie andersom nie. Van 'n literatuurstudie sou mens dus redelikerwyse kon verwag om 'n duidelike skeiding te maak (of ten minste te probeer!) tussen letterkunde en nie-letterkunde. Ten spyte van hulle (m.i. te wye) opvattings van die doel van 'n literatuurgeskiedenis, probeer beide Antonissen en Dekker deurgaans om die koring van die kaf te skei.

Die vraag: Is dit Afrikaans? laat nog 'n moeilike vraagstuk onbeantwoord wat ek wil verduidelik aan die hand van 'n aanhaling uit Dekker se literatuurgeskiedenis: „Die taal, letterkunde en die kultuur in die algemeen van Nederland voor 1652 is dus die gemeenskaplike besit van die

Nederlandse en Afrikaanse volke, en ons kan met volle reg Maerlant en Vondel tot ons letterkunde reken."[7] Ek meen dat Dekker sy argument sou versterk het as hy hom beroep het, nie op die „volk" nie, maar op die taal. Volgens hierdie argument is die Afrikaanse taal, net soos moderne Nederlands, 'n voortsetting van sewentiende-eeuse Nederlands, sodat beide tale 'n ewe regmatige aanspraak kan maak op die letterkunde vanaf die Middeleeue tot die sewentiende eeu. Só gestel is die argument onomstootlik, want die Engelse letterkunde sluit bv. ook die Ou-Engelse en Angelsaksiese in. Selfs die Vlaamse letterkunde argumenteer so. (Ek kan hier nie daarop ingaan of daar regverdiging voor bestaan om van 'n Vlaamse letterkunde naas die Nederlandse te praat nie.) Die vraag is slegs of so 'n behandeling prakties en/of wenslik is. Aan die een kant is dit uiters wenslik dat ons nie sommer goedsmoeds ons Europese agtergronde en kontakte verontagsaam nie, maar aan die ander kant voel 'n mens dat die geografiese en politieke skeiding ook op letterkundige terrein die kontinuïteit verbreek het, dat in Afrikaans as 't ware van voor af aan begin is, dat die ontwikkeling hier, sê vanaf 1875, parallel verloop met die ontwikkeling in Nederland vanaf die Middeleeue tot op hede. Alhoewel ek die saak voorlopig wil ooplaat, neig ek tot laasgenoemde opvatting, wat ook deur Antonissen in die praktyk toegepas word (ook deur Dekker). In ieder geval is dit tog duidelik dat ons geensins die Engelse en die Nederlandse ((sewentiende-eeuse) literatuur wat in Suid-Afrika ontstaan het oor dieselfde kam kan skeer nie.

Om saam te vat: myns insiens moet ons praat van die *Afrikaanse* literatuurgeskiedenis en dit interpreteer as „geskiedenis van die taalkunswerke in die Afrikaanse taal." Dieselfde geld *ipso facto* vir enige ander letterkunde, Engels sowel as Zoeloe, maar „Suid-Afrikaanse" letterkunde kan hoogstens beteken: „letterkunde ontstaan in Suid-Afrika," waardeur die begrip onhanteerbaar wyd word.

7. Dr. G. Dekker: *Afrikaanse Literatuurgeskiedenis,* 3e druk; Kaapstad, Bloemfontein en Port Elizabeth 1941, p. 5.

# Amand Simoens

## SEHNSUCHT

Eenzamer dan ik is nooit een door 't leven
gegaan. Vandat ik innerlijk te bloeien
begon, vermocht géén ding me nog te boeien
dat enkel zinsbevrediging kon geven.

O 't hunkeren der ziel, door niets te stillen!
wars van geweeg, verwerpend al bedillen!

Verholen drang, machtiger dan vermoeden
ontkenners, wier orakels willen klemmen —,
geen smeekgebed om deugdelijke remmen
dat niet zich wreekte door verhevigd woeden.

## ONS KENT ONS

Ik wou ik had met God een onderhoud:
nood is onnozel die op mensen bouwt.

Heer, zou ik zeggen, het is niet te harden:
van binnen hang ik letterlijk aan flarden.

Een middel ter bestrijding van de pijn?
Hier faalde zelfs de strafste medicijn.

Laat wie graag snijden met de sonde spelen —
wie kan, als U, verborgen wonden helen?

Mijn hoofd áf dat hij lachend zeide: Mooi!
Vannacht leg ik je ziel weer in de plooi.

## NOODGEBED

Vaak, toen ik nog een kind was, liep je naast
mij door de groene weide, zonder dat
ik 't wist — tenzij veel later. Waar mijn pad
me heenvoer, was me eender. 'k Had geen haast

om ergens aan te komen. Droeg ik niet
in 't hart een grote vreugde, die me naar
niets anders deed verlangen? Door mijn haar
waaide je azem die me nooit verliet.

Waarom, mijn God, nu alles mij ontviel,
loop je niet soms een eindje met me óp?
Licht liep ik dan niet langer met een krop
waarvan de deining aanvangt in de ziel.

# Herfs

D. F. MALHERBE

Sy het haar arm hoog uitgerek om die geel, verwelkte, lang steel van die bloupers blaar van wildewingerd by te kom, wat kleurig oprank teen die muur. Sy wou dit hê, die kwynende blaar om in haar hoofhaar te kom staan. Langsaam stap sy oor die werf op na die stoep en gaan op die rusbank sit, vanwaar sy oor die eikebos in die laagte kyk en verder uit na die mielielande en tot aan die einder waar die aandgloed nog nalewe. Maar sy voel die swaar bonsinge van die hart, wat aan die waarskuwing van die geneesheer herinner, en sy weet dat die geringe inspanning selfs meer was as wat sy in staat toe is. Magteloos voel sy met 'n verswakte hart en vra waartoe sy eintlik nog bestaan, en weet dat sy, nog jonk, wegkwyn soos die blare — dit is haar droewige lewensbrood . . . Is dit daarom dat sy van kleins af so 'n hartstogtelike voorliefde vir sterwende kleure gehad het, nog voor sy gedroom het dat sy voorbestemd was om aldeur te smag na die volle lewe wat haar tog ontsê word? Wat kan sy gee aan Hendrik wat so goed is? Wat as net sorg, sy, die voorwerp van sy gedurige bedagsaamheid? Want die leegte van haar dag is so groot dat selfs die gedagtes wat sy uit boeke haal, armsalige vulsel is, te skraal en troosteloos vir 'n hart om van te lewe . . .

„Elna!" klink dit in die huis.

„Hier, Hendrik!"

Die volgende oomblik staan hy lewensgroot langs haar.

„Al terug? Hoe gaan dit met die oes?"

„Bo verwagting! Die bietjie ryp het min skade gedoen. Maar het jy weer daardie dooie ding in jou hare?" sê hy en wil dit uitpluk.

„Laat staan, Hendrik. Dit pas by my bruin hare."

„Ek het vergeet, in plaas van die rose sal jy liewer sulke goed pluk. Ek het vergeet, jou fiemies!" sê hy goedhartig tergend.

„As dit maar fiemies was! Van kleins af mos — jy weet dit, weet dit — van kleins af die sterwende kleure, die bruin en die geel en die pers, die bloupers en die wynrooi . . . So aangebore . . . En dit pas by my."

„So praat 'n jong vrou!"

„Jonk... sê jy," kom dit uit met 'n soet glimlag wat sy veins, want in haar het sy „jonk" gesink soos bittere spot wat die lewe haar gee, die hunkering na blyheid neergedruk deur swakheid, spot van mooi dae met haar sieklikheid, spot van ander se blosryke gesondheid met haar kwynende gestel... Hoe teleurgesteld moet hy voel met haar wat van die geboorte van hul enigste kind af sieklik en hulpeloos is!

„Jonk, ja! Gaan sit 'n keer mooi fris rose op Pietertjie se graffie in plaas van wildewingerd en sterwende kleure en dan sal jy alles nog vergroei met die jare."

Hiermee het hy haar om die lyf geneem en na binne gegaan met haar in die skemering.

* * *

Ja, hy was teleurgesteld — die bleek gesig en swak gestel van 'n jong vrou. Maar sy liefde het alles gedra, en as haar lewenslus by tye opsprankel en oor haar swakheid heen wil, dan het hy moed gevat en geglo aan volkome herstel. En tydelik geseënd, kon hy haar gee volop aan gerief en voordele.

Die namiddag van die dag daarop was hy vroeër tuis, want hy het die pos sien kom.

In die voorkamer lees Elna 'n brief, toe hy die volpitmieliekoppe op die tafel neersit.

„Kyk so, Elna!"

„Pragtig, man. Van suster-hulle 'n brief wat ons nooi daarheen more-aand; daar sal ook vriende van die dorp wees."

„Graag, as jy wil."

Intussen het sy 'n tweede brief oopgeskeur. Hy merk die ligte blos op haar wange en wonder wat aan die gang is. En sy wonder ook — beelde en gevoelens van lang gelede plots weer lewendig, werklik — haar laaste sien van Piet Jordaan, haar gewuif van vaarwel waar die trein uit gesig swenk — lank weg in Europa — weg ook uit haar gedagte... en nou skielik...

Die brief gly af uit haar hand op die skoot.

„More nog 'n rit."

„Ja?"

„Piet Jordaan sal by die stasie wees."

Daar was 'n sagte huiwering in haar stem.

„Dan het hy jou nog nie vergeet nie. Die romantiek van jonger dae, kyk hoe agtervolg dit jou!"

„Kan dit nie dink nie. Ek is spraakloos nou..."

Sy voel weer die ou bonsing van die hart soos dit gister

was, swaar en vinnig — sy mag haar nie ontstel nie, maar honderd gedagtes het aangevlieg en vrae.

„Maar hy is welkom, alte welkom by ons. As hy 'n vonkie vuur kan kry hier, wie weet hoe dit hom sal help!" sê Hendrik lughartig. „As dit hom sal troos om jou weer te sien . . ."

„Om my weer te sien, 'n wrak te sien, ja, dit sal hom troos as hy weet hoe genadig dit beskik is dat hy nie opgeskeep sit met een soos ek nie . . ."

„Dit is nie so eenvoudig nie, Elna. Asof ek met jou opgeskeep is, asof . . ."

„Geen gedagte nie, man. Maar jy is van ander stoffasie, van 'n geduld en liefde wat skaars is in die wêreld. En daarom is my opmerking nie van toepassing op jou nie, Goddank, nie op jou nie . . ."

„Laat ons goed wees vir Piet Jordaan."

„En miskien oordeel jy verkeerd," val sy bemoedigend by en verberg haar ontsteltenis.

Dié nag terwyl Hendrik rustig slaap, lê Elna stil maar wakker met 'n onstuimige, verwilde hart; lê en wag dat die dag aanbreek, die dag van onsekerheid; lê en wag met gedagtes wat 'n vaart neem die jeugjare in en om langs fleurige momente op dat geringe dingetjies helder prente word, dat lig stroom op vergete ervaringe, dat sy swam in die skoot van eertydse warm verwagtinge — jeug en gesondheid en krag . . . en Piet Jordaan soos toe, werklik, in die tuimelende beelde van haar gees . . . En hoe langer dit duur, hoe onregeerbaarder die verwildheid van haar vleeslike hart. Wat sou hy van sin wees? In die grootstad moes hy haar al lank vergeet het. Dalk wil hy haar net kom troos, sy medelyde wys. Dalk het hy verneem van haar kwynende toestand by sy familie op die dorp . . . Is daar selfverwyt in haar? Sy was tog nog vry om te kies! Ja, maar sy antwoord op haar brief waarin sy hom meegedeel het dat sy met Hendrik gaan trou, het dalk meer ingehou as sy vermoed het, daardie kort, saaklike antwoord was dalk nie sy laaste woord nie, het dalk 'n seer hart verberg. En as hy nou dalk met 'n verwyt kom, opgediep uit wie weet waar? Sy begin vrees vir 'n ontmoeting. Saam op skool, saam by alle pret, maar ook saam alleen, sy vragende blik en . . . nou ja, hy was op haar verlief — dit het sy mos geweet. Maar sy was mos nog altyd vry om te kies . . . En wat op aarde sou dit baat, nou — sy 'n wrak . . . ? Wat sou hy van sin wees?

So het haar siel getob die lang winternag deur. En die

dag vind haar kragteloos, bewerig en vreesagtig dat die nodige inspanning vir haar te veel sal wees. Maar sy sal niks laat blyk nie — Hendrik sal niks weet nie — haar gees sal die liggaam oorwin, as die hart net wil hou . . .

Saam na die stasie sal sy gaan, asof dáár iets beslissends moet gebeur, iets wat haar tot gerustheid sal stem, iets onverstaanbaars wat in Piet se verskyning haar sal gryp en oormeester en sus tot sy vastigheid vind en vrede . . .

Die wagtyd vererger haar moeite en vermoeidheid.

En Piet Jordaan in die naderende trein verkeer ewe-eens in spanning. Dit is tog maar 'n kinderagtige gril wat hom drywe, net maar 'n begeerte om haar te sien, en wat 'n nuttelose sien! Die reis onderneem en weet dat dit nutteloos is . . . Hoe min begryp hy nou van sy eie hart wat hom gedryf het totdat hy nou die laaste myl aflê van 'n reis wat eintlik geen sin het nie. Dit moes hy alles oorlê het voor hy begin het. Maar as hy dan die plan wou laat vaar het, dan sou hierdie onverstaanbare begeerte-hart tog maar weer 'n streep deur sy beredeneerde oorlegging getrek het, en dan sou hy tog maar so gehandel het. Is ons met wil en trotse verstand en al dan maar slawe van die hart? Dienaars van 'n mag wat spot met al ons teëstribbeling? Gebonde waar ons meen om vry te wees? Onder sulke flitse van gedagte hoor hy die trein fluit en voel ongemaklik, onrustig, juis nou waar hy hom moet beheer.

Toe hy na begroeting sy reistas deur die treinvenster vir Hendrik aangee, sê hy in 'n poging om sy ongemaklikheid te oorwin:

„Jammer dat julle moes wag."

„Toe maar, ons is daaraan gewend hierlanges," antwoord Elna met kalme vriendelikheid.

Hoe heerlik het sy dit reggekry om oor haarself te triomfeer, dink Elna terwyl Piet uit die trein stap. Maar hy weet dit: hierdie bloeiende mens van vroeër het verval, en tog . . .

Terwyl hulle na die motorkar stap, probeer Piet die onderskeid vat tussen wat sy nou is na die uiterlike en wat hy hom verbeel het, die skokkende finaliteit van gebeure wat tussenin lê, en dring in hom deur 'n weemoed wat hom spraakloos maak. Maar as Elna dan teen hom glimlag en haar stem, die ou bekende, innige, sprankelende stem hom raak, dan gryp die werklikheid sy droom vas, dat dit alles een word, een versoende heelheid . . .

Op pad na die plaas merk Hendrik die amper onnatuurlike opgewektheid van Elna, wat hy egter opvat as inspan-

nende vriendelikheid sonder te besef wat dit haar kos. Nog minder het sy dit self besef...

„Dit is 'n verrassing, jou koms, Piet!"

„My voorreg, Elna, wat ek my so lank ontsê het."

„Maar jy mis nog altyd 'n ander voorreg ook," strooi sy ligtelik uit, en Piet Jordaan gewaar 'n ondeunde tinteling in haar oë.

„Wat bedoel jy?"

„'n Maat, natuurlik!"

„O, die more het ek gemis; daar is nog die middag en dan nooit!"

„Maar die middag lê nog wyd voor jou uit," sê Hendrik, terwyl Elna nadink oor die more — Piet se more gemis, en dit deur haar. Dan begin die skriklike verwyt van die staanspoor af... Maar sy het die gesprek opgeroep, sy moet dit uitwis.

Die pad gaan nou deur die mielievakke.

„Hendrik se lande," sê Elna.

„Pragtig. Hoeveel duisend sak, Hendrik?"

„Nee, kêrel, ek tel nooit voor die tyd nie."

„En tog dink ek," sê Elna, „hy het lankal die sommetjie gemaak; somar na die eerste dag se oes."

„Natuurlik," val Piet by.

„Die stadsmense reken anders. Hulle vergeet dat 'n plaas die inkomste verteer."

„Ek ken die rympie. En dan die belastings... Ek ken die boere," sê Piet ongeërg.

„Jy mag boere ken, kêrel, maar 'n boerdery nooit. Dit ken alleen die man wat sy rieme styf geloop het. Die man in die stad bou 'n huis, en daarmee is hy tevrede. Maar die boer dink nie aan 'n huis nie, hy dink net hoe hy die plaas kan verbeter. En as hy dit nie doen nie, gaan hy na die maan..."

„Ek glo jou," sê Piet, „maar tog word die boere beny. Hulle syfer die belasting weg..."

„Dit dink jy. Deesdae is dit anders, kêrel."

So met korswel ry hulle die plaaswerf in, en Piet begryp die welvarendheid van Uitsig.

Nadat Hendrik hom effe uitgelê het van die plaasgrense en moontlikhede, kom hulle in die sitkamer. Elna voel wanhopig as sy dink aan die dag se eise waar sy probeer om die mans niks te laat merk van haar toestand nie, wat alles vererger word deurdat Hendrik onopvallend opsetlik ekskuus maak en haar alleen laat met Piet.

Waar 'n ligte blos oor die bleekheid groei, wil sy amper

mooi lyk met haar ovaal gesig en golwende bruin hare, en Piet gewaar in haar oë die vuur van 'n oorwinnende gees.

„Jy kom net betyds vir 'n partytjie vanaand by Susterhulle op Kranshoogte. Daar sal dorpsvriende ook wees . . ." merk Elna op om haar ongemaklikheid 'n oomblik te bowe te kom. Waarom moet Hendrik haar alleen laat?

„Ek gaan graag saam."

„Daar sal musiek wees. Maar dié kry jy genoeg in die stad."

„Dit is waar. Maar daar is musiek en musiek. Vir my liewer die natuurlike, minder geoefende stem as die aanstellerigheid van die professie."

„Sing jy nog?"

„Af en toe."

„Dan sal jy sing."

„Nie graag nie, maar om jou ontwil tog."

Die gevoeligheid van sy stem was opvallend. Hendrik het hom van Elna se verswakte toestand vertel, van die noodlottige knak by die geboorte van die kind en van 'n gevaarlike hart wat maklik kon halt roep soos die geneesheer dit uitgedruk het. Maar hoe kan hy dit glo as hy haar aansien en bekende aandoeninge van vroeër in hom wakker word?

„En nou dink ek," vervolg hy, „dat ek dit verskuldig is aan jou om jou te sê waarom ek so skielik hier verskyn . . ."

„En dit na soveel jare waarin ons niks van mekaar te wete gekry het nie."

„Ja, so skielik! Ek is nou hier by jou, alleen. En ons is waarlik soos vreemdes. Maar hoe sal ek dit verklaar? Ek is nou hier by jou sonder dat ek iets te sê het, somar 'n gril, somar 'n onweerstaanbare begeerte om te sien, somar 'n verlange om jou te sien . . . Niks meer nie, Elna."

Sy kyk hom aan en wonder . . . Sy leun effe nader op die arm van die gemakstoel en wonder . . . Dan sê sy met gevoeligheid:

„En ek hoop dat jou verlange bevredig is, noudat jy my gesien het . . ."

„Ek is gelukkig dat jy in goeie hande is."

Toe oormeester haar 'n vlaag van weemoed dat sy opstaan, na die venster beweeg en uitkyk oor die landerye. En Piet weet van 'n innerlikheid in haar wat hy nog altyd mis in die kringe waar sy geselskap gevestig is. Hy staan nou skuins agter haar.

„Omdat my man die beste man onder die son is, daarom

meen hulle dat ek nie dankbaar is nie. Maar die lewe is onregverdig . . . my omstandighede . . ." sê sy bewoë.

„Daar is omstandighede wat ons self maak, en dan is daar ook ander wat met ons maak soos hulle wil. Teenoor die laastes is 'n mens magteloos. Elna, jy onthou die Sondagmiddag op die dorpsbrug in die koelte van die populiere . . . ?"

„Wat herinner jy my aan die ou dae?"

„Omstandighede het jou buite my bereik geruk, en ek sien tussen daardie dag en nou net die ashoop van my verwagtinge."

„Piet, die water wat daardie dag onder die brug deur geloop het, daardie selfde water sal nooit weer daar verbygaan nie — net so min baat dit om daaraan te dink. Maar die lewe is onregverdig . . . Die wil om te lewe, is so sterk in my: om 'n mooi dag aan die hart te druk, die lus om te geniet, om te dans, om te beweeg, om soos 'n jong dier te ravot . . . Maar om dan te weet, dit mag nie, te weet dat ek niks meer is as 'n verwelkte blaar, 'n sterwende blaar, wat die herfswind mee speel — die drang in jou en die onmag tegelyk . . . !"

Toe voel sy of haar laaste krag vergaan en sy wil neerslaan. Piet hou haar in sy arms en laat haar skokkende liggaam rus op die stoel.

„Ek is jammer — was net maar duislig — jammer," sê sy by herstel. En tog weet sy dat herinnering haar oorweldig het, dat die duiseling uit die diepte gekom het en meer as liggaamlik was, dat sy skielike benadering van die geval verwyt was, wat sy nou verder moet dra — skuld! Hy wou haar dit kom sê. Sy het die omstandighede gemaak — dit wou hy kwyt wees. Maar haar siel weier om 'n woord meer hieroor te praat. Dit is nie reg van hom dat hy haar toestand nie in ag neem nie . . .

„Elna, elkeen se paadjie is afgemeet. En myne is 'n eensame paadjie . . ."

Hy gesond — sy 'n wrak. En hy is net begaan oor homself . . . Hierdie gesprek moet doodloop. Waarom laat Hendrik haar alleen?

„Jy is jonk en kan jou lewe vorm, jy het vooruitsigte . . ." waag sy tog nog.

„My eensame paadjie," sê hy mistroostig.

Is sy dan in kettings geslaan? Sy wil die druk van 'n swart oomblik afskud . . . Hendrik, dat Hendrik haar alleen laat . . .

Dan hoor hulle sy voetstappe.

„Het julle gesels dan opgeraak? Twee ou bekendes, en so stil."

„Muise word stil as hulle voetstappe hoor," sê Piet lag-lag.

„O! Nou ja, 'n drankie dan!" sê Hendrik.

En by „gesondheid! gesondheid!" wat deur Elna sny maar 'n gesellige gemaklikheid bewerk, sê Hendrik opgewek:

„Piet, jy kom of jy geroep is. En 'n ingenieur moet sy sout verdien. Ek wil 'n dam bou daar bo in die kloof — growwe berekening!"

„Die regering betaal mos subsidie."

„Solank julle twee die dam bespreek, gaan ek gou kyk na die middagete," val Elna in en stap stadig weg die gang in. Maar in die kombuis neem sy 'n mes om wildewingerd te gaan haal waarmee sy die gedekte tafel wil versier. Swakkerig die treetjies van die voorstoep af, reguit na die skuur. Sy sal die tafelkleed met 'n oorvloed van haar geliefde kleure bedek. Kransgewys sal sy die patroon bou met uitlopers van ligter skakeringe, 'n fees van kleure, die donkerpers, die rooi en die geel, die kwynende jaar, die kwynende lewe . . . Haar hart sal uit die kleure spreek: 'n protes teen die lewenslus, teen die gesondheid, teen die mooi dinge; 'n bittere herinnering dat die mooi vergaan maar in die vergaan nog mooi kan wees. Donker sal oorheers, maar lig sal tintel . . . en Hendrik sal verstaan, die taal van haar hart. Met die herfs sal sy hulle oorweldig; al hul planne en vooruitsigte, al hul blyheid, sal sy steek met die angel van die herfs . . .

Sy het 'n seepkissie aangedra om die takkies hoog by te kom. Opgewonde onder die insameling, voel sy kort-kort die duiseling dat sy in donkerte moet leun teen die muur totdat sy weer herstel. Met 'n armvol huis toe, maar halfpad begryp sy reeds dat die pad te swaar word. Dan sink sy neer in duiseling. Nog 'n laaste inspanning die treetjies op. Hoe sal sy krag hê om die uitlê klaar te kry? Maar dit moet; sy sal die daad verrig . . . Maar toe sy die tafel bereik, kan sy nog net die armdrag laat neerval, en toe . . . die swaar, swart nag . . . In haar duister die gang langs sukkelend, tastend om die bed te haal. Veerlig sweef sy op in oneindige dieptes van blou mis, óp, alleen, alleen, totdat alles herfskleure word, donkerder, swart, ene swart — sy sweef in swart, in niks . . .

Elna lê stil op haar bed.

Dit het lank geduur, die gesprek tussen Hendrik en Piet in die sitkamer.

„Waar bly Elna dan?" vra Hendrik.

Hy loop die huis deur en vind haar eindelik op die bed. 'n Angsroep na Piet.

„Dit is die end," bring Hendrik stamelend uit en val op sy knieë by die bed.

Later vind hulle op die eettafel die armvol wildewingerd. En Hendrik het begryp: dit is haar laaste woord — herfsblare.

# Adèle Naudé

## IN BRUGGE

Wit waai die vere op die swanewyk,
het Belfort skud sy silwer vlokkies uit,
musiek en veer
daal op my neer
terwyl ek hande deur ses eeue reik.

## IN AMSTERDAM

Weer staan ek op die wemelende terrein,
verwonderd en vervul met diep ontsag —
hoe klein die nasie maar hoe groot sy krag —
tensy hul miere is op die Leidse plein!

## TWEEDEHANDSE KLEREWINKEL, KAAPSE VLAKTE

Dogtertjie, jy wag daar by die deur, bedees,
terwyl jou moeder vir jou flennieklere koop.
Jou oë's op die madeliefie-rok geknoop
wat op 'n ander kind se veld gepryk het eers.

## PYNAPPELVERKOPER, KAAPSTAD

Onkundige klonkie, jy ry deur die straat
ongeërg terwyl ons die ou wette omskep.
Jou lied stroom nog steeds oor die wal van jou hart
omdat jy met oogklappe reis nes jou perd.

# Die Eindelose Pad

ANDRÉ P. BRINK

Mosele leun teen een van die bome aan die kant van die straat. Hy is moeg en honger, sy voete seer. Hierdie afgelope dag of wat lyk die stad ook sommer anders as vroeër toe hy werk gehad het. Nou dink hy ook meer — en begin terugverlang.

Tot so 'n klompie maande gelede het hy in sy stat in Zoeloeland gebly, vrede met die res van die wêreld gehad. Lekker dae daardie! Om so voor die hut te sit, jou tiervel te brei of 'n asgaai te slyp dat hy blink soos water in die son . . .

Af en toe die opwinding van die jag — as hulle uitgesoekte jongmanne met hul blink, sterk liggame tussen die grasse inglip op 'n luiperdspoor. Wie kon spoorsny soos hy? En wie kon so gou met 'n tier klaarspeel?

Daar was dié keer toe 'n krokodil een van die jong meide beetgekry het. Hy en sy makkers het juis daar verbygekom toe die meidjie met 'n gil haar kalbas weggooi. Die ander het verslae saamgebondel voor hierdie listige vyand. Maar hy, Mosele, het met die oorlogskreet van die krygsmanne nadergestorm en sy asgaai diep in die skubbige dierasie ingedryf. Daar was 'n groot gespook; die ander het ook moed geskep en kom hand bysit. En eindelik het die krokodil witpens bo gedryf. Die meidjie het vrygekom.

Dit het Mosele die onbetwiste leier van die jongmanne gemaak — en die uitverkorene van die meide. Daar was g'n einde aan sy avontuurlus nie. Die ou gryses het wysgerig die koppe geskud; die meide het saans om die vure prysliedere gesing vir hom — die groot Swart Bul. Dit het hom nog waaghalsiger gemaak — en sy hart het groot geword hierbinne soos 'n veldvrug wat uitswel. Ja, dit was mooi dae daardie. Die lug so blou dat dit eintlik seergemaak het; die heuwels glansend soos 'n gebreide leeuvel.

Toe het Dlamini teruggekom hier van Johannesburg af. Saans het hulle 'n kring om hom gesit tot die as wit uit die laaste kole wegsak. Ure lank het Dlamini vertel van al die wonderlike dinge wat hy hier in die witmense se stad gesien het.

Eers het Mosele net so gretig as die ander geluister — maar toe kom daardie skerpioengedagte hierbinne lol. Die ander begin al hoe meer om Dlamini saamdrom; hy wat

Mosele is, was nie meer die enigste leier nie . . . Hy kon die ander man tot 'n kieriegeveg uitdaag — maar dit sou nog nie die indruk wat hy op die stat gemaak het, uitwis nie. Die ding het baie gekriewel in hom. Nee, hy moes ook gaan sien wat in die witmense se stad so danig is.

Hulle wou hom nie laat gaan nie — hy sou mos nooit alleen regkom daar nie. Dit was tog sy plek daar tussen sy eie mense. Veral sy pa het baie mooi gevra — en Ndele, die meidjie wat hy van die krokodil gered het. Sy het gehuil later, vir hom gesoebat om te bly, vertel van al die seuns wat sy vir hom sou gee, die oeste wat sy van hulle lande af sou terugbring . . . Hy het weer oor al die dinge nagedink, maar die gedagte aan Dlamini het die ander doodgemaak.

Sy hart was seer om weg te gaan, want hy was lief vir al die mooi dinge van sy stat. En vir Ndele. Maar een oggend, nog voor die fisante begin roep het, het hy weggegaan. Die paadjie het dof voor sy voete gelê, ver oor die heuwels van sy land . . .

„Wat staan jy hier so eenkant?" vra 'n stem onverwags van die straat af. Mosele kyk effens verward op. Dis 'n bruinman hier van die stad, wat hom aangespreek het.

„Nee, ek staan maar . . ."

„Kom saam met my, broer. Het jy nie werk nie?"

„Ek het eergister notice gekry."

Mosele begin uitvoerig vertel van die ses maande wat hy hier in 'n tuin gewerk het. Hoe hy eers gesukkel het om reg te kom, maar later die ding begin gewoon raak het. Maar toe gaan sy baas-hulle weg na 'n ander dorp en hy moes loop.

„Hulle maak so," vertel die vreemdeling wysgerig. „Ons gaan juis vanaand na 'n meeting toe."

Mosele kyk onbegrypend na sy nuwe metgesel, maar wil niks vra om te wys hoe onnosel hy is nie.

„Wat is jou naam?" wil die vreemdeling weet.

„Mosele. En jy?"

„Ek is John. Ek werk in die myn — lekker jop. Jy moet ook soontoe kom . . ."

Hulle draai by 'n systraat af, kom eindelik in 'n klein parkie waar 'n paar honderd ander naturelle reeds saamgebondel staan.

„Dis die meeting," verduidelik John.

Mosele rek sy nek nuuskierig om uit te vind wat eintlik aan die gang is. Daar voor staan iemand — 'n witman — wat met baie handgebare 'n toespraak hou.

„Skande . . . !" vang hy so hier en daar 'n woord op.

„Niks minder as onderdrukking nie! Die tyd het gekom . . . self moet optree . . . self besluit . . . Mag nie altyd onder bly nie . . ."

Nog sonder om te verstaan, probeer Mosele nader na vore druk. Dis 'n opgewonde skare, wat telkens skree en hande klap sonder dat hy presies 'n rede daarvoor kan vind.

„Die regering weier om julle . . . te erken . . . Die tyd is verby . . . slawerny en verdrukking! Dit word doelbewus gedoen . . . blanke bang is vir julle . . . net een uitweg . . . opstaan . . . !"

Die skare juig. Hoërop in die straat skril 'n polisiefluitjie. Daar gaan 'n gemor tussen die nie-blankes op. 'n Paar begin hek se kant toe staan.

„Kom!" kry John Mosele in die hande. „As ek nie 'n jop gehad het om te verloor nie, sou ek gebly het — dit gaan sports wees. Daardie ou kan praat, hé?"

Heeltemal deur die wind volg Mosele sy opgewonde vriend.

„Kyk, ek moet nou afdraai compound toe," kondig John eindelik aan. „Maar kom nou môre-oggend soontoe" — Hy beduie uitvoerig. — „Ons gaan nog pêls word! Dé!"

Mosele kyk na die stuk sjokolade wat die man in sy hand gedruk het, glimlag. Dít kan hy mos verstaan — hoe onbegryplik John se ander geselsery dan ook was. Terwyl hy stukkie vir stukkie van die sjokolade afbreek en eet, dink hy weer oor die aand se besigheid. Dit was so 'n deurmekaarspul dat hy nou nog nie reg weet wat gebeur het nie.

Die mense was so uitbundig en die witman het so kwaai te kere gegaan — amper soos die ou vrouens in die stat as die bier begin trek!

„Onderdrukking . . . julle moet opstaan . . ."

Hoekom sou hy so gesê het? — hy was tog self 'n witman. En waarom moet hulle bruinmense nou ontevrede wees? Nee, die ding is vir hom troebel water.

Om die een of ander rede verlang hy weer vanaand baie sterk na sy stat terug. Dáár is tog nie soveel goed wat mens nie verstaan nie. Ai, hy sal graag weer saans om die vure gaan bokspring om die meide se harte vinniger te laat klop . . ! Met hierdie gedagte raak hy op 'n verlate plekkie aan die slaap, knipoog eers weer toe die son 'n hand bokant die geboue sit.

Sy eerste gedagte is aan John en die werk wat hy voorgestel het. Hy stryk sy klere reg, drink by 'n kraan water om die holte in sy maag te vul, begin dan koersvat na die plek waarheen sy nuwe kennis hom beduie het.

Dieselfde oggend het hy met die werk ingeval. Dit was veeleisend, maar vir Mosele se gespierde liggaam kinderspeletjies.

Smôrens het hy saam met sy groepie gesak, een stryk deur gewerk tot die fluit laat namiddag blaas.

„Nee, die werk is goed," het hy aan John vertel. „Dis net dat die donkerte mens bietjie benouderig maak . . ."

Daar onder het hy veel skerper as tevore verlang na sy eie mense. Dit kon ook nie anders nie — want in die donker, waar jy nie die lug kan sien nie, moet mens terugdink aan die kere toe jy dit wel gesien het. En waar was dit ooit blouer as bokant die heuwels van sy land?

Dis hierdie verlange wat Mosele so gou laat verander het. Toe hy die dag vir sy eerste sak gegaan het, was hy lewenslustig, gespierd; nege maande daarna was dit veel anders. Dis nie soseer fisies dat hy agteruitgegaan het nie — dit was net of daar 'n lig uit sy oë verdwyn het. Hy het norser geword, veel minder met die ander werkers gemeng. En laat smiddags, wanneer die ander in die stad rondgedrentel of na die meetings gegaan het, het hy tuis gebly. Daar voor die huisie wat hy met John gedeel het, het hy dan weer die pad teruggeloop na die dae wat verby was.

„Hoe is jy so eenkant?" wou John een aand weet nadat hy van 'n meeting teruggekom het. „Jy moet weer 'n slag saamkom. Daardie ou praat met 'n bek, hoor!"

„Ek wil weer teruggaan na my eie land toe," was sy antwoord.

„Is ons dan nie goed genoeg vir jou nie?"

„Julle is goeie pêls," het hy lomp probeer verduidelik. „Maar ek verlang na my eie mense . . ."

Die laaste tyd het hy veral weer aan Ndele gedink. Ai, daar is vir jou 'n meid, hoor! As sy saans so wegstap water toe, met die kruik so fyntjies-fyntjies op haar kop . . . moenie praat nie! Dan wieg sy daardie verleidelike heupe van haar en haar voete trippel so liggies as 'n duiker vroemôrens as jy skielik op hom afkom. En as sy lag . . . ai, dit gaan soos die water doer bo waar dit oor die klein klippies aangeploems kom . . . !

Een van die vernaamste redes waarom hy sou teruggehunker het, was die wrywing met die kampong-opsigter . . . sommer die heel eerste aand was hulle al haaks.

Hulle klomp daar om die kookvuur het 'n redekaweling begin. Hy het teruggedink aan die aande in die stat toe hy die manne laat kopskud het met sy kwinkslae — en begin saampraat.

„Jy moenie vir jou hier kom haan hou nie!" het een van die ander hom vererg. „Dié is nie die bêkveld nie, hoor!"

„Los jy hom uit!" het John vir sy vriend in die bres getree. Die ander naturel het aggressief nadergekom. Toe kom die ou vegtersvuur in Mosele se oë. Daar in die stat het hy mos meermale sy kieries op weerstrewige harspanne laat klap! Sommer so in die vorentoe spring gryp hy 'n stomp uit die hoop brandhout en loop die ander storm.

„Hau!" het die omstanders geroep. Hierdie man het mos sommer lelike planne . . . Toe het die kampong-opsigter in die vuurlig verskyn, Mosele aan sy skouer teruggeruk. Byna het daar groot moleste gekom, want die Zoeloe het nou die rooi vure in sy kop voel brand en die ander moes net lelik keer.

„Jy moet jou staan en parmantig hou!" het die witman onredelik kwaad geskree. „Jy moenie dink jy kan sommer hier kom maak en breek soos jy wil nie!"

As die ander nie daar was om te help nie, het Mosele daardie aand weer 'n kop laat klap.

So het die vete begin. Mosele het in sy spoor getrap verder, gesorg dat hy die blanke nie uittart nie, maar die onweer was daar, soos 'n donderstorm wat in die lug is nog lank voor mens één wolkie kan sien. Maar die slag as die wolke kom, kom hulle sommer vinnig — en dan val die hael!

Gelukkig is die lewe draaglik ook gemaak — deur die skofbaas wat in die myn oor Mosele-hulle toesig gehou het. Sommer die eerste dag het hy gesien die Zoeloe is nog rou in die werk — en hom mooi kom wys hoe en waar hy moet raakvat. Hy het mens nooit onnodig aangedruk of geskel nie — en wat Mosele betref het, was hy die een wat dit nog die moeite werd gemaak het om aan te bly. Ja, daardie man se hart was ook wit.

Snaaks genoeg lyk dit vir hom of sy maats — en veral John — die witman nie kan verdra nie. Hoekom, sou hy nie kan sê nie. Dis nie iets dié wat 'n mens sien gebeur nie — jy voel maar sommer net dat dit so is. En soos tussen Mosele en die kampong-opsigter, was hier ook 'n onweer tussen die skofbaas en die ander werkers.

Soos die maande verbygegaan het, het John al astranter geword — seker oor die meetings, het Mosele gereken.

Die ding het hom nog steeds dronkgeslaan. Hoekom praat die man daar in die park so snaaks? Hy kan maar net sy kop skud.

As dit van hóm afgehang het, was hy al lankal terug in

sy stat. Maar hy kan nie sommer weggaan nie — dit het John hom vertel. Daardie papier waarop hy die eerste dag 'n kruisie moes maak, sê glo hy moet 'n jaar aanbly. Wat presies die gesag van 'n stuk papier was, kon hy nooit uitpluis nie — maar dan, daar was min dinge in die stad wat hy werklik begryp het.

Elke paydag het hy getel hoeveel weke hy nog moet werk. Nes dit verby is, gaan hy terug; Ndele wag vir hom. Al hierdie ander werkers het hulle girls in die stad — dis net hy wat hom maar eenkant hou. Want Ndele se stem hierbinne roep sterk, maak ver verlangens wakker.

„Nog sóveel weke," het hy daardie dag uitgereken en sy tien vingers berekenend beskou. Dis toe dat die haelstorm gekom het — eintlik altwee tegelyk, hoewel dit by John begin het.

Sy maat het die laaste rukkie al astranter geword, 'n paar maal liggies skoor gekry met die skofbaas. Dáárdie dag was hy ekstra nukkerig, omdat hy die vorige aand weer by 'n meeting was.

Met middagtjaila het die skofbaas John gevra om sy baadjie verder in die gang af te gaan haal.

„Dis nie my werk nie!" antwoord die naturel uitdagend. Die ander werkers het omgedraai, afwagting in hul houding.

„Gaan haal daardie baadjie," sê die witman met nou oë. „Ek wil nie lol nie, maar jy moenie my soek nie, gehoor!"

John bly doodstil staan. Die vrees pak Mosele — hier gaan lelike dinge gebeur.

„Jy moenie so maak nie . . ." probeer hy sy maat paai.

„Hou jou bek!" John sal nie vandag na raad luister nie.

Die skofbaas kom tot by die astrante werker gestap. „Gaan jy daardie baadjie haal?"

Toe is die duiwel los. Soos 'n gewonde tier wat onder 'n klomp honde inspring, sak John op die witman toe, slaan hom met die vuis neer.

Mosele aarsel benoud, glip dan vinnig weg na die naaste werkersgroepie.

„Julle moet kom help!" roep hy. „Daar word baklei . . . !"

Toe hulle terugkom, lê John bo-op die witman, slaan en baklei soos 'n mal ding. Hulle moes hom daar wegsleep om te keer dat hy die man nie doodmaak nie.

Daarna was alles 'n harlaboerla. Die polieste het gekom, baie vrae gevra en vir John weggevat. Mosele het maar só gekyk, sy kop geskud. Nee, dis nie reg nie. Wat het die witman dan gedoen dat John só gemaak het? Daar in sy stat het hulle ook baklei — baiemaal, maar dan was daar

'n rede. Die een gaan nie sommer die ander een met die kierie slaan nie.

Só het hy voor sy huisie gesit toe die kampong-opsigter en twee ander daar aankom.

„Staan op!"

Mosele kom verbaas orent. Wat wil die witman dan nou hê?

„Jy is mos daardie John se maat, nè?"

„Ja, baas."

„Dis mos jý wat van die begin af hier kom kwaad stook het."

„Nee, baas . . ."

„Bly stil!" snou die blanke hom toe. „Ek sê jou dis jý wat hom opgesteek het . . . !"

„Baas . . . . !"

„Sommer van die eerste dag af wou jy mos sommer kom neuk hier!"

Toe word die rooi bul in Mosele wakker, begin stof skop. Hy het mos niks met John se sake te doen nie, hy het nog gekeer . . .

„Dis nie my skuld nie, baas . . ."

Die witman kom 'n tree nader, vat Mosele voor die bors. Toe brul die rooi bul hierbinne en die Zoeloe lig sy gespierde arm.

„Jy begin ook, nè!" skree die blanke. „Hou hom vas!" — hierdie bevel aan sy helpers. Hulle gryp Mosele se arms agter sy rug vas. Die kampong-opsigter slaan hom deur die gesig. Weer en weer, tot die bloed by Mosele se mond uitloop.

Sy oë rol in hul kaste. Sò maak manne mos nie! Watter ou meide is hierdie stadsmense dan?

Die pyn brand deur sy liggaam. Sy ore sing en sing.

Toe hoor hy in sy gedagtes die strydkrete van die krygsmanne — en sonder om te dink, lig hy altwee sy bene op, skop die witman voor die bors dat hy agteroorslaan. Soos 'n vasgekeerde dier baklei Mosele nou, ruk eindelik los. Blindelings slaan hy 'n koers in, kom na 'n kwartier hygend en bebloed in 'n agterstraatjie aan.

Daardie nag slaap hy sommer onder 'n struik in 'n parkie, seer, honger en baie moeg. Hy kan nouliks 'n spier verroer sonder dat dit pyn.

Hoekom het dít dan nou gebeur? wonder hy. Wat het hy dan gedoen dat die witman só met hom gemaak het? Hy dink weer aan daardie eerste meeting wat hy saam met John bygewoon het. Hy sal nou maklik die kampong-opsigter

kan doodmaak. Sou dít wees wat die man op die meeting wou hê?

Dan kom 'n nuwe gedagte in hom op... wat het die skofbaas gedoen dat John hom aangeval het... ? Nee, die ding is nou eers onverstaanbaar. Daar is goeie witmense en goeie naturelle; en daar is slegtes onder albei...

Hy moet teruggaan — dis al raad nou. En toe hy dit dink, staan daar 'n nuwe vreugde in hom op. Terug na sy mense... !

Sommer vroemôre vat hy die pad. Dit vorder maar stadig en hy word gou moeg. Sy keel brand en die honger knaag soos 'n rot.

Maar eindelik loop sy voete weer oor die heuwels van sy eie land. En een warm namiddag kom hy by sy stat aan.

„Mosele!" roep 'n kind wat hom gewaar. „Mosele is terug!"

Honde begin blaf en 'n paar ou gryskoppe wat ingedut het, knip-knip die vaak weg. Die meide kom met groot kabaal van die lande af.

Eet, slaap, vertel.

Die jonges hang aan sy lippe terwyl hy om die vuur sy woorde op die wind strooi. Dlamini glip stil-stil weg...

En Ndele... ai, die jongvrou se lag klink bo al die ander s'n uit, haar oë dra die lig van die son.

Hy was twee dae in die stat terug, toe hy bewus begin raak het van die nuwe gevoel wat soos 'n grys môremis hierbinne kom hang het. Teen daardie tyd was die nuwigheid van sy koms al afgeskawe, die gryses het weer hul eie vure opgesoek en die kinders het hul spel hervat.

Die eerste keer dat hy dit agtergekom het, was toe hy die tweede aand met 'n verhaal besig was. Een van die oues het 'n draadjie daaruit opgeneem, dit ingeweef in 'n vertelling van sy eie. Ander het dit verder gevoer... en al die stat se ou staaltjies is weer opgediep. Mosele was vergete. Dít het nie die ergste gepla nie. Wat wel seergemaak het, was die gevoel dat hy nie meer so lekker kon saampraat nie. Hy het nou ander dinge gehad om te vertel, dinge wat verskil van sy mense s'n.

Honderd-en-een dingetjies het dit na vore gedring. Daar was sy klere — dié het hy uitgetrek en weer sy luiperdvelletjie omgehang. Maar hy het bitterlik ontuis daarin gevoel na die stad se drag. Mens het gevoel of jy iets kortkom, asof iets verkeerd was.

Ook die slapery snags op die grond was 'n nuwigheid

na die hardematraskateltjies van die kamponghuisies. Die kos, veral, het hom gepla.

„Waar is die *mashiba*?" het hy gevra nadat hy die eerste middag klaar was met sy porsie pap.

„Daar is nie elke dag mashiba nie," het sy pa effens verwonderd beduie.

Hy het verleë sy kop geskud, verlang na 'n stukkie vleis of ander bykos.

Ag ja, daar was so baie dinge wat hom begin hinder het. Maar dit alles sou hy kon gewoon raak — as Ndele dieselfde was. Maar hy het gou uitgevind dat sy drome oor haar mooier was as syself . . . Haar wiegstap was hinderlik en haar belangstellings te eenvoudig om by sy nuwe gedagtes aan te pas.

Een aand het die jongmanne gaan ystervarke jag in die landerytjies. Vol vuur is hy saam, het net so hard as hulle gespog — en tog het sy stem vir hom hol geklink. En lank voor die ander het hy na sy hut teruggesluip. Hy was doodeenvoudig net nie lus om verder te jag nie — hy wat eers die leier van al sulke toggies was!

Daardie nag het hy by die hut uitgeloop buitentoe, met verre, onbekende verlangens uitgestaar in die wye nag wat so groot en blou oor hierdie heuwels hang. Iewers het 'n hond 'n slag gekou, met 'n sug weer salig weggedoesel.

„Ai, nee," het hy gewonder, diep hierbinne 'n namelose seer gevoel. „Hoekom is alles dan nou so anders?"

Hy wóu nie die stad in sy bloed kry nie, het gedurig bly terugsmag na hierdie lewe. En tog moes hy teen sy sin iets van daardie leefwyse ingeneem het daar — want hoekom pas hy dan nie meer soos vroeër hier nie? Hoekom maak die jag nie meer die ou geesdrif in hom wakker nie? Dis of daardie uitbarsting met die kampong-opsigter die vuur in hom laat uitbrand het sodat net die wit as oorbly.

Hierdie dinge het die weemoed in hom laat groei, 'n verlange gaande gemaak na 'n plek waar hy wel sou pas, waar hy mense soos hy sou vind . . .

Toe, soos daardie ander nag lank gelede, het hy begin loop, af met die heuwel en verder.

Waarheen? Hy sou self nie kon sê nie. Hy het net gevoel dat hy moes gaan, moes loop en loop om hierdie diep leegheid in sy binneste te vul — as dit gevul kon word.

En voor hom het die pad uitgestrek, ver en blou in die stil nag, tot waar dit verdwyn in 'n eindelose grys verte.

# *Vincent van der Westhuizen*

## DIE KRUISIGER
### ('n Gedagte op Goeie Vrydag)

Hoe kon ek in U offer glo,
U wat gekruisig is?
Vir U was daar 'n hemel bo,
vir my net duisternis.

U kon met helderheid U blik
deur alle dinge stuur —
vir my was daar alleen die skrik,
die blinde middaguur.

Dit was 'n korte stond toe U
die bitter woord moes praat —
ek kon nie bid of roep soos U
want EK het HOM verlaat!

U het geweet, toe U die hel
se skeure binnestort,
dat weldra U in heerlikheid
weer opgeneem sou word.

Vir my was daar net duisternis,
vir U 'n hemel bo —
hoe kon ek dan U daad begryp
en aan U offer glo?

Ek het die doringkroon gevleg,
die spykers ingeslaan —
toe U om MY vergewing smeek,
hoe moes ek toe verstaan?

Hoe moes ek weet U angs was nie
om U nie, maar om my,
nie om die spot of doringkroon
of smart wat U moes ly?

Nou ken ek U verlatenheid,
begryp U duisternis —
nou kan ek in U offer glo,
U wat gekruisig is.

# Iets Omtrent die Oorlewerings van die Basoeto

MINNIE POSTMA

Onlangs het 'n geleerde Mosoeto eendag, met die hoed in die hand, by my agterdeur kom aanklop en my vertel dat hy my bydraes in sekere Afrikaanse tydskrifte baie interessant vind, ook dat hy van die Basoetolegendes wat daarin verskyn het, *vertaal het vir 'n Soeto-blaadjie* wat hulle uitgee.

Die voorvalletjie het dit weer opnuut by my tuisgebring dat die werk wat ek op daardie gebied gedoen het, darem hier en daar vrug afwerp. Om 'n bietjie op die werk van my in te gaan, moet ek ongelukkig by myself begin.

Ek is op 'n boereplaas naby Ficksburg gebore waar ek saam met Basoeto's grootgeword het. Volk wie se ouers en grootouers vir my ouers en grootouers gewerk het. Ek het hulle taal saam met my eie leer praat en hulle oorlewerings leer ken saam met die geskiedenis van Adam en Eva, en die storie van Rooikappetjie wat my ouers vir my vertel het. Dit was net vir my oneindig mooier. Meer kleurvol; deurdrenk van 'n atmosfeer wat na meer as veertig jaar nog só sterk deur my aangevoel word dat alle ander storietjies vir my asvaal en laf voorkom.

Kyk, dit moet mos nag wees voor 'n tšomo „gemaak" word anders sal die verteller horings kry. A,A,A, en dit sal 'n verskrikking wees! Ek veronderstel dat die bygeloof ontstaan het as middel tot selfbehoud teen die kleingoed, want ons weet tog almal hoe knaend so 'n kind kan neul om storietjies.

Die lig van 'n misvuurtjie . . . die bytende rookgeur in die neus wat die oë net genoeg laat traan sodat alles om jou heen asof in 'n waas vir jou voorkom . . . donkerte rondom . . . miskien 'n hond wat buite iewers huil . . . 'n nagvoël se gekerm, en 'n reeks fabelagtige gebeurtenisse wat gestalte aanneem in jou verbeelding namate die oorlewering geskied . . . dis vir my 'n Basoetosprokie.

En niemand kan soos daardie aia vertel nie! Haar stem is strelend en welluidend. Sy vertel en sing sag . . . half onder die asem. Jy moet jou volle aandag daarop toespits

om by te bly. Gelukkig maak sy haar, soos in alles wat sy doen, NOOIT haastig nie. Sy gebruik haar tyd. Sy herhaal én sy herhaal ongelooflik baie maar nooit vir die luisteraar tot vervelens toe nie. Waar óns saaklik sal sê, Masilo het vleis en bier genuttig na hy uitgerus het van sy lang reis, sal sy daarvan iets pakkends maak: ,,Masilo loop. Hy loop —hy loop. Hy-loop-hy-loop-hy-loop-hy-loop. Hy kom daar . . . hy gaan sit. Hy rus. Hy rus. Hy rus. En toe hy klaar gerus het, toe eet hy. Hy eet vleis, hy drink bier . . . hy maak klaar. Nou is hy klaar. Hy is klaar.

So sal die verteller die eenvoudigste verhaal met die nietigste inhoud uitrek en uitrek om aan te hou solank die heerlike hitte van die vuur die ou liggaam koester. Sy laat haar ook van geen welvoeglikheidswet aan bande lê nie want, natuurkinders wat die Basoeto was toe die verhale ontstaan het, het hulle van daardie funksies van die liggaam wat selfs in die mees gewaagde moderne werke met heelwat voorbehoud gemeld word, gebruik gemaak om hele lang verhale met baie herhalings van juis daardie gedeeltes, op te bou. En dié vertel die aia net so oor. Sy draai om niks doekies nie. Sy noem die kind by sy naam soos haar oorgroot-grootmoeder dit gedoen het. En as die slaap haar nou oorval, sny sy haar vertelling net daar af met 'n finaliteit wat onwrikbaar is. As sy eers gesê het, dis nou hiér, die verhaal by sy einde (ke tšomo ka mathetho) dan is dit waaragtigwaar sy einde. Al is dit dan net vir daardie aand en al was die vertelling ook net hier kort duskant die klimaks!

Soos ek reeds gesê het, maak die verteller baie gebruik van herhalings. Dis pragtig want dit bevredig haar eie en die luisteraar se gevoel vir die ritmiese. Sy herhaal gedeeltes van woorde as dit haar pas (nanabolele, nanabole . . .) Sy herhaal hele woorde. Sy herhaal sinne. Sy herhaal hele paragrawe; miskien sal sy net op een plek 'n betekenisgewende woord met 'n ander een vervang. Sy beduie met die liggaam as 'n geheel, sy beduie met die hande maar veral met die gesig. En wat natuurlik 'n heel besondere bekoring verleen aan die tšomo, is die liedjies wat so herhaaldelik gesing word om rigting te gee aan die verloop van gebeurtenisse.

Een van die bekendste verhale is dié van Thelane en Limo, die mensvreter. Daar bly die jong dogter agter in die ou geliefde hut toe haar ouers wegtrek. Sy is koppig en vrees nie eers die Limo wat altyd op loer is vir sagte, vet mensvleis, nie. Sy het 'n goeie plan vir haar veiligheid.

Sy sal haarself binne in die hut toemaak en net haar moeder binnelaat wanneer sy vir haar brood bring en die volgende liedjie sing:

Tselane, kind van my,
Tselane, kind van my,
Kom neem, kom neem die brood nou hier en eet,
Tselane, kind van my,
Tselane, kind van my,

Dan sal sy antwoord:

Ja ek hoor, dis my ma,
Ja ek hoor, dis my ma,
Moeder praat net soos die geelborsvoëltjie sing,
Ja ek hoor, dis my ma,
Ja ek hoor, dis my ma.

In die verhaal van die seuntjie Senkatane wat deur sy dapperheid opperhoof word, sing hy weer vir die rooi bul, Ramali, wat sy trop bees dwarsdeur die verhaal lei. Elke stap word deur dieselfde liedjie beheer. Dit kry net kortkort ander woorde om by die nuwe omstandighede aan te pas. So gaan die liedjie:

Ramali, o rooi bul,
Ramali, o rooi bul,
Laat sak die horings, kom terug,
Ramali, o rooi bul.

In 'n ander verhaal, sing die hondjie sy droewige lied vir die kaptein as hy hom kom vertel van die moord op Senanapo, sy enigste kind. Jy hoor die getjank duidelik in die klaende melodie:

Senanapo, Senanapo,
Hy tel op die hout, hy Senanapo.
Senanapo, Senanapo,
Daardie maters, die maters, Senanapo,
Hulle breek hom, breek hom, Senanapo.
Senanapo, Senanapo,
Hulle moor hom, vermoor hom, Senanapo,
Hulle eet hom, eet hom, Senanapo,
Nooit nie eet ek die bene van Senanapo,
Ek sy hond, hy my basie, Senanapo.
Senanapo, Senanapo,
Senanapo, Senanapo.

Tséane, die jong meisie wat mans weier omdat sy 'n perd van die veld lief het, roep haar beminde met hierdie lied terwyl sy bo op 'n rots staan:

Kolintaaaa . . . ne, van Kolinkoroto,
Kolintaaaa . . . ne, van Kolinkoroto,
Tséane bemin nie mans nie,
Sy's lief vir die perd van die veld.
Sy sê, wha,wha,wha,wha,wha,wha!
Sy sê, wha,wha,wha,wha,wha,wha!

* * *

Dit sal goed wees om so een en ander omtrent die legendes self mee te deel: Omdat dit met die mond oorgedra is van die vroegste tye af is daar nie twee persone wat 'n verhaal presies eners sal vertel nie. Een tšomo, kan jy duidelik sien, het met verloop van tyd 'n hele paar verhale geword wat naderhand elkeen 'n eie bestaansreg regverdig het. En dit moet vir die navorser op hierdie gebied louter genot verskaf om na te gaan hoe sekere vertellings opgeklits geraak het om in heeltemal nuwe gedaantes of samestellings te voorskyn te tree na verloop van tyd.

Daar bestaan veel vertellings omtrent die ontstaan van dinge. Teer en roerend word vertel van die eerste vier jong manne wat, heeltemal in die begin, op die eerste vrou afkom. In dieselfde klas val die amusante oorlewering omtrent die ontstaan van Hen se gewoonte om op die ashoop te krap en naarstiglik, saam met die kuikens, daar te loer waar sy die vullis weggesḳop het . . . sy soek haar vriend, Valk, se naald wat sy in die gryse verlede laat wegraak het en waarvoor hy nou nog haar kuikens vang.

Daar is oneindig veel verhale wat handel oor die liefde. Die liefde tussen mens en dier; die liefde tussen ouer en kind; die liefde van broers en susters onder mekaar wat in soveel gevalle tragiese gevolge het omdat dit halfbroer en suster is. 'n Moeilikheid wat sy ontstaan te wyte het aan veelwywery.

Daar is verhale van jaloesie, afguns en haat.

Verhale van die kinderlose vrou en die rol wat toordokters speel om haar te help; verhale van droogtes en hongersnood; van reën en oorvloed.

Die hooffigure is gewoonlik die kaptein, sy vrouens of sy kinders. Die man is meesal Masilo of Bulane. Hy mag wel 'n ander naam hê maar vir die oú geheue is dit makliker om hom te bepaal by die bekende. En watter naam is nou meer bekend as Masilo?

Net so met die name van die vroue van die verhale. Tselane of Thakane bly maar die handigste. Dit kan heelmoontlik Nyopakatala wees of Fenyafenyane, maar wat is nou verkeerd met Tselane of Thakane?

Die ou-vrou speel 'n baie groot rol in byna alle verhale. As sy nie in die pot gekook word deur 'n kwaadwillige persoon of dier nie, en vir haar eie mense in die vorm van „vleis" opgedis word nie, is sy die een wat die hoofpersoon in sy verknorsing, van raad en bystand is. Sy is gewoonlik afsigtelik met draende, seer oë wat deur die mooi meisie skoongelek moet word waardeur dan bewys word of die jonge haar bystand waardig is.

Meesal was sy reeds die slagoffer van mensvreters wat haar net halfpad opgevreet en toe laat lê het, omdat haar vleis eens te taai was. Nou spring sy met net een oorgeblewe oog en arm, op een been rond. Sy waarsku meisies met die sagte vet liggame wat in die mensvreter se mag beland het en help hulle om te ontsnap.

Benewens die mensvreter wat 'n mens is, is daar 'n hele swetterjoel gedrogte wat ook mense vreet. Leheletuma is wit en mooi en onverbiddelik. Nanabolele is 'n dier wat onder die water woon — sy vel blink in die nag. Obe se ore is so groot dat hy binne in een, 'n meisie kan wegbêre en ronddra. Hy het so 'n mooi stem dat niemand kan wakker bly wanneer hy sing nie.

Daar is die gewetenlose Poelmagasan (Moselantja in sommige vertellings) wat 'n afsigtelike stert onder haar klere verberg. Aan die punt daarvan is 'n bek wat nooit versadig word nie. Daar is die romantiese Monyohe, die groot slang van die diep waters, wat eintlik die enigste seun van 'n magtige opperhoof is maar binne in die vel van die reptiel toegemaak is deur 'n toordokter. Daar is die beeldskone Polo van wie die onderlyf gereëld vervel omdat dit dié van 'n likkewaan is.

Hierdie is maar net 'n paar van die karakters wat die verhale heeltemal apart stel van ons eie sprokies. En tog is daar baie punte van ooreenkoms wat ons diep laat nadink.

Hulle het byvoorbeeld 'n Klein Duimpie maar hy is 'n pure klein Mosoeto met die naam van Hlankanyane. Hy durf alles aan om sy onversadigbare vleishonger te stil. Hy sal die hele trop beeste wat hy moes oppas, se sterte buite die kraal aan die bosse vasknoop, homself met 'n skerp klip stukkend sny en die hele kraal se manne agter die bende rowers aanstuur wat hom dan so sou toegetakel het en met die trop bees weggemaak het. En waarom?

Net om die pot vleis by te kom wat sy vader besig was om vir homself te kook!

Die Basoeto het ook hulle verhale soos „the house that Jack built." Hier moet net onthou word dat die verskillende gedeeltetjies afgesing word. Die verloop van die verhaal word duidelik by die weergawe van die laaste liedjie wat deur die vrou gesing word:

Jo, jo, my bamboeskierie is stukkend!
Die mense dáár het dit vir my gegee.
Omdat hulle my skoffelpik gebreek het.
Ander mense het my die pik gegee,
Omdat hulle my bier gedrink het.
Die bier is vir my gegee,
Deur hulle wat my bok doodgemaak het.
Die bok is aan my gegee deur die seuns,
Die seuns wat my kleipot gebreek het.
Die kleipot het my man vir my gegee,
Nadat hy my kop met 'n klip gestamp het,
Omdat die witbroekspreeu ons kind geëet het.
En hulle gesê het die bloed is die bloed van 'n vulletjie.

* * *

Die vlieg het die bloed gedrink,
Die spreeu het die vlieg gevang.
Die boom het die spreeu doodgeval,
Die byl het die boom gekap.
Die water het die byl toegemaak,
Nou skep ek die rivier leeg om die byl weer te kry.

Dan het die Basoeto hulle dierestories. Maar húlle slim kêrel is Mutla, die haas: 'n Gewetenlose klein moordenaar en uitbuiter wat altyd die straf en die wraak kan ontvlug omdat hy vinniger as almal kan weghardloop. En word hy nou eendag werklik in 'n hoekie vasgekeer, verander hy homself blitsvinnig in 'n lelike knopkierie wat die agtervolgers eenvoudig uit hulle pad gooi. Of hy knip gou-gou sy kenmerkende groot ore af want daarsonder is hy altyd TOTAAL onherkenbaar.

En sovele van hul oorlewerings herinner jou aan sprokies uit die verhaleskat van Europa en ander lande: Noorse sagas, Grimm en Andersen se sprokies, die Griekse Legendes . . . in die plek van die paddaprins, kry jy 'n opperhoof se seun met sy kombers en sy knopkierie kompleet wat toege-

maak is in die vel van die waterslang. Die een-oog Limo stem ooreen met die sieklops. Die ou vrou wat verseg om van Masilonyane se rug af te klim, herinner aan die ou dwergmannetjie wat Sinbad so 'n lewe gelei het uit die Arabiese nagstories. Die kapteinsdogter wat in die groot kleipot slaap, laat jou dink aan Morgiana van Ali-baba-faam wat binne in die olievat vir haar versteek het. En so kan die navorser aanhou om nuwe ooreenkomste te ontdek sover as hy gaan.

Europa en die wit bul uit die Griekse mitologie, vind sy teenhanger in die mooi verhaal van die twee Basoetokindertjies wat „opgekom" het nadat die kinderlose moeder 'n mieliepit en 'n kafferkoringpit geplant het. Hulle word deur die land gedra op die rug van die bees, Ndinini. En op maat van sy kloutjies wat op die grond klap, word hierdie eentonige liedjie gesing:

Bees van die berge, Ndinini,
Hy dra die kinders, Ndinini,
Bo op sy rug, Ndinini,
'n Seun en 'n dogter, Ndinini,
Groot kaptein se kinders, Ndinini,
Soek na hulle mense, Ndinini.

* * *

Groot gebiede lê hier braak vir daardie persone wat hulle op sistematiese wetenskaplike navorsing kan en wil toelê. Die deeltjie wat ek kon bydra daartoe, het vir myself baie vreugde verskaf alhoewel ek nog nie veel kon uitrig nie, dit bly nog maar net 'n druppeltjie in 'n baie groot emmer.

En hier het ek óók gekom aan my vertelling, by sy einde.

Ke può ka mathetho.

# Uit die Tydskrifte

**Ons Eie Boek, Jg. xx, Nr. i:** 'n Aantal medewerkers beantwoord vrae oor metodes om die bloei van die Afrikaanse toneelliteratuur te bevorder. Die kritiese bulletin bevat o.a. besprekings van W. A. de Klerk se *Die Uur van Verlange* (C. J. M. Nienaber) en *Drie Swerwers oor die Einders* (Ina Rousseau), Dirk Richards se *Voor die Nag Kom* en D. F. Malherbe se *Die Boerprofeet* (T. T. Cloete). In die afdeling „Beskouinge" gee Antonissen 'n bespreking van *Die Sprinkaanbeampte van Sluis* deur Jochem van Bruggen en vind dit die volmaakste van die skrywer se langer verhale. Ander beskouings is oor I. D. du Plessis se *Ballades,* Mikro se *Anna Beyers, Kerse teen die Wind* van Gerhard Beukes, *Sjangani* (Oswald Pirow), *Slampamperliedjies* (Leipoldt) en *Het Fregatschip Johanna Maria* (Van Schendel).

**Standpunte 31, Jg. 8, Nr. 3:** Hierdie nommer is aan aan poësie, o.a. van Ina Rousseau en P. Blum (Afrikaans), Anthony Delius (Engels) en Hendrik de Vries (Nederlands). In sy artikel oor *Roy Campbell en die Suid-Afrikaanse poësie,* toon Opperman die invloed aan van Campbell op Afrikaanse digters; hy vergelyk Campbell met N. P. van Wyk Louw en besluit „dat Van Wyk Louw beperkter as Roy Campbell is, maar dat hy in sy beperktheid dieper en groter as Campbell is." Die titel van Antonissen se kroniek, *'n Batige Saldo,* slaan veral op S. Ignatius Mocke se *Twee Lande* en Ernst van Heerden se *Reisiger*; veel hoër gestem is sy woorde oor Eitemal se *Jaffie.* J. Greshoff betreur die skraalheid van die moderne Nederlandse literatuur, maar skryf waarderend oor die romans van Pierre H. Dubois en Adriaan van der Veen se novelle *Alibi voor het Onvolkomen Hart.* K. H. Gardner skryf oor die Amerikaanse bydrae tot die hedendaagse boukuns en F. A. van Jaarsveld oor beginselgrondslae in die geskiedenis-wetenskap.

**Helikon, jaargang 3, Nr. 15:** S. Ignatius Mocke publiseer twee artikels oor die probleem van die pornografie, terwyl G. A. Watermeyer onder die opskrif *Kuns is nie Boos nie* reageer op 'n onlangse artikel van Opperman in *Standpunte.* Nuwe gedigte verskyn van Uys Krige (vertalings), A. Fouché, A. J. J. Visser, G. A. Watermeyer (Engels) en Izak van der Westhuizen. Prof. H. M. van der Westhuysen skryf oor die beeldhoukuns van Coert Steynberg en S. C. Hattingh huldig Abel Coetzee as navorser na aanleiding van sy studie oor *Die Afrikaanse Volkskultuur.*

**Critisch Bulletin, Februarie 1954:** Johannes Edfelt skryf oor die moderne Sweedse poësie, terwyl Anthonie Donker 'n bewonderende artikel wy aan Dirk Coster se *De Nederlandse poëzie in honderd Verzen,* wat tans 'n derde druk beleef. G. Kamphuis wys op talle gebreke in *De Nederlandse Letteren in de 19de Eeuw* van Colmjon, wat hom laat besluit dat „de opzet troebel is gebleven, terwijl de schrijver veel te affectief en

zelfs aggressief is, en bovendien te slordig en onbesuisd, om een betrouwbaar gids te zijn op het gebied van onze 19de eeuwse letteren." Na aanleiding van Vroman se *Poems in English,* noem T. W. L. Scheltema die digter 'n „Tweetalig Tovenaar."

**De Nieuwe Taalgids, 2e aflewering, 47e jaargang:** Hierin verskyn voortsettings van artikels deur C. B. van Haeringen oor die uitspraak van Middelnederlands en W. Kramer oor stilistiek. W. A. P. Smit wys op die belang van Watson Kirkconnell se studie *The Celestial Cycle. The Theme of Paradise Lost in World Literature.* In die artikel *De Horens van een Rivier* toon J. B. Drewes aan hoe Vondel as digter in sy beeldspraak deur die klassieke beïnvloed is, maar hoe dié beelde dan by hom 'n eie simboliese betekenis kry.

**Dietsche Warande en Belfort, Februarie 1954:** In *Iets over de Katholieke Roman in Vlaanderen* spreek Lieven Rens die mening uit dat die opbloei van die katolieke roman in die wêreldliteratuur nie goed weerspieël word in Vlaandere nie. Albert Westerlinck bespreek die digterskap van Hubert van Herreweghen, wat hy as baie belangrik beskou. Joos Florquin beskou *Soet Antwerpen, Adieu* van Van Hemeldonck as 'n voorbeeld van die historiese roman op sy beste. Antonissen se kroniek van die Afrikaanse letterkunde is grotendeels 'n herhaling van wat vroeër reeds in *Standpunte* verskyn het.

**De Vlaamse Gids, Maart 1954:** A. K. van Riemsdijk skryf oor die Skotse digter Robert Burns. Daan Boens gee 'n aantal jeugherinneringe oor die neerlandicus prof. dr. René Verdeyen, en Johan Daisne gee verdere aantekeninge oor die „filmatiek."

**Nieuw Vlaams Tijdschrift, 8e jaargang (spesiale nommer):** Hierdie nommer word opgedra aan Herman Teirlinck ter geleentheid van sy 75e verjaardag. Van die medewerkers is o.a. Marcel Coole, Johan Daisne, Bert Decorte, Willem Elsschot, Karel Jonckheere, Gerard Walschap en Garmt Stuiveling.

E. LINDENBERG

# Nuwe Afrikaanse Boeke

P. J. NIENABER

## ROMANS

BEUKES, Jan. Die ander vrou. Johannesburg, Goeie hoop-uitgewers, 1954. 216 bl. 18½ sm. 10/6.

BEYERS, Petro. 'n Vrou vertel. Johannesburg, Drostdy-boekklub, 1954. 285 bl. 19 sm. 15/-.

BOSMAN, Eunice. Wilde bome. Johannesburg, Voortrekkerpers, 1954. 331 bl. 18 sm. 12/6 (13/-).

—. Wit gewels. Johannesburg, Dagbreek-boekkring, s.j. [1954]. 229 bl. 18½ sm. 11/6.

BOTHA, Jeanne. Kom terug, beminde. Pretoria, Keurbiblioteek, 1954. 224 bl. 19 sm.

—. Wanneer die liefde roep. Pretoria, Keurbiblioteek, 1953. 200 bl. 19 sm.

BUSS, P. Die eerste en die laaste. Johannesburg, Goeie hoop-uitgewers, 1954. 215 bl. 18½ sm. 10/6.

BUYS, Bernhardus R. Hy beweeg in die nag. Johannesburg, Goeie hoop-uitgewers, 1954. 223 bl. 19 sm. 10/6.

COETZEE, Koos. Ek het die beker tot die droesem geledig. Johannesburg, Goeie hoop-uitgewers, 1954. 222 bl. 19 sm. 12/6.

EITEMAL. Jaffie. Kaapstad, A. A. Balkema, 1953. 112 bl. illus. 21 sm. 15/-.

FOURIE, Nellis. Die indringer. Pretoria, Keurbiblioteek, 1953. 208 bl. 19 sm.

GROEN, Sanet te. Agter die groen luike. Kaapstad, Nas. boekhandel, s.j. [1954]. 177 bl. 18½ sm. 10/6.

—. Sonder anker. Johannesburg, Afr. pers-boekhandel, 1954. 223 bl. 19 sm. (Moresterbiblioteek, nr. 84). 10/6.

HENNING, Nan. Tel nooit die ure. Johannesburg, Dagbreek - boekkring, 1954. 249 bl. 18½ sm. 11/6.

JOURDAN, Louis. Minder as die liefde. Johannesburg, Van Riebeeck-biblioteekskema, 1954. 223 bl. 19 sm. 10/6.

LINGUA, Susanna M. Lokstem van die vreemde. Pretoria, Keurbiblioteek, 1954. 223 bl. 19 sm.

LUBBE, Dirk. Die profeet. Kaapstad, Tafelberg-uitgewers, 1954. 232 bl. 19 sm. 10/6.

MALHERBE, D. F. Boerprofeet. Bloemfontein, Sacum, s.j. [1953]. 288 bl. 18½ sm. 11/6.

MARAIS, Hugo. Die dooie mamba. Pretoria, Keurbiblioteek, 1953. 220 bl. 19 sm.

MAUPASSANT, Guy de. Verhale van Guy de Maupassant; vertaal deur G. Dekker. Kaapstad, Nas. boekhandel, s.j. [1954]. 145 bl. 18½ sm.

MÖLLER-Malan, D. Die skrik van die nag. Pretoria, Keurbiblioteek, 1954. 224 bl. 19 sm.

MYER, Zelia. Die bergstroom. Pretoria, Keurbiblioteek, 1953. 223 bl. 19 sm.

PAULA. Donker verskansing. Johannesburg, Afr. pers-boekhandel, 1954. 261 bl. 19 sm. (Moresterbiblioteek, nr. 85). 12/6.

RAND, Gerhard du. Dooies moet betaal. Johannesburg, Van Riebeeck-biblioteekskema, 1954. 208 bl. 19 sm. 10/6.

ROUX, Anthonie P. Wingerdblare in die wind. Kaapstad, Tafelberg-uitgewers, 1954. 224 bl. 19 sm. 10/6.

ROUX, Sophie. Vreemde misverstand. Johannesburg, Voortrekkerpers, 1954. 279 bl. 18 sm. 11/6 (12/-).

STEGMAN, Danie. Die roos in my tuin. Pretoria, Keurbiblioteek, 1953. 222 bl. 19 sm. 8/6 (vir lede 6/6).

SWARDT, G. J. de. Die man in die grys pak. Pretoria, Keurbiblioteek, 1954. 207 bl. 19 sm.

TOIT, Nada du. Populiervlei. Kaapstad, N.G. kerk-uitgewers, s.j. [1954]. 151 bl. 18½ sm. 9/9.

TROSKIE, Suna. Voorspel. Stellenbosch, Universiteits-uitgewers, 1953. 138 bl. illus. 21½ sm. 10/6.

WARDER, Marié. Samaritaan van die sahara. Johannesburg, Dagbreek-boekkring, 1954. 236 bl. 19 sm. 11/6.

## POËSIE

HEERDEN, Ernst van. Reisiger. Kaapstad, A. A. Balkema, 1953. 37 bl. 19½ sm. 10/-.

## WOORDEBOEKE

BENADE, J. J. Motorterme/motoring terminology. Kaapstad, Die Shell-maatskappy van S.A., 1953. 85 bl. 13 sm.

SUID-Afrikaanse Akademie. *Vaktaalburo.* Lys ontleedkundige terme: Engels-Afrikaans-Latyn, deel I. Pretoria, S.A. Akademie, s.j. [1954]. 190 bl. 32 sm. 15/-.

—. Deel II, s.j. [1954]. 191-395 bl. 32 sm. 15/-.

TERBLANCHE, *dr.* H. J. Engels-Afrikaanse tegniese woordeboek/English-Afrikaans technical dictionary. Kaapstad, Nas. boekhandel, s.j. [1954]. 639 bl. 21½ sm. 58/6 pv.

## BLOEMLESING POËSIE

LUITINGH, *dra.* M. Vorm en inhoud. Johannesburg, Afr. pers-boekhandel, 1954. 162 bl. 22 sm. 9/-.

## LETTERKUNDE

STEYN, *dr.* J. L. Totius as psalmberymer. Kaapstad, A. A. Balkema, 1953. 232 bl. bibl. 24 sm.

## TAALGESKIEDENIS

CILLIERS, *dr.* D. H. Die stryd van die Afrikaanssprekende in Kaapland om sy eie skool (1652-1939). Kaapstad, 1953. 278 bl. bibl. 23 sm. 17/6.

## SPRAAKKUNS

GEMSER, *dr.* B. Hebreeuse spraakkuns. Pretoria, J. L. van Schaik, 1953. xii, 364 bl. 23 sm. 37/6.

## GODSDIENS

ALHEIT, *ds.* W. A. Geskrewe kursusskema van die Ned. geref. kerk: reeks drie: die handelinge van die apostels. Kaapstad, N.G. kerk-uitgewers, s.j. [1954]. 103 bl. 24 sm. 4/6.

BURGER, *ds.* H. G. L. Moenie bekommerd wees nie. Kaapstad, N.G. kerk-uitgewers, s.j. [1953]. 22 bl. 16 sm. 1/9.

BYBEL. *Verhale.* Isébel en Agab. Johannesburg, Afr. pers-boekhandel, 1953. 29 bl. illus. 21½ sm. (A.P.B.-bybelboekie, nr. 13). 3/6.

BYBEL. *Verhale.* Die intog in Kanaän. Johannesburg, Afr. pers-boekhandel, 1953. 24 bl. illus. 21½ sm. (A.P.B.-bybelboekie, nr. 7). 3/6.

BYBEL. *Verhale.* Van Golgotha tot hemelvaart. Johannesburg, Afr. pers-boekhandel, 1953. 48 bl. 21½ sm. (A.P.B.-bybelboekie, nr. 25). 3/6.

DEURSEN, *dr.* A. van. Palestina die land van die Bybel; Afrikaanse bewerking deur dr. E. P. Groenewald. Pretoria, J. L. van Schaik, 1954. 278 bl. illus. kaarte. 19 sm. 17/6.

DREYER, *ds.* Joh., *samesteller.* 'n Gesant in 'n ketting: uit die lewe van die apostel Paulus. Pretoria, J. L. van Schaik, 1953. 129 bl. 21½ sm. 10/6.

ENGELBRECHT, H. G. Verdrukkinge! — Waarom? 'n Boodskap vir beproefdes. Kaapstad, N.G. kerk-uitgewers, s.j. [1953]. 30 bl. 18 sm. 1/3.

KROEZE, *dr.* J. H. Die hooglied. Potchefstroom, Pro rege-pers, 1953. 110 bl. 20½ sm. 7/6.

MARAIS, *ds.* S. J. L. Die uitverkiesing. [Bloemfontein, SACUM], [1953]. 244 bl. 18½ sm. 10/-.

MULLER, *dr.* Jac. J. „In U lig": vrae beantwoord in die lig van die Heilige Skrif. Bloemfontein, Sacum, s.j. [1954]. 265 bl. 22½ sm. 15/-.

NEDERDUITS herv. of ger. gemeente, *Hartsrivier.* Gedenkboekie by die vyfen-twintigjarige feesviering van die Ned. herv. of ger. gemeente Hartsrivier: 15 Januarie 1954, *deur* ds. N. E. de Kock. Sannieshof, Die kerkraad, 1954. 51 bl. illus. 21½ sm.

POTGIETER, *dr.* F. J. M. Verlossing . . . Red my . . . God van my heil. Bloemfontein, SACUM, s.j. [1953]. 110 bl. 18½ sm. 7/6.

SCHUTTE, B. C. Die natuur: ons bondgenoot en vyand. Potchefstroom, Pro rege-pers, 1953. 77 bl. 20 sm. (Ons gesinsbiblioteek, nr. 4). 5/6 pv.

SCHUTTE, *dr.* J. A. Die huisvrou en die dominee. Potchefstroom, Pro rege-pers, 1953. 96 bl. 21 sm. (Ons gesinsbiblioteek, nr. 2). 7/6.

SPOELSTRA, J. Die kroonprins. Potchefstroom, Pro rege-pers, s.j. [1953]. 80 bl. 19½ sm. 5/6.

STRAUSS, H. J. Christelike wetenskap: roeping en stryd. Bloemfontein, SACUM, 1953. 100 bl. 21½ sm. 5/-.

THERON, W. A. Die garage- en woonhuis-sending in Suid-Afrika. Roodepoort, C.U.M., s.j. [1954]. 114 bl. illus. 18 sm.

TOIT, *ds.* G. D. du. Die brief aan die Hebreërs, deel I. Stellenbosch, C.S.V., 1954. 186 bl. 19 sm. 9/3.

WAGTORING-bybel en traktaatgenootskap. „Dit beteken die ewige lewe." Elandsfontein, Wagtoring bybel- en traktaatgenootskap, 1953. 316 bl. 18½ sm. 3/6.

## KINDERBOEKE

BEUKES, A. O. Kerneels en Abraham maak moles. Kaapstad, Nas. boekhandel, s.j. [1954]. 71 bl. 18½ sm.

BLAKEMORE, Stella. Juffrou Kobie. Pretoria, J. L. van Schaik, 1953. 195 bl. 21 sm. 10/6.

JACOBS, M. E. Die viermanskap regeer. Kaapstad, N.G. kerk-uitgewers, s.j. [1954]. 175 bl. 18½ sm. 9/6.

KOCH, Frederik. Hennie wen die stryd. Pretoria, J. L. van Schaik, 1953. 212 bl. 20 sm. 11/6.

KRUGER, Nellie. Die storie van Piket; illustrasies van Dan Erasmus. Pretoria, J. L. van Schaik, 1953. 64 bl. illus. 23 sm. 6/-.

—. Die verhaal van Hennie-Pennie; illustrasies van Dan Erasmus. Pretoria, J. L. van Schaik, 1954. 68 bl. illus. 23 sm. 6/-.

MALHERBE, Marie. As die vuur eers brand. Pretoria, J. L. van Schaik, 1954. 183 bl. 19½ sm.

—. Langlat en Rolpot; illus. deur Joy Collier. Stellenbosch, Universiteitsuitgewers, s.j. [1953]. 48 bl. illus. 22½ sm.

NAUDÉ, Bettie. Saartjie se held. Johannesburg, Afr. pers-boekhandel, 1954. 135 bl. 19 sm. (Saartjie Baumannreeks, nr. 8). 7/6.

PIENAAR, W. S. Ollie die ondeunde olifantjie. Stellenbosch, Universiteitsuitgewers, s.j. [1953]. 40 bl. illus. 23 sm.

SPENCE, Ela. Soekie en die tweeling. Pretoria, J. L. van Schaik, 1953. 131 bl. illus. 20½ sm. 7/6.

VERNE, Jules. 20.000 myl onder die see. Pretoria, J. L. van Schaik, 1954. 331 bl. 17½ sm. (Libri-reeks).

## BIBLIOTEEKWESE

GROENEWALD, E. C. Boekopvoeding: uitgewerkte leerplan vir gebruik in die biblioteekperiode [Pretoria], Transvaalse Onderwysdepartement biblioteekdiens, 1953. 85 bl. bibl. 25 sm.

## MUSIEK

CARSTENS, Nico, *en* PRETORIUS, Danie. Die bloukopkoggelmandermannetjie. Johannesburg, Trutone Afrika, 1954. 1 bl. 32½ sm. (P.K. 163). *gratis.* afgerol.

CARSTENS, Nico, SEGAL, Charles, *en* WAAL, Anton de. Hambulele. Johannesburg, Trutone Afrika, 1954. 1 bl. 32½ sm. (P.K. 159). *gratis.* afgerol.

CARSTENS, Nico, SEGAL, Charles, *en* WAAL, Anton de. Wie is bang vir 'n mambaslang. Johannesburg, Trutone Afrika, 1954. 1 bl. 32½ sm. (P.K. 164). *gratis.* afgerol.

CARSTENS, Nico, *en* WAAL, Anton de. Hart en siel. Johannesburg, Trutone Afrika, 1954. 1 bl. 32½ sm. (P.K. 160). *gratis*. afgerol.

—. In die stilte van die nag. Johannesburg, Trutone Afrika, 1954. 1 bl. 32½ sm. (P.K. 161). *gratis*. afgerol.

—. Môre kom jou mamma jou haal. Johannesburg, Trutone Afrika, 1953. 1 bl. 32½ sm. (P.K. 155). *gratis*. afgerol.

POHL, Jan, CARSTENS, Nico, *en* LOUBSER, Elize. Blou maanlig. Johannesburg, Trutone Afrika, 1954. 1 bl. 32½ sm. (P.K. 165). *gratis*. afgerol.

POMPIES, Piet. Papa wat maak die meisie. Johannesburg, Trutone Afrika, 1953. 1 bl. 32½ sm. (P.K. 157). *gratis*. afgerol.

PRETORIUS, Danie. Hoe sê die uil. Johannesburg, Trutone Afrika, 1953. 1 bl. 32½ sm. (P.K. 154). *gratis*. afgerol.

—. Hoo as ek sê haa! Johannesburg, Trutone Afrika, 1953. 1 bl. 32½ sm. (P.K. 156). *gratis*. afgerol.

SEGAL, Riva. Muizenberg-polka. Johannesburg, Trutone Afrika, 1953. 1 bl. 32½ sm. (P.K. 158). *gratis*. afgerol.

SPUY, Kobus van der. Ruk jou reg. Johannesburg, Trutone Afrika, 1953. 1 bl. 32½ sm. (P.K. 153). *gratis*. afgerol.

## GESKIEDENIS

BÖESEKEN, *dr.* A. J., *en ander*. Drie eeue, deel v: die verhaal van ons vaderland, saamgestel deur dr. A. J. Böeseken, dr. D. W. Krüger, en dr. A. Kieser. Kaapstad, Nas. boekhandel, 1953. 313 bl. illus. 24 sm.

BOND van oud-geïnterneerdes en politieke gevangenes. Agter tralies en doringdraad. Stellenbosch, Pro Ecclesia-drukkery, *drukkers*, 1953. xvii, 423 bl. 22 sm. 22/6 (24/-).

STEYN, *pres.* Marthinus Theunis. President Steyn aan die woord: openbare geskrifte en toesprake; vertaal, byeengebring en van aantekeninge voorsien deur J. J. Oberholster en M. C. E. van Schoor. Bloemfontein, Sacum, s.j. [1954]. 224 bl. illus. 22 sm. 16/6.

ROBERTSON, *Eeufeeskomitee*. Robertson, 1853-1953: gedenkboek by geleentheid van die honderdjarige bestaan van die dorp en die N.G. gemeente Robertson, *deur* A. H. Tromp. Robertson, Eeufeeskomitee, 1953 (ix), 137 bl. illus. 21 sm. 10/-.

VERMEULEN, H. J. H., *red.* Middelburg, Kaap, Cape: 1852-1952. (Eeufeesgedenkboek: centenary book). Middelburg, [Eeufeeskomitee], 1952 [x], 260 bl. illus. port. krte. 21½ sm. 10/6.

## OPVOEDKUNDE

COETZEE, *dr.* J. Chr. Die opvoedkunde. Potchefstroom, Die westelike stem, *drukkers*, 1954. 21 bl. bibl. 23 sm.

## WYSBEGEERTE

WALT, *dr.* S. P. van der. Die wysbegeerte van dr. Herman Bavinck. Potchefstroom, Pro rege-pers, 1953. 196 bl. bibl. 23½ sm. 12/6 pv.

## BIOGRAFIE

CALVYN, Johannes. Johannes Calvyn, die stryder vir die eer van God, *deur* Herman Scholtemeijer. Potchefstroom, Pro rege-pers, 1953. 102 bl. 21 sm. („Ons gesinsbiblioteek," nr. 3). 7/6.

PREEZ, Corneels du. Corneels Kanniedood, *deur* A. M. de V. Esterhuysen. Johannesburg, Afr. pers-boekhandel, 1953. 231 bl. illus. 22 sm. 12/6.

ROUX, N. J. le. W. A. Hofmeyr, sy werk en sy waarde. Kaapstad, Nas. boekhandel, 1953. 182 bl. illus. 21½ sm.

## VEETEELT

MÖNNIG, *dr.* H. O., *en* VELDMAN, *dr.* F. J. Handboek oor veesiektes. Kaapstad, Nas. boekhandel, 1954. 473 bl. illus. 22 sm. 36/-.

## SPORT

MULLER, Hennie. Vaarwel aan toetsrugby. Johannesburg, Afr. pers-boekhandel, 1954. (vi), 240 bl. illus. 21½ sm. (Die sportman, nr. 2). 15/-.

A. P. B.